

Die funksie van die semantiese woordveld ‘vyand’ in Psalms 9 en 10

deur


Martin J Slabbert

Verhandeling voorgelê ter vervulling
van die vereistes vir die Magistergraad in die
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria
PRETORIA

2001

Studieleier: Prof P J Botha

Departement: Antieke Tale
Afdeling: Semitiese Tale



Inhoudsopgawe

Voorwoord	i
Samevatting	iii
Summary	v

Hoofstuk 1

Psalms 9 en 10 as navorsingsonderwerp

1.1 Inleiding	1
1.2 Navorsingsprobleem wat ondersoek word	2
1.3 Hoekom Psalms 9 en 10?	2
1.4 Stand van navorsing	2
1.5 Navorsingsprosedure en metodologie	4

Hoofstuk 2

'n Omvattende eksegetiese ondersoek van Psalms 9 en 10

2.1 Inleiding	6
2.2 Psalm 9	7
2.2.1 Sinkroniese analise	7
2.2.1.1 Perikoopafbakening	7
2.2.1.1.a Afgrensing van 8:10 teenoor 9:1	7
2.2.1.1.a.i Formele kriteria	7
2.2.1.1.a.ii Inhoudelike kriteria	8
2.2.1.1.b Afgrensing van 9:21 teenoor 10:1	8
2.2.1.1.b.i Formele kriteria	8
2.2.1.1.b.ii Inhoudelike kriteria	8
2.2.1.1.c Resultaat	8
2.2.1.2 Tekskritick	9
2.2.1.2.a Verklaring en beoordeling van die tekskritiese notas	9
2.2.1.2.b Resultaat	12
2.2.1.3 Morfologiese analise	12

2.2.1.3.a Ontleding	14
2.2.1.3.b Resultaat	19
2.2.1.4 Stigometriese analise	20
2.2.1.4.a Aard en doel van ‘n stigometriese analise	20
2.2.1.4.b Indeling van Psalm 9 in versreëls en versbene	21
2.2.1.4.c Resultaat	28
2.2.1.5 Stilistiese analise	28
2.2.1.5.a Kommunikatiewe middele	28
2.2.1.5.a.i Ongrammatikaliteit	29
2.2.1.5.a.ii Ekstra patroonvorming	30
2.2.1.5.b Resultaat	34
2.2.1.6 Stigometriese struktuur	34
2.2.1.6.a Vertaling	37
2.2.1.6.b Resultaat	39
2.2.1.7 Opsomming van die struktuur	40
2.2.1.8 Teologie	41
 2.3 Psalm 10	43
2.3.1 Sinkroniese-analise	43
2.3.1.1 Perikoopafbakening	43
2.3.1.1.a Afgrensing van 9:21 teenoor 10:1	43
2.3.1.1.b Afgrensing van 10:18 teenoor 11:1	43
2.3.1.1.b.i Formele kriteria	43
2.3.1.1.b.ii Inhoudelike kriteria	44
2.3.1.1.c Resultaat	44
2.3.1.2 Tekskritiek	44
2.3.1.2.a Verklaring en beoordeling van die tekskritiese notas	44
2.3.1.2.b Resultaat	46
2.3.1.3 Morfologiese analise	46
2.3.1.3.a Ontleding	46
2.3.1.4 Stigometriese analise	52
2.3.1.4.a Indeling van Psalm 10 in versreëls en versbene	52
2.3.1.4.b Resultaat	57
2.3.1.5 Stilistiese analise	58

2.3.1.5.a Kommunikatiewe middele	58
2.3.1.5.a.i Ongrammatikaliteit	58
2.3.1.5.a.ii Ekstra patroonvorming	59
2.3.1.5.b Resultaat	60
2.3.1.6 Stigometriese struktuur	60
2.3.1.6.a Vertaling	62
2.3.1.6.b Resultaat	63
2.3.1.7 Opsomming van die struktuur	65
2.3.1.8 Teologie	66
2.4 Opsomming en konklusie	67

Hoofstuk 3

Semantiese ondersoek

3.1 Inleiding	70
3.2 Identifikasie van die aktante	71
3.3 Die partye in die woordveld ‘vyand’	72
3.3.1 Komponensiële analise	72
3.3.2 Hiponomie	74
3.3.3 Digotomie	75
3.3.3.1 Komplementariteit	75
3.4 Die relasionele posisie van die ‘vyand’	80

Hoofstuk 4

Sosiologiese inkleding

4.1 Inleiding	82
4.2 Diadiese persoonsbeskouing	84
4.3 Eer en skande binne die verbondsverhouding van Psalms 9 en 10	89
4.4 Sitz-im-Leben	92

Hoofstuk 5

Konklusie	94
-----------	----

Addendum A

Alliterasie en Assonansie

97

Addendum B

Akrostikon en eenheid

100

Lys van figure

Figuur 1: Die funksionering van die vyand in die driehoeksverhouding	69
Figuur 2: Inklusiwiteit en interseksie van die klas: Vyand	74/5
Figuur 3: Opsomming van relasies	80
Figuur 4: Die wisselwerking van individu en gemeenskap om bewussyn te bepaal	86
Figuur 5: Funksionaliteit van waarde-oordеле deur die gemeenskap in die driehoeksverhouding	88

Bibliografie

104

VOORWOORD

Saam met die digter(s) van Psalm 9 en 10 het ek weer geleer om met God en my werklikheid te worstel, en ten einde weer my plek voor God en in die wêreld te vind. In hierdie worsteling het ek weer onder die indruk van my eie menslikheid en begrensheid gekom. Aan die Here al die eer vir elke gawe wat ek elke dag uit sy hand ontvang.

‘n Studie soos hierdie word nie voltooi sonder die ondersteuning en insette van talle mense nie.

Aan my leermesters in die Semitiese Tale kan ek nie genoeg dank betuig vir hulle bydrae tot my vorming nie. Hulle liefde vir die Bybel en die tale was so aansteeklik dat dit my van die eerste oomblik af aangegrep het en altyd sal bybly. Hulle het my gewys hoe heerlik dit kan wees om ‘n teks soos ‘n warm brood uit ‘n bakoond oop te breek en te eet. Elkeen het op ‘n unieke wyse ‘n groot rol in my lewe gespeel. Prof G T M Prinsloo wat my geleer het hoe om sin uit spykers te maak. Prof J H Potgieter wat my belangstelling in Qumran wakker gemaak het. Prof Wallie da Silva wat my gewys het hoe opwindend eksegese kan wees. Ek sal hom veral onthou oor hoe hy my geleer het dat geloof meer as ‘n teorie is, en geleef moet word. Van die 15de Junie 2000 af is hy meer bevoorreg as ons almal om elke dag al die antwoorde op die moeilike eksegetiese vrae te ken en selfs permanent die hemelse taal Hebreeus te praat en te sing. Prof P J Botha wat met sy toewyding, entoesiasme en deeglikheid ‘n onuitwisbare indruk op my gemaak het. Dit was ‘n voorreg om hierdie studie onder sy leiding af te handel. Ek is hom groot dank verskuldig vir die nugtere wyse waarop hy my gelei het en sy bomenslike geduld met my.

Sonder die finansiële bystand van die National Research Foundation sou hierdie studie onmoontlik gewees het. Erkenning word hiermee verleen aan die ruim bydrae wat gemaak is en groot waardering word uitgespreek. Alle menings wat in hierdie studie uitgespreek word is my eie en nie noodwendig dié van die National Research Foundation nie.

Groot dank moet gaan aan my ouers wat my soveel moontlikhede in die lewe gegee het. Hulle was altyd daar as ek hulle nodig gehad het. Hulle belangstelling en ondersteuning is meer as wat enige kind kan vra. Dit is ‘n voorreg om saam met hulle hierdie opwindende tye in my lewe te beleef. Dankie aan my vriend Ernst vir jou raad, jou geduldige oor en jou stimulering. Jou ywer en bemoediging was soveel kere ‘n bron van inspirasie.

Aan my vrou Hanlie is ek soveel verskuldig. Sy was die een wat met my moes saamleef wanneer ek met hierdie studie geworstel het en ek soms maar mocilik was. Sy het saam met my elke tree geloop en my nie een oomblik verkwalik nie. Sonder haar begrip, ondersteuning (en dreigemente) sou hierdie werk nooit afgehandel kon word nie. Dit is met die grootste dankbaarheid dat ek hierdie verhandeling aan haar opdra.

SAMEVATTING

Die funksie van die semantiese woordveld ‘vyand’ in Psalms 9 en 10

deur

Martin Johannes Slabbert

Studieleier: Prof PJ Botha

Departement: Antieke Tale (Afdeling: Semitiese Tale)

Graad: Magistergraad

Hierdie studie poog om deur ‘n omvattende eksegetiese ondersoek van Psalms 9 en 10 op literêre – , semantiese – en sosiologiese vlak tot ‘n verantwoordbare verstaan van die vyand in Psalms 9 en 10 te kom. Die eksegetiese ondersoek maak gebruik van die mees resente navorsing op die gebied van die literatuurwetenskap. Die eksegetiese resultate van die twee psalms word met mekaar vergelyk en word dan as basis gebruik om ‘n semantiese analise te doen van die woordveld ‘vyand’. Die studie toets die hipotese dat daar nie soos in die verlede net gevra moet word na die identiteit van die vyand in die betrokke psalms nie, maar of die vyand nie eerder ‘n funksionele en theologiese rol vervul nie. Insigte vanuit die sosiologie word bygewerk om groter lig te werp op die omstandighede waarin die psalms afspeel. Hier is dus gekies vir ‘n komplementêre benadering waar insigte uit verskillende dissiplines sinergisties kan bydrae tot ‘n beter verstaan van die rol van die vyand.

In die studie het dit duidelik geword dat Psalms 9 en 10 ‘n afgeronde en weldeurdagte struktuur vertoon. Dit het verder duidelik geword dat die woordvelde ‘JHWH’, ‘regverdige’ en ‘vyand’ in beide psalms in ‘n driehoeksverhouding staan. Hierdie navorsing het die hipotese bevestig dat dit nie soseer om die identiteit van die vyand gaan nie, maar eerder om die funksie wat dié vervul in terme van die regverdige se verhouding ten opsigte van JHWH en van sy gemeenskap. In hierdie driehoeksverhouding het dit nie om ‘n ewewigsverhouding gegaan nie, maar was die vyand ‘n middel tot ‘n doel om veral die regverdige se posisie te verstewig. Belangrike gevolgtrekings waartoe gekom is, is dat allerlei strategieë aangewend word om digotomies-ideologiese kategorisering teweeg te bring waardeur ‘n polariteit bewerkstellig is tussen JHWH en die vyand, en die regverdige en die vyand. Daar is gevolglik ‘n skerp dissosiasie met die vyand. Die digter skets homself as getrou aan JHWH

en soek sodoende gemeenskaplikheid met JHWH. Deur hierdie strategie bewerk hy ook ‘n simpatie by sy nabye gemeenskap.

Die sosiologiese ondersoek het hierdie resultate bevestig. Geen teks funksioneer in ‘n vakuum nie. Aan die een kant dra die teks die stem en funksie van die sosiale realiteit waarin dit gebed is, en aan die ander kant is dit ook ‘n teenstem teen die konvensionele en die ideologies-gemanipuleerde realiteit. Psalms 9 en 10 breek dus deur die huidige sosiale ervaring en poog om ‘n nuwe realiteit te skep. Die realiteit is ook ‘n funksie en ‘n gevolg van die teks. Dit is dus nie net die omstandighede wat die teks bepaal nie, maar die teks het ook ten doel om die omstandighede van die regverdige te bepaal. Die twee psalms is ‘n politieke daad om ‘n nuwe sosiale moontlikheid vir die digter te skep.

Die sosiale kernwaardes van ‘eer’ en ‘skande’ speel ‘n baie belangrike rol binne die driehoeksverhouding van Psalms 9 en 10. JHWH se eer is op die spel. Binne die verbondsverhouding waarin die regverdige lojaal aan JHWH is, het JHWH die verantwoordelikheid om die regverdige te verlos van sy krisis en sy sosiale status te versterk. JHWH moet die vyand tot skande maak om sodoende groter eer te verkry en die verbond te bevestig.

Sleutelwoorde:

literêre analise, Psalm 9, Psalm 10, vyand, semantiese woordveld, driehoeksverhouding, diadiese persoonlikheid, eer, skande, verbond

SUMMARY

Functions of the semantic field of ‘enemy’ in Psalms 9 and 10

by

Martin Johannes Slabbert

Study leader: Prof PJ Botha

Department: Ancient Languages (Semitic Languages)

Degree: Masters degree

This study attempts to reach a justifiable understanding of the enemy in Psalms 9 and 10 by way of a comprehensive exegetic exploration on a literary, semantic and sociological level. The exegetic exploration uses the most recent research in the field of literature. The results of this exegesis of the two psalms are compared with each other and then used as a basis for a semantic analysis of the semantic field ‘enemy’. The study tests the hypothesis that one should not simply ask, as was done in the past, about the identity of the enemy in the particular psalms, but whether the enemy does not in fact fulfil a functional and theological role. Sociological insights are included to illuminate the circumstances in which the psalms are set. A complementary approach has therefore been chosen. Insights from various disciplines contributed synergistically to a better understanding of the role of the enemy.

It became clear during the study that Psalms 9 and 10 show a well thought-out, rounded-off structure. Furthermore, it became clear that the semantic fields ‘YHWH’, ‘righteous’ and ‘enemy’ are in a triangular relationship. This research has confirmed the hypothesis that the function of the enemy is rather to be sought in terms of the relationship of the righteous with YHWH and his community and that the identity of the enemy is not so important. This triangular relationship is not a balanced one. The enemy is a means to an end to strengthen the position of the righteous. An important conclusion reached is that a variety of strategies were applied to establish dichotomic-ideological categorizing. From this a polarity is established between YHWH and the enemy on the one hand, and the righteous and the enemy on the other.

There is thus a sharp disassociation from the enemy. The poet shows himself as true to YHWH and looks for common ground with YHWH. By using this strategy, he also manages to evoke sympathy from his close community.

The sociological research confirmed these results. No text functions in a vacuum. On the one hand the text carries the voice and function of the social reality in which it is embedded. On the other hand, it is also a vote against conventional and ideologically manipulated reality. Psalms 9 and 10 therefore break through their current social experience and try to create a new reality.

The social core values of ‘honour’ and ‘shame’ play an important role within the triangular relationship of Psalms 9 and 10. YHWH’s honour is at stake. Inside the covenant relations where the righteous is loyal to YHWH, YHWH has a responsibility to liberate the righteous from his crisis and strengthen his social status. YHWH has to shame the enemy in order to gain greater honour and confirm the covenant relationship.

Key words:

literary analyses, Psalm 9, Psalm 10, enemy, semantic field, triangular relationship, dyadism, honour, shame, covenant

HOOFSTUK 1

PSALMS 9 EN 10 AS NAVORSINGSONDERWERP

1.1 Inleiding

Van die 150 psalms in die Hebreeuse Bybel is daar meer as 90 psalms wat verwys na die vrome of regverdige en sy worsteling met die vyand, sy teëstander. 'n Persoon wat tot 'n beter verstaan van die psalms wil kom, kan daarom nie anders as om te vra na die rol van die vrome en die vyand nie. Daar word algemeen aanvaar dat Dawid nie al die psalms geskryf het nie, nóg dat al die psalms in dieselfde konteks neerslag gevind het. Hierdie insigte het navorsers genoeg om indringend te vra na die identiteit en omstandighede van die vroom digter en die vyand: wie is die 'ek' en die 'vyand' in die psalms (sien byvoorbeeld Kittel 1922: 82-83)? In verskeie resente opsommings van studies oor die psalms is hierdie terrein aangetoon as een van twee belangrike dog kontroversiële besprekingspunte¹. In die verlede is daar egter hoofsaaklik gevra na die identiteit en omstandighede van die vrome en die vyand, sonder om werklik te vra na die funksie van die vyand. Die debat het reeds die laaste paar dekades min nuwe insigte gebring en pogings om die partye te identifiseer het soms gegrens aan spekulasié. Tans is daar in Suid-Afrika die neiging by esoteriese groepe om baie na die Bybel, en veral die psalms, te gryp en dan op tipologiese wyse hulleself te legitimeer en die 'vyand' in sy moderne gestalte uit te wys. Die tema raak dus ook al hoe meer relevant in ons huidige konteks. In hierdie studie sal daar gepoog word om meer wesenlike vrae te vra oor die rol van die vyand. Psalms 9 en 10 sal die fokus wees.

Die studie sal noodwendig moet aandag gee aan die volgende sake:

1. Tref ons 'n geskakeerdheid onder die woordveld 'vyand' aan, of funksioneer die woordveld 'vyand' as 'n kollektiewe eenheid?
2. Watter funksie vervul die vyand in die twee psalms?
3. Wat is die verhouding van die twee psalms onderling?

Die teks van die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* sal as uitgangspunt dien. Die formaat waarin die teks aangebied word, dra by tot die problematiek. Anders as die Septuagint word hier twee psalms onderskei wat verder deur die teksversorger as 'n gebroke akrostikon aangebied word. Die groot verskeidenheid van teksuitgawes en redaksionele uitgangspunte met betrekking tot Hebreeuse manuskripte maak dit noodsaaklik om vir 'n bepaalde teks te kies, in dié geval die mees aanvaarde teks onder navorsers, en die teks krities te hanter.

¹ Hayes, J H 1979. *An Introduction to Old Testament Study*, p.293. Nashville: Abingdon.
Eaton, J H 1979. The Psalms and Israelite Worship, in Anderson, G W (ed), *Tradition and Interpretation*, 255 - 260. Oxford: Clarendon. Die ander punt is die debat oor die verhouding van die psalms en die jaarlikse feeste.

1.2 Navorsingsprobleem wat ondersoek word

Die interpretasieproblematiek rondom die rol van die vyand kom aan die orde. Die studie beoog om die literêre funksie van die semantiese woordveld ‘vyand’ in Psalms 9 en 10 te ondersoek. In die verlede is daar telkens by die bestudering van die woordveld ‘vyand’ in die psalms, vanweë die klem op die *Sitz-im-Leben* vanuit die *Gattungskritik*, gevra na die identiteit van die vyand in die psalms. Verder was die wetenskaplike ondersoek na die woordveld ‘vyand’ in die meeste studies net beperk tot ‘n etimologiese ondersoek en is al die woorde in die woordveld as feitlik sinoniem hanteer, sonder om die nuanses onderling te probeer bepaal. Hier teenoor stel die moderne taalkunde dat ‘n woord slegs binne ‘n bepaalde konteks betekenis kry. Die betekenis word genuanseer deur die konstruksies waarin elk van die woorde voorkom. Daarom poog hierdie studie om, eerstens, eerder die **funksie** van die woordveld ‘vyand’ binne ‘n bepaalde konteks te ondersoek, en tweedens, die genuanseerdheid van al die terme in die woordveld te bepaal. Ten einde die konteks te definieer, sal ‘n volledige eksegetiese studie van dié twee psalms onderneem word.

1.3 Hoekom Psalms 9 en 10?

Psalms 9 en 10 word as studieobjek gekies omdat ‘n groot aantal van die woorde uit die woordveld ‘vyand’ in die twee psalms voorkom, by name die ‘vyand’ (אֹבֵד), ‘goddelose’ (עִוָּרֶן), ‘haters’ (אָנָשִׁים), ‘nasies’ (גָּזְבָּן), ‘winsjagter’ (כַּפְרֵן), ‘kwaaddoener’ (עָמֵד) en ‘stede’ (עִירִים). Met die oog op ‘n verantwoordbare literêr-eksegetiese analise is die omvang van die twee psalms hanteerbaar. Nuwere eksegetiese modelle is nog nie op die betrokke psalms toegepas nie. Oor die jare heen het ‘n magdom publikasies oor die psalms verskyn. Die stand van navorsing (sien 1.4) dui daarop dat die meeste van hierdie studies histories-krities van aard was. Hierdie studie sal poog om deur middel van ‘n literêr-semantiese benadering, met inkorporering van insigte uit die sosiale wetenskappe, ‘n bydrae te lewer in die debat. Die studie kan moontlik ook lig werp op die relasie tussen dié twee psalms, omdat albei vermoedelik onvolledige akrostiese psalms is wat moontlik tot een geheel behoort het. Aangesien die verhoudingsproblematiek nog nooit in vorige navorsing vanuit ‘n literêre sowel as ‘n semantiese perspektief benader is nie, vertrou ek dat hierdie studie ‘n sinvolle bydrae sal lewer en die debat weer sal stimuleer.

1.4 Stand van navorsing

Daar is nie ‘n tekort aan navorsing wat op Psalms 9 en 10 gedoen is nie. Die vyand is op verskeie maniere al in die psalms geïnterpreteer. Duhm (1922: 15-23) en in ‘n mate Kittel (1922: xxii-xxxii) het die vyand beskou as politiese en godsdiestige teenstanders van die regverdiges in die Makkabese tydperk. Puukko (1950: 47-65) het later hierby aangesluit. Balla (1912: 16, 19, 125) het

van die standpunt uitgaan dat die ‘*ck*’ in die psalms ’n individu is, en daarom word die vyand gesien as persoonlike teenstanders van die gelowige, vermoedelik die ongelowiges wat daarom ook vyand van God is (cf. ook Sanders 1976: 101). Mowinckel (1923: 4, 81) het geskryf dat die vyande hoofsaaklik towenaars was wat die gelowige wou teister en deur hulle toorkuns skade wou aandoen. Saam met Gunkel het hy geskrewe dat die vyand meestal gesien is as die een wat persoonlike siekte veroorsaak het. Hier teenoor het Birkeland (1955: 9-11, 93-94) aangevoer dat die vyand eerder eksterne nasionale vyand (ook genoem *gentile evildoers*) was waarteen Israel oorlog moes voer. Jenni (1976: 119) skaar hom ook hierby wanneer hy beweer: “In den meisten Fällen sind politisch-militärische Feinde des Volkes Israel gemeint ...” (sien veral Christensen 1992: 1037-1048 vir ’n omvattende bespreking van die nasies wat Israel bedreig het). Widengren (1936: 233) plaas wecr ’n groot klem op die invloed van die Akkadiëse literatuurwêrelde op Ou-Testamentiese tekste. Hy het egter ’n meer verantwoordelike standpunt gehuldig deur te wys op die verskillende kontekste wat bepalend is vir die identiteit van die vyand. Elke konteks sou dus bepaal of die vyand ’n persoonlike of ’n universale vyand was. Die persoonlike vyand het hy primêr gesien as towenaars wat die regverdige met toorkuns skade wou aandoen. Op spoor van studies in semantiese velde, veral deur Sawyer, het Rosenbaum (1974: 54-55, 77-78) ’n saak daarvoor uitgemaak dat die terme ‘vyand’ en ‘goddelose’ nie so sinoniem is soos in die verlede aanvaar is nie. Hy sien die ‘goddelose’ (**עִוָּרֶן**) meestal as Israeliete wat ontrou geraak het aan die gemeenskaplike waardes (*community rules*), en die ‘vyand’ (**כֹּנְשָׁקָה**) as vyand wat ’n bedreiging is van buite Israel.

Gunkel en Bechrich (1985: 196-211, 226-227, 270) het met sy studie oor die kultiese vorm en funksie van gebed, asook die psigologies-estetiese aard van gebed, ’n kentering gebring in die beskouing van vyand in die psalms. In die onduidelike stilistiese en historische voorstellings van die vyand het Gunkel ’n bewys vir sy teorie gevind dat die psalms geskryf is om deur verskillende personele en verskillende omstandighede herhaaldelik gebruik te word. Hierdie benadering het daartoe geleid dat hy minder van die eksterne gebeure waarin die teks gebed was, gemaak het, en meer waardes aan die psigologiese uitwerking (*den seelischen Eindrücken*) van die tekste gegee het. Gunkel (1985: 200-206) het wel sover gegaan om drie kategorieë van die vyand in die psalms te identifiseer: 1) hulke wat verband gehou het met siekte en ongeluk, 2) vyandige nasies, veral in die tyd van die ballingskap, en 3) antagonistiese heidene onder wie die Jode moes leef in die periode na die ballingskap.

Nadat verskeie kommentare, ensiklopedieë, theologiese woordeboeke asook verskeie artikels wat tot en met 2000 verskyn het, nagegaan is, is die volgende gevind:

- 1) ’n Verskeidenheid kategorieë benaderings is op die psalms toegepas wat gevvolglik tot verskillende resultate geleid het.

- 2) Dic tcks word op verskeie plekke deur baie kommentare gewysig. Dic toestand van die tcks word as deel van die problematiek beskou.
- 3) Al die kommentare, blykbaar nie (cf. Ridderbos 1962; Exell 1954 en Henry 1973), hanter die psalms as onvolledige akrostiese psalms.
- 4) 24 kommentare beskou die twee psalms as 'n eenheid (cf. onder ander Briggs 1969; Mays 1985; Mays 1994; Weiser 1979 en W R Taylor 1989).
- 5) Dic hantering van die psalms as 'n eenheid hang tog nouens saam met die beskouing dat die psalms vroeg 'n akrostiese eenheid was.
- 6) 'n Verscheidenheid van *Sitz-im-Leben* word gekonstrueer.
- 7) In die meeste gevalle (23) word daar slegs gevra na die identiteit van die vyand in die psalms aan die hand van die gekonstrueerde *Sitz-im-Leben*. Verleenheidshypotheses word dan aangebied om probleme, wat vervolgens opduik, te oorkom.
- 8) Geen van die kommentare, behalwe Croft (1987) in 'n mate, doen 'n semantiese onderzoek nie.
- 9) Die terme in die woordveld 'vyand' word meestal as sinonieme beskou sonder 'n verdere vraag na funksionaliteit.

Die tergende vraag bly steeds wie die vyand is, hoekom die vyand naamloos bly, en watter rol die vyand in die psalms speel, of soos Decker (1967: 5) dit stel: "When the ones praying and their enemies ... are private persons, why do they turn to God for protection instead of the civil courts and how do they think of this protection?". Daar bestaan 'n groot leemte in huidige navorsing deurdat slegs die identiteit van die vyand aan die bod kom. Hierdie studie poog om eerder te vra na die funksionering van die vyand, wat veral lig kan werp op die verhouding van die digter tot JHWH.

Daar is dus 'n behoefte en ruimte om na 'n deeglike eksegetiese en semantiese onderzoek, waarby resultate uit die sosiale wetenskappe bygewerk word, weer te vra na die funksionering van die vyand in die twee psalms. Die resultate hiervan kan verdere lig werp op die verhouding van die psalms onderling en ook op die moontlike akrostiese aard van die psalms.

1.5 Navorsingsprosedure en metodologie

In die verlede is tekste benader vanuit die *Literargeschichte*, *Gattungskritik*, *Redaktionskritik*, *Traditionskritik*, *Strukturalisme* en ander invalshoede. In hierdie studie word die waarde van bovenoemde navorsing erken en in berekening gebring, tog word die mening gehuldig dat dit meer voordeelig is om 'n komplementêre benadering te volg waarin nie net die bogenaamde diakroniese maar ook die sinkroniese aspekte aan die orde sal kom. Die teks voorhande sal daarom die vertrekpunt wees.

Daar word van die voorveronderstelling uitgegaan dat die studieobjek ‘n poëtiese teks is. Daarom sal daar eers ‘n poëtiese analise, waarin daar ook aan die semantiek aandag gegee word, van die teks gemaak moet word. Hier word hoofsaaklik gehou by die werkswyse soos voorgestel deur Watson (1986:11-65), Van der Lugt (1980: 210-224) en Deist (1973: 75-81). Die beginsels met betrekking tot die aard van Hebreeuse poësie soos beskryf deur Alter (1985) en Van der Meer, W & De Moor, J C (1988: 1-61) word ook in die analise verreken.

Die studie van Psalms 9 en 10 word soos volg aangepak:

- In **Hoofstuk 2** word ‘n **Sinkroniese ondersoek** gedoen waar die literêr-eksegetiese model toegepas word op albei psalms. Die volgende aspekte word hanteer: afgrensing, tekskritiek, morfologiese analise, segmentering, struktuur, stilistiese analise, kommunikatiewe middele, ‘n detailanalise en teologie.
- In **Hoofstuk 3** word aandag geskenk aan die **Semantiese ondersoek**. Hier word die woordveld ‘vyand’ verdiskontereer.
- In **Hoofstuk 4** word ‘n **Sosiologiese inkleding** gemaak waar insigte uit die sosiale wetenskappe toegepas word.
- In **Hoofstuk 5** word die studie afgesluit met enkele konkluderende opmerkings.

Die plek van die semantiek word hier beskou as ‘n onderdeel van die eksegetiese proses, maar word ter wille van omvang afsonderlik behandel. Alhoewel betekenis by al die eksegetiese stappe ‘n integrale rol speel (cf. Fohrer et al 1979: 76), kom die semantiese ondersoek eers teen die einde van die sinkroniese ondersoek aan die orde nadat al die stilistiese relasies blootgelê is. Hierdie analise sal dan as basis dien vir die bestudering van die funksionering van die woordveld ‘vyand’. Daar word dus van die hipotese uitgegaan dat die woord ‘vyand’ en aanverwante woorde in die twee psalms ‘n semantiese woordveld konstitueer, dat dit onderlinge nuanses vertoon en dat hierdie woordveld ‘n belangrike teologiese funksie in die psalms verrig.

Aangesien hierdie studie dus eerder hipotesetoetsend sal wees, sal daar grootliks op ‘n deduktiewe wyse te werk gegaan word. Nadat die voorafstudie voltooi is, sal van die algemene ondersoek oorgegaan word na die besondere waarna resultate uit die sosiale wetenskappe bygewerk word. Na afloop daarvan sal ‘n konklusie volg.

HOOFSTUK 2

'N OMVATTENDE EKSEGETIESE ONDERSOEK VAN PSALMS 9 EN 10

2.1 Inleiding

Deur die geskiedenis was daar 'n groot verskeidenheid van eksegetiese benaderings tot die Psalms gewees (cf. Van der Lugt 1980: 1-170). Hierdie studie bied nie die ruimte om op al die benaderings in te gaan nie, verder is dit ook nie die doel van die studie nie. Daar sal egter in gedagte gehou moet word dat die verskillende eksegetiese benaderings 'n groot invloed uitgeoefen het op die verstaan van die tekste. Die uiteenlopende navorsingsresultate wat in die verlede verkry is - dikwels gegrond op eensydige benaderings - noodsak 'n herbesinning oor die eksegetiese benadering tot hierdie unieke situasie. Ek is daarvan oortuig dat 'n omvattende en komplementerende benadering 'n meer bevredigende oplossing kan bied.

In hierdie studie word doelbewus gekies vir 'n literêre benadering tot die teks. Met literêr word bedoel 'n benadering wat die teks sien as literatuur wat daarom aan die reëls en eise van die literatuurwetenskap onderworpe is. Gevolglik word aanvaar dat die teks in 'n bepaalde taal, met 'n bepaalde styl, in 'n bepaalde korpus geskryf is. Só 'n benadering "vestig die oog op die matriks van relasies wat bestaan tussen foneme, morfeme, lekseme en sinne, en sodoende die eksegese ondergeskik stel aan die reëls van die literatuurwetenskap" (Botha 1986:13).

Daar is reeds aan die begin gemeld dat die resultate uit die *Literargeschichte*, *Gattungskritik*, *Redaktionskritik*, *Traditionskritik*, *Strukturalisme* en ander benaderings bruikbaar kan wees en in ag geneem moet word. In hierdie studie is die vertrekpunt egter die teks voorhande, daarom sal daar voorkeur aan 'n sinkroniese benadering gegee word, waarna die resultate van die diakroniese ondersoek verwerk sal word. Die groot hoeveelheid tekskritiek sal ook aan die orde moet kom omdat dit bepalend gaan wees vir die daarstel van 'n verstaanbare en hanteerbare teks.

Soos reeds gestel, is die verhouding van die twee psalms onderling deel van die problematiek. In hierdie studie word die twee psalms vir eers afsonderlik hanteer waarna gevra word na die verhouding asook die voorkoms van die akrostikon. Dit word gedoen vanweë die feit dat die psalms in die MT afsonderlik voorkom en in die tweede plek, omdat dit tot geforseerde spekulasie sal lei as

'n vooropgestelde patroon of volgorde in die teks gesoek gaan word. Daarom dan ook die keuse vir 'n deduktiewe benadering.

2.2 Psalm 9

2.2.1 Sinkroniese analyse

2.2.1.1 Perikoopafbakening

Soos uit die voorafgaande hoofstuk blyk, is die perikoopafbakening deel van die probleemstelling. Tussen sommige Hebreeuse manuskripte en vertalings, byvoorbeeld die Septuagint, is daar ook geen eenstemmigheid oor die verband tussen die twee psalms nie.

Die doel van die perikoopafbakening is om, aan die hand van formele en inhoudelike kriteria, 'n afgeronde groep verbandhoudende sinne, oftewel 'n selfstandige literêre eenheid, te identifiseer, sodat die teks sinvol ontleed kan word.

2.2.1.1.a Afgrensing van 8:10 teenoor 9:1

2.2.1.1.a.i Formele kriteria

- 'n Slotformule kom in Psalm 8:10 voor.
- Psalm 8 vertoon 'n afgeronde struktuur wat veral deur die inclusio (vers 2 en 10) bewerk word.
- Psalm 9 begin met die opskrif: **לְמִנְגָּדָע עַל־מִזְבֵּחַ לְבָנָן מִזְמֹרָר**. Alhoewel dit moontlik 'n latere redaksionele toevoeging kan wees, is dit steeds 'n goeie riglyn wat nie geïgnoreer kan word nie.
- Psalm 8 het geen werkwoordvorm in die laaste vers nie en Psalm 9 begin met 'n groepering van parallelismes wat almal werkwoordvorme in die imperfektum is (waarvan die meeste ook die voluntatiewe suffiks vertoon).
- In Psalm 8:10 is die subjek JHWH, soos aangedui deur die aanspreekvorm en die pronominale suffiks 2 manlik enkelvoud. In Psalm 9 is die eerste persoon enkelvoud die subjek.

2.2.1.1.a.ii Inhoudelike kriteria

- Psalm 8 is oorwegend 'n lofpsalm waar JHWH as Skepper besing word. In Psalm 9 tref ons 'n afgerondheid in die tema aan. Alhoewel die psalmdigter met 'n lofrede begin, is die psalm in sy geheel eerder 'n belydenis dat JHWH regverdigoordeel en die hulpeloze red.

2.2.1.1.b Afgrensing van 9:21 teenoor 10:1

2.2.1.1.b.i Formele kriteria

Psalms 9 en 10 maak deel uit van die sogenaamde Dawidsbundel, wat strek van Psalms 3 tot 41. Indien Psalm 10 as 'n afsonderlike eenheid beskou word, sal dit naas Psalm 33 die enigste psalm in die Dawidsbundel wees wat sonder die geykte opskrif יְהֹוָה begin. Deel van die problematiek is dat daar geen ander opskrif by Psalm 10 voorkom nie. Hierdie saak sal egter later weer aan die orde kom. Die argument ter wille van 'n akrostikon wat die twee psalms tot 'n eenheid bind, word voorlopig nie aanvaar nie ter wille van die moontlikheid dat dit dalk nie so was nie. Sien die bespreking later by Hoofstuk 6.

2.2.1.1.b.ii Inhoudelike kriteria

Op die oog af is daar 'n duidelike wending van Psalm 9 na Psalm 10. Psalm 9 het duidelike trekke van 'n dankseggingspsalm getoon. Dieselfde elemente kom egter nie by Psalm 10 voor nie. Psalm 10 begin onmiddellik met die vraag waarom JHWH so ver staan. Dit adem nie die vaste sekerheid van JHWH se ingrype en verlossing waarvan Psalm 9 getuig nie. Psalm 10 bestaan grotendeels uit woorde wat in die mond van die teëparty gelê word, iets wat glad nie voorkom in Psalm 9 nie. Voorlopig word by hierdie opmerkings volstaan totdat die eksegese van Psalm 10 afgehandel is. Die verhoudingsproblematiek sal breedvoeriger in Hoofstuk 6 hanteer word. Ter wille van eerlikheid en objektiwiteit kan daar nie anders as om die twee psalms vereers as afsonderlike eenhede te hanteer nie.

2.2.1.1.c Resultaat

Die psalms word voorlopig tot verdere insigte verkry as twee afsonderlike psalms hanteer.

2.2.1.2 Tekskritiek

Die doel van die tekskritiese ondersoek is om die teks in sy finale vorm, soos gevind in die BHS, te bestudeer en te evaluer. Sodoende word gepoog om die mees outentieke en hanteerbare teks daar te stel.

2.2.1.2.a Verklaring en beoordeling van die tekskritiese notas

In die tekskritiese apparaat van Psalm 9 word daar soos volg by die onderstaande teksverse opgemerk:

Vers 1a: Die Targoem (volgens Sperber 1959-1962) en meer as 20 manuskripte lees עַל־מִזְבֵּחַ, δέ Εβραῖος van Origenes bevat die lesing ὅλμωθ βεν, die Septuagint volgens die uitgawe van Göttingen 1931 e.v. bevat die lesing ὑπέρ τῶν κρυφίων, die Griekse vertaling volgens Aquila het νιστιότητος, die vertalings van Theodotion en Quinta bevat die vertaling ὑπέρ ἀκμῆς. Die lesing עַל־מִזְבֵּחַ word aanvaar ter wille van duidelikheid. MT lees dus dus soos volg: “Vir die musiekkleier, op (die wysie van) ‘Die dood van die seun’”. Hierdie verandering raak egter slegs die opschrift van die Psalm en is nie bepalend vir ‘n beter verstaan van die teks nie.

Vers 5a: Die Siriese vertaling, waarmee die Kodeks Ambrosianus en die Siriese vertaling van die Londense poliglot van Walton ooreenstem, asook die Targoem (volgens Sperber 1959-1962) lees צָדִיק (Hebreeuse ekwivalent). Die lesing van MT is duidelik en verstaanbaar. Geen tekstuele verandering word aangebring nie. ‘n Paar kodeksmanuskripte het die toevoeging הַלְלוּ. Daar word slegs kennis van geneem, aangesien הַלְלוּ se betekenis en funksie onduidelik is.

Vers 6a: Die Septuagint volgens die uitgawe van Göttingen 1931 e.v. bevat die lesing καὶ ἀπώλετο, gelykstaande aan וְאֶבֶן (vergelyk vers 7e). Die MT maak volledig sin en daarby vorm die versbeen ‘n sinonieme parallelisme - geen verandering word daarom aangebring nie.

Vers 7a: Bardtke, die versorger van die tekskritiese apparatuur, gaan van die veronderstelling uit dat die Psalm ‘n akrostiese Psalm is. Vers 7 toon egter nie die verwagte *dalet* nie, daarom bestaan daar onsekerheid by die teksversorger. Daar word slegs kennis geneem van hierdie opmerking.

Vers 7b: Die Siriese vertaling, waarmee die Kodeks Ambrosianus en die Siriese vertaling van die Londense poliglot van Walton ooreenstem, lees *b'ldbbj*. Die MT lesing word aanvaar - daar is geen onduidelikheid nie.

Vers 7c: Die Septuagint volgens die uitgawe van Göttingen 1931 e.v., ondersteun deur die Siriese vertaling, waarmee die Kodeks Ambrosianus en die Siriese vertaling van die Londense poliglot van Walton ooreenstem, lees ρόμφαῖαι (= תְּרַבּוֹת i.p.v. תְּרַבּוֹת) "Die swarde van die vyande het finaal gefaal". Inhoudelik is daar nie 'n wesenlike verskil nie, daar word volstaan by die MT lesing.

Vers 7d: Verskeie Kodeksmanuskripte (tussen 11 en 20) bevat die lesing נִטְשָׁה in plaas van die MT lesing נִטְשָׁן. Hierdie variasie is bevredigend verklaarbaar as 'n hoorfout.

Vers 7e: Die Siriese vertaling, waarmee die Kodeks Ambrosianus en die Siriese vertaling van die Londense poliglot van Walton ooreenstem, asook die Targoem (volgens Sperber 1959-1962) lees *w'wbdt* (= וְבָדֵת vergelyk 6a). Die MT lesing ("hulle nagedagtenis het vergaan") is wel die moeiliker lesing, maar daar is nie genoeg gronde om 'n verandering aan te bring nie.

Vers 7f: 'n Voorstel word gemaak dat הַמְּנֻה na vers 8 geskuif moet word en as הַמְּנֻה gevokaliseer moet word. Daar bestaan geen gronde vir so 'n verandering nie. Die teksversorger gaan van die standpunt uit dat Psalm 9 'n Akrostikon moet wees. In die Siriese vertaling ontbreek hierdie woord.

Vers 8a: Daar word aan die hand gedoen dat die *waw* voor יְהֹוָה geskrap moet word. Hierdie verandering word voorgestel om die argumentasie van nota 7f te akommodeer, en is daarom nie van belang nie.

Vers 8b: Daar word aan die hand gedoen dat בְּשָׁנָה eerder as בְּשָׁנָה gelees moet word. Daar is egter geen meriete waarom die Qal imperfektum met die Qal perfektum vervang moet word nie.

Vers 9a: Die woord יְהֹוָה ontbreek in die Siriese vertaling - neem slegs kennis.

Vers 9b: Twee Kodeksmanuskripte en die Siriese vertaling, waarmee die Kodeks Ambrosianus en die Siriese vertaling van die Londense poliglot van Walton ooreenstem, het 'n *waw* by die woord לְאַמִּים? gevoeg. Die MT is egter duidelik en geen verandering word aangebring nie.

Vers 10a: Die tekskritikus doen aan die hand dat וַיְהִי (En laat JHWH vir die onderdrukte 'n skuilplek wees,) dalk as וַיְהִי (En JHWH was vir die onderdrukte 'n skuilplek) gelees moet word. Hierdie wysiging word aanvaar aangesien die *waw konsekutief* beter in die konteks pas as die *waw kopulatief* in die wensformule (cf. GK104f).

Vers 10b: 'n Paar Kodeksmanuskripte lees hier מִשְׁבֵּת (status constructus - 'skuilplek van ...') in plaas van מִשְׁבֵּת. Geen verandering word aangebring nie vanweë die daaropvolgende partikel הַ wat die indirekte objek aandui. Die teks is volledig verstaanbaar.

Vers 10c: Die tekskritikus maak 'n voorstel dat בְּאַרְתָּה eerder as בְּאַרְתָּה gelees moet word. Die voorsetsel בְּ is wel ongewoon binne die konteks, maar die teks is verstaanbaar, daarom word geen wysiging aangebring nie.

Vers 12a: Hiëronimus het 'n lesing in die meervoud in plaas van die enkelvoud בְּשָׁוֶת. Neem slegs kennis.

Vers 13a: Verskeie Kodeksmanuskripte (tussen 11 en 20) voeg 'n *waw* aan die partikel נִלְכֵד. Daar is egter geen wesenlike betekenisverskil nie, daarom word die bestaande teks gehandhaaf.

Vers 13b: Die Targoem (volgens Sperber), meer as 20 manuskripte en die Qere nota lees עֲנָנִים. Die MT lesing word aanvaar aangesien die woorde עֲנָנִים en עֲנָנִים as uitruilbare woorde gebruik word. Die gebruik van die *waw* in plaas van die *jod* kan bevredigend as 'n skryffout verklaar word wat later in die kopieringsproses albei geykte vorme geword het.

Vers 14a: Die Targoem (volgens Sperber), en meer as 20 Kodeksmanuskripte bevat die lesing עֲנָנִי in plaas van עֲנָנָנוּ. Die MT lesing maak volledig sin en word gehandhaaf.

Vers 14b: Die vertalings van Aquila en Hiëronimus bevat die lesing εἰδε (ἴα in Hebreeus). Die imperatief in die teks pas baie goed saam met die voorafgaande imperatief, en dra by tot die gevoelswaarde van die sin. Die teks word gehandhaaf.

Vers 14c: Die woord מִשְׁנָא pas uitstekend in die konteks, en geen wysiging word aangebring nie.

Vers 17b: Die teksversorger stel voor dat die woord נֹקֶשׁ as נֹקֶשׁ gevokaliseer moet word. Dit impliseer dat die woord as 'n Nif'al perfektum 3 m s van שָׁבַע, gelees moet word. Die betekenis verander dan van "Hy tref" na "(hulle) word vasgevang". Albei sou aanvaarbaar wees. Daar word egter gekies vir die Nif'al, aangesien vers 15 en 17 dieselfde gedagte weerspieël, naamlik dat die goddelose deur sy eie toedoen ondergaan. Die argument word versterk deur die gebruik van twee Nif'al werkwoorde in die nabye konteks: נֹלֵפֶת (vers 16) en נֹלֵד (vers 17).

Vers 19a: Twee Kodeksmanuskripte, en die Siriese vertaling, waarmee die Kodeks Ambrosianus en die Siriese vertaling van die Londense poliglot van Walton ooreenstem, voeg 'n *waw* aan die woord נִקְרָה. Die sinne vorm 'n sinonieme parallelisme en is duidelik. Die ontbreking van die *waw* in poësie is nie ongewoon nie.

Vers 19b: Die Kodeks Leningradensis B19, die Targoem (volgens Sperber), meer as 20 manuskripte en die Qere nota lees עֲנָנִים. Die MT lesing word aanvaar aangesien die woorde עֲנָנִים en עֲנָנִים as uitruilbare woorde gebruik word. Die gebruik van die *waw* in plaas van die *jod* kan bevredigend as 'n skryffout verklaar word. In die kopieerproses het albei later geykte vorme geword.

Vers 19b: Hebreeuse Kodeksmanuskripte, volgens Kennicott, De Rossi en Ginsburg, asook die Septuagint, die Siriese vertaling en die Targoem voeg ‘n negatiewe partikel in. Dit verander egter nie die betekenis van die sin nie, want dit is nie ongewoon in poësie dat die negatiewe partikel van die vorige versbeen ook vir die daaropvolgende versbeen in ‘n sinonieme parallelisme kan geld nie.

Vers 21a: Verskeie Kodeksmanuskripte, die vertalings van Aquila, Theodotion, Hiëronimus en die Targoem lees מָוֶרֶא = vrees. Die Septuagint, ondersteun deur die Siriese vertaling, lees νομοθέτην (= מָוֶרֶה). Die lesing מָוֶרֶה kan maklik verklaar word as ‘n skryffout van מָוֶרֶא. Die lesing מָוֶרֶא word dus aanvaar.

2.2.1.2.b Resultaat

Nadat al die tekskritiese notas ten opsigte van Psalm 9 deeglik beoordeel is, kan die volgende konklusies gemaak word:

- ‘n Groot hoeveelheid voorstelle tot tekswysiging word aan die hand gedoen.
- Daar word slegs tekswysigings in verse 1, 7d, 10a, 17 b, 19b en 21a aangebring.
- Afgesien van enkele grammatikale en vokaliese wysigings blyk die teks in ‘n goeie toestand te wees.
- Die vernaamste verskil tussen die Masoretiese Teks en ander relevante teksetties kom voor by die Septuagint wat Psalms 9 en 10 as ‘n enkele psalm beskou.
- Geen verdere inligting word verskaf ter bevordering van die akrostiese rangskikking van die psalm nie.

2.2.1.3 Morfologiese analise

Die doel van ‘n morfologiese analise, waartydens elke woord van die teks volledig ontleed word, is om tekskompetensie te verbeter, tekskritiese notas te verdiskontereer, asook om lekseemherhalings en grammatikale strukture in die teks te identifiseer en te noteer.

Sleutel: Woordsoort:	n	-	naamwoord
	pn	-	voornaamwoord
	adj	-	adjektief
	nd	-	nomen dei

nl	-	nomen loci
v	-	werkwoord
prop	-	eienaam
subst	-	substantief
pers pn	-	persoonlike v.nw.
dem pn	-	demonstratiewe v.nw.

Persoon: 1 2 3

Geslag:	m	-	manlik
	f	-	vroulik
	c	-	gemeenskaplik

Getal:	s	-	enkelvoud
	p	-	meervoud
	du	-	dualis

Status:	abs	-	absolutus
	cst	-	constructus

Stamformasie: qal pi'el hif'il nif'al hof'al pu'al hitpa'el polel

Tyd:	pf	-	perfektum
	if	-	imperfektum

Modus:	inf	-	infinitief
	imv	-	imperatief
	ptc	-	partisipium

Vorm:	act	-	aktief
	pass	-	passief

Relasie woorde:

def art	-	bepaalde lidwoord
prep	-	preposisie
sf	-	suffiks
vol	-	voluntatief
conj	-	konjunktief
interr	-	vraagpartikel
neg	-	negatiewe partikel
adv	-	bywoord

interj	-	tussenwerpsel
rel	-	relatiewe partikel
loc	-	lokatiewe partikel
pausa	-	in pauza
dir obj	-	objekmerker

2.2.1.3.a Ontleding

Vers	Woord	Ontleding	Stam
1	לְמַנְאָה	prep def art v pi ptc act abs m s	נִצָּח
	עַלְמֹות	prep n pn cst f p	עַלְמֹות
	לְבָן	prep def art n pn abs m s	בָּן
	מִזְמָר	n pn m abs s	מִזְמָר
	לְרוֹד	prep n prop	רוֹד
2	אֶרְדָּה	v hi if 1 c s	רָדָה
	יְהֻנָּה	n nd	יְהֻנָּה
	כָּל	prep n pn cst m s	כָּל
	לְבֵי	n pn cst m s sf 1 s	לְבֵי
	אַסְפָּךְה	v pi if 1 s vol	סָפָר
	כָּל-	n pn cst m s	כָּל
	נְפָלָאָתִיכְךָ	v ni ptc act cst f p sf 2 m s	פָּלָא
3	אֲשָׁמָנָה	v qa if 1 c s vol	שָׁמָח
	וְאַעֲלָזָה	v qa if 1 c s vol	עַלְזָה
	כְּךָ	prep sf 2 m s	כָּךְ
	אֲנוֹמָרָה	v pi if 1 c s vol	נוֹמָר
	שְׁמָךְ	n pn cst m s sf 2 m s	שָׁמָךְ
	עַלְיוֹן	n pn abs m s	עַלְיוֹן
4	בְּשִׁיבָה	prep v qa inf cst	שִׁיבָה
	אוֹרֵבִי	n pn cst m p sf 1 c s	אוֹרֵבִי

	אַחֲר	subst	אַחֲר
	יְכַשֵּׁל	v ni if 3 m p	כָּשַׁל
	וַיִּאֲבֹד	v qa if 3 m p	אָבֹד
	מִפְנִיקָה	prep n pn cst m p sf 2 m p	פְּנִיה
5	כִּי־עֲשִׂיתָ	conj v qa pf 2 m s	עֲשָׂה
	מִשְׁפָטִי	n pn cst m s sf 1 c s	מִשְׁפָט
	וְדַיִנִי	n pn cst m s sf 1 c s	דִין
	יְשַׁבָּתָה	v qa pf 2 m s	יְשַׁבָּת
	לְכָסָא	prep n pn abs m s	כָּסָא
	שׁוֹפֶט	v qa ptc act abs m s	שׁוֹפֵט
	צָדָק	n pn abs m s	צָדָק
6	גָּעָרָה	v qa pf 2 ms	גָּעָר
	גּוֹיִם	n pn abs m p	גּוֹי
	אֲבָדָה	v pi pf 2 m s	אָבֹד
	רְשֻׁעָה	n adj abs m s	רְשֻׁעָה
	שְׁמָם	n pn cst m s sf 3 m p	שְׁמָם
	מְחִילָה	v qa pf 2 m s	מְחִילָה
	לְעוֹלָם	prep n pn abs m s	עוֹלָם
	נָעַד	n pn abs m s	עָד
7	הַאוֹרֵב	def art n pn abs m s	אוֹרֵב
	פְּמָה	v qa pf 3 c p	פְּמָם
	תְּרַבּוֹת	n pn abs f p	תְּרַבּוֹת
	לְנִצְחָה	prep n pm abs m s	נִצְחָה
	וְעָרִים	n pn abs f p	עָרִים
	נִמְשָׁךְ	v qa pf 2 m s	נִמְשָׁךְ
	אָבֹד	v qa pf 3 m s	אָבֹד
	זְכָרָם	n pn cst m s sf 3 m p	זְכָרָם
	הַמִּתְהָה	n pers pn 3 m p	הַמִּתְהָה

8	וַיָּהִי	n nd	וַיָּהִי
	לְעוֹלָם	prep n pn abs m s	עַלְמָם
	יָשַׁב	v qa if 3 m s	יָשַׁב
	פָּגָן	v polel pf 3 m s	פָּגָן
	לְמַשְׁפֵּט	prep def art n pn abs m s	מַשְׁפֵּט
	כָּסָאוֹ	n pn cst m s sf 3 m s	כָּסָאוֹ
9	וְהִוא	n pers pn 3 m s	וְהִיא
	יָשַׁפֵּט	v qa if 3 m s	יָשַׁפֵּט
	תִּכְבַּל	n pn abs f s	תִּכְבַּל
	בְּאֶזְרָק	prep n pn abs m s	בְּאֶזְרָק
	בְּדַיוֹן	v qa if 3 m s	בְּדַיוֹן
	לְאַמְפִּים	prep n pn abs m p	אַמְפִּים
	בְּמִישָׁרִים	prep n pn abs m p	מִשָּׁרִים
10	וַיַּהַיּ	v qa if 3 m s	וַיַּהַיּ
	וַיָּהִי	n nd	וַיָּהִי
	מַשְׁבֵּט	n pn abs m s	מַשְׁבֵּט
	לְךָ	prep def art n adj abs m s	לְךָ
	מַשְׁבֵּט	n pn abs m s	מַשְׁבֵּט
	לְעֲתָה	prep n pn cst f p	עֲתָה
	בְּאֶרֶחָ	n pn abs f s	בְּאֶרֶחָ
11	וַיְבִטְחָ	v qa if 3 m p	בְּטִיחָה
	בְּנָ	prep sf 2 m s	בְּ
	יָדַעַי	v qa ptc cst act m p	יָדַעַי
	שָׁמַעַ	n pn cst m s	שָׁמַעַ
	כִּי	conj	כִּי
	לֹא־עָזַבְתִּ	neg v qa pf 2 m s	עָזַבְתִּ
	דַּרְשֵׁנָ	v qa ptc cst act m p sf 2 m s	דַּרְשֵׁנָ

		יְהוָה	n nd	יְהוָה
12		גַּמְרוֹ	v pi imv 2 m p	גַּמָּר
		לִיהְנָה	prep n nd	יְהָנָה
		יָשֵׁב	v qa ptc act abs m s	יָשֵׁב
		צִיּוֹן	n pr n	צִיּוֹן
		קָנִידָה	v hi imv 2 m p	קָנִידָה
		בְּעֶמֶם	prep def art n pn abs m p	עֶמֶם
		עַלְילָוָתִיו	n pn cst f p sf 3 m s	עַלְילָה
13		כִּידָרֶשׁ	conj v qa ptc act abs m s	כִּידָרֶשׁ
		דָּמִים	n pn abs m p	דָּם
		אָוָתָם	dir obj sf 3 m p	אָתָם
		זָכָר	v qa pf 3 m s paua	זָכָר
		לֹא־שָׁכַח	neg v qa pf 3 m s	לֹא־שָׁכַח
		צָעַקָּה	n pn cst f s	צָעַקָּה
		עֲנִיִּים	n adj abs m p paua	עֲנִיִּים
14		תְּנַנְּנִי	v qa imv 2 m s sf 1 c s	תְּנַנָּה
		יְהוָה	n nd	יְהָנָה
		רָאָה	v qa imv 2 m s	רָאָה
		עֲנִיִּי	n adj abs m s sf 1 c s	עֲנִיִּי
		מְשֻׁנְאָי	prep v qa ptc act cst m p sf 1 c s	שׁוֹנָא
		מְרוּמָאִי	v polel ptc act cst m s sf 1 c s	רוֹמָאִי
		מְשֻׁעָרִי	prep n pn cst m p	שְׁעָרִי
		מְוֹת	n pn abs m s	מוֹתָה
15		לִמְעָן	conj	לִמְעָן
		אַסְפָּרָה	v pi if 1 c s vol	סְפָּרָה
		כָּלְקָהָלָתִיךְ	n pn cst m s n pn f p sf 2 m s	תָּהָלָתִיךְ
		בְּשֻׁעָרִי	prep n pn cst m p	שְׁעָרִי

	בַּתְּ-צִיּוֹן	n pn cst f s n pr n	בַּתְּ-צִיּוֹן
	אֲגִילָה	v qa if 1 c s vol	גִילָה
	בִּישׁוּעָתָךְ	prep n pn cst f s sf 2 m s pausa	בִּשׁוּעָתָךְ
16	טָבֵעַ	v qa pf 3 c p	טָבֵעַ
	גּוֹם	n pn abs m p	גּוֹם
	בְּשֻׁתָה	prep n pn abs f s	שֻׁתָה
	עֲשֹׂג	v qa pf 3 c p	עֲשֹׂה
	בְּרִישָׁה	prep n abs f s	רִישָׁה
	זֶה	rel	זֶה
	טָמֵנוּ	v qa pf 3 c p pausa	טָמֵנוּ
	נְלִכְדָה	v ni pf 3 f s	לִכְדָה
	רְגָלִים	n pn cst f s sf 3 m p	רְגָלִים
17	נָדָע	v ni pf 3 m s	יָדָע
	יְהִנָה	n nd	יְהִנָה
	מְשֻׁפֵט	n pn abs m s	מְשֻׁפֵט
	עֲשָׂה	v qa pf 3 m s	עֲשָׂה
	בְּפִעָל	prep n pn cst m s	פִעָל
	כְּפִיר	n pn cst f p sf 3 c p	כְּפִיר
	נָקְשָׁה	v ni pf 3 m s	יְקָשָׁה
	רְשָׁעָה	n adj abs m s	רְשָׁעָה
	הָגַיּוֹן סָלה	interj	
18	יְשֻׁבוֹן	v qa if 3 m p	שֻׁבָה
	רְשָׁעִים	n adj abs m p	רְשָׁעִים
	לְשֹׁאֹלָה	prep n pn abs f s loc	שֹׁאֹלָה
	כְּלָגּוֹם	n pn cst m s n pn abs m p	כְּלָגּוֹם
	שְׁכַחֵי	n adj cst m p	שְׁכַחֵי
	אֱלֹהִים	n nd	אֱלֹהִים

19	כִּי לֹא לְנַצֵּחַ	conj neg prep n pn abs m s	נַצֵּחַ
	יַשְׁכַּח	v ni if 3 m s	שָׁכַח
	אֲבִיוֹן	n adj abs m s	אֲבִיוֹן
	תְּקֻוָּת	n pn cst f s	תְּקֻוָּת
	עֲנִיִּים	n adj abs m p	עֲנִיִּים
	הַאֲבָדָה	v qa if 3 f s	אֲבָדָה
	לְעָדָה	prep n pn abs m s	עָדָה
20	קוֹמָה	v qa imv 2 m s vol	קוֹם
	יְהֹוָה	n nd	יְהֹוָה
	אֶל-יְהֹוָה	neg v qa if 3 m s	עַזּוֹז
	אָנוֹשׁ	n pn abs m s	אָנוֹשׁ
	יְשֻׁפְטָה	v ni if 3 m p	שְׁפָטָה
	גּוֹיִם	n pn abs m p	גּוֹיִם
	עַל-פְּנֵיכֶךָ	prep n pn cst m p sf 2 m s	פְּנֵה
21	שִׁיחָה	v qa imv 2 m s vol	שִׁיחָה
	יְהֹוָה	n nd	יְהֹוָה
	מוֹרָה	n pn abs m s	מוֹרָה
	לְהֶם	prep sf 3 m p	לְ
	יְדַעַת	v qa if 3 m p	יְדַעַת
	גּוֹיִם	n pn abs m p	גּוֹיִם
	אָנוֹשׁ	n pn abs m s	אָנוֹשׁ
	הַמִּתְהָ	n pers pn 3 m p	הַמִּתְהָ
	סְלָה	interj	

2.2.1.3.b Resultaat

Die resultate wat uit hierdie stap spruit sal in die volgende ter saaklike stappe gebruik en aangedui word.

2.2.1.4 Stigometriese analise

2.2.1.4.a Aard en doel van 'n stigometriese analise

'n Stigometriese analise van 'n Hebreeuse poëtiese teks bestaan uit die volgende stappe:

- Eerstens, die identifisering, nommering en koppeling van al die kleinste selfstandige poëtiese eenhede wat daar in 'n spesifieke teks voorkom. Dit is die eenhede wat bekend staan as versreëls, of stiges, wat elk uit een, twee of drie versbene, ook genoem hemistiges, kan bestaan.
- Tweedens, die bepaling van die metrum van elk van die geïdentifiseerde versreëls .
- Derdens, die bepaling van die verbande wat daar tussen die onderskeie versreëls en strofes bestaan.
- En laastens, die maak van 'n grafiese voorstelling van die strukturele verbande wat tussen die onderskeie poëtiese eenhede bestaan.

Die doel van die stigometriese analise is om die boustene van die poëtiese teks bloot te lê op 'n gekontroleerde wyse, sodat die onderlinge kommunikatiewe verhoudinge asook die fokuspunt van die poëtiese teks bepaal kan word. In hierdie stap kom beide die oppervlakstruktuur en die dieptestruktuur aan die orde.

Deur die stigometriese analise word die struktuur en daarmee saam die boodskap van 'n teks transparant. Die struktuur van 'n teks staan dus nie teenoor die betekenis daarvan nie. Nog minder word 'n struktuur op die teks afgedwing, soos dit soms die geval by die Strukturalisme is (cf. Fohrer 1979: 64).

Die tiperende aard en grondslag van Hebreeuse poësie is in die verlede al deeglik beredeneer. Van der Lugt (1980: 2-120) gee 'n breedvoerige oorsig van die verskillende benaderingswyses tot hierdie problematiek. Saam met Van der Lugt (1980: stellings I-VII) word van die standpunt uitgegaan dat Hebreeuse poësie opgebou is uit versreëls , wat verder in strofes en stansas gegroepeer word (kyk ook in dié verband Watson, 1986: 11-15). Van der Lugt merk tereg op "dat de grondvorm van deze versregel gezocht moet worden in het distichon" (1980:176). Dit is dus noodsaaklik dat die verse van 'n psalm, soos dit in die MT voorkom, in hanteerbare en logiese gedagte-eenhede opgebreek word om sodoende by die opbou en betekenis van 'n gedig uit te kom.

Van der Lugt (1980: 212-224, 508-524) stel dit verder dat 'n gedig se strofes deur inhoudelike en formele kriteria bepaal word. Die inhoudelike kriteria veronderstel logiese afgeronde eenhede in die gedig gebaseer op theologiese temas. Die diverse resultate van kommentare wat slegs met inhoudelike kriteria en temas werk, getuig van die probleme wat so 'n benadering skep. 'n Verantwoordbare beskouing moet egter ook die formele aspekte verreken. Hy stel op spoor van Köster (1837) dat daar *Stichwörter* (sleutelwoorde) soos uitroepe, geykte formules en partikels in gedigte is wat 'n aanduiding gee van die struktuur en opbou van 'n gedig.

Vanweë die uiteenlopende benaderings tot poëtiese analyse en die verskillende terme wat dikwels gebruik word, is dit noodsaaklik dat die terme kortlik gedefinieer word. Vir die doel van hierdie studie word die definisies van Watson (1986: 11-15) met enkele wysigings as uitgangspunt gebruik. Watson (1986: 12) stel dit dat versreëls (hy verkies die term stige) uit versbene bestaan, wat die kleinste boustene van die versreël is. Verskeie versreëls kan verder saamgegroepeer word om 'n onderafdeling binne 'n gedig te vorm by name 'n strofe. Een of meer strofes kan op hulle beurt weer 'n groot eenheid binne 'n gedig uitmaak wat dan 'n stanza vorm. 'n Gedig kan dan uit een of meer stansas opgebou word om 'n selfstandige eenheid van poësie te vorm.

2.2.1.4.b Indeling van Psalm 9 in versreëls en versbene

Vers 1 kan soos volg ingedeel word:

- * 'n Opskrif **לְמִנְצָח עַל־מִזְבֵּחַ לְבָנֶן מִזְמֹרֶר לְרוֹד :** - wat afsonderlik van die Psalm gelees moet word, aangesien dit waarskynlik 'n latere toevoeging is en geen kenmerke van Hebreeuse poësie vertoon nie.

Vers 2 bestaan uit:

- * Een versreël (1) wat uit twee versbene saamgestel is. Redes: Twee selfstandige sinne wat elk met die eerste persoon imperfektum begin en die naamwoord **כָּל** (status constructus) bevat. Albei verwys eksplisiet en implisiet na JHWH. Verder versterk die alliterasie die sinonieme parallelisme.

אָזֶה יְהֻנָּה בְּכָל־לֶבִי
אֲסֹפֶרֶת כָּל־גִּנְפֵּל אָוֹתִיךְ:

b1534 1973
i 1597 0930

Vers 3 bestaan uit:

- * Een versreël (2) wat uit twee versbene saamgestel is. Redes: Twee selfstandige sinne wat met eerste persoon imperfekta voluntatief begin en verwys na JHWH (אֱלֹהִים) met die gebruik van die pronominale suffiks (PNS) 2 m s. Die metrum (3+3) versterk verder die sinonieme parallelisme. Die twee werkwoorde אָשָׁמָה וְאָעַלְצָה beskryf dieselfde aksie en funksioneer daarom toutologies as 'n eenheid.

אָשָׁמָה וְאָעַלְצָה בֶן
אָנוּמָרָה שְׁמַך עָלֵינוּ:

Vers 4 bestaan uit:

- * Een versreël (3) wat uit twee versbene saamgestel is. Redes: 'n Hoofsin voorafgegaan met 'n temporele bysin, wat saam 'n sintetiese parallelisme vorm (metrum 2+3). In albei sinne is die vyand die subjek.

בְּשׁוֹבָאָרְבִּי אַחֲרֵי
יָכְשַׁלְוּ וְיָאַבְדוּ מִפְנִיקָה:

Vers 5 bestaan uit:

- * Een versreël (4) wat uit twee versbene saamgestel is. Redes: Twee selfstandige hoofsinne wat op so 'n wyse gerangskik is dat dit 'n sinonieme parallelisme vorm - twee Qal perfekta 2 m s. Die metrum van die versreël is 3+4.

כִּי־עֲשִׂית מִשְׁפָּטִי וְדִינִי
יָשַׁבְתָּ לְכִסֵּא שׁוֹפֵט צָדִיקָה:

Vers 6 bestaan uit:

- * Twee versreëls (5 en 6) wat elk uit twee versbene saamgestel is. Redes: Drie selfstandige hoofsinne (drie perfekta 2 m s) en een uitbreiding wat op so 'n wyse gerangskik is dat versreël 5 'n sinonieme parallelisme en versreël 6 'n sintetiese parallelisme vorm. Die versreëls word aan

mekaar gekoppel op grond van die inhoudelike raakpunte en die metriese patroon van 2+2 en 2+2. Die eenheid word verder versterk deur inversie en ‘n chiasiese konstruksie.

גָּעֲרַף גְּוִימָם
אֶבְרַף כְּשָׁעָם
שְׁמָם מְחִימָה
לְעוֹלָם וְעַד:

Vers 7 bestaan uit:

* Twee versreëls (7 en 8) wat uit twee versbene elk saamgestel is. Redes: Vier selfstandige hoofsinne (waar elisie in een sin voorkom) wat op so ‘n wyse gerangskik is dat elk ‘n sinonieme parallelisme vorm. Die eenheid van versreël 8 word versterk deur die chiasiese konstruksie van stede/hulle nagedagtenis en die woorde verwoes//vergaan. Die twee versreëls word deur middel van ‘n chiasme ten nouste aan mekaar gekoppel. Die vyand se lot word deur die gebruik van die chiasme op ‘n subtiese wyse in verband gebring met dié van stede wat nou onbelangrike bourommel geword het. In al die sinne kom inversie voor waar die naamwoord eerste in die sin geplaas word ter wille van klem op die vyand/stede. Die laaste versbeen van beide versreëls dra by tot die idee van die finaliteit en negatiewe lot van die vyand. Metrum 2+2 en 2+3.

הָאוֹב קְפָנָה
שְׁרֵבָות לְנִצָּח
וְעַרְיִם נְמַשְׁטָה
אֶבְד וְכָרָם הַקְּרָבָה:

Vers 8 bestaan uit:

* Een versreël (9) wat uit twee versbene saamgestel is. Redes: Twee selfstandige hoofsinne wat op so ‘n wyse gerangskik is dat dit ‘n chiasiese sinonieme parallelisme vorm, versterk deur die metrum van 3+3. Inversie kom voor met die gevolg dat die plasing van JHWH in die begin aksentueer dat dit JHWH is wat optree. Die chiasme word verder versterk deur die twee voorsetsels **ל** en die PNS 3 m s wat terugverwys na JHWH.

וַיְהִי לְעוֹלָם יָשֵׁב
כֹּגֵן לְמַשְׁפֵּט כְּסָאוֹ:

Vers 9 bestaan uit:

- * Een versreël (10) wat uit twee versbene saamgestel is. Redes: Twee selfstandige hoofsinne wat op so 'n wyse gerangskik is dat dit 'n sinonieme parallelisme vorm. Albei sinne bevat 'n werkwoord in die Qal imperfektum 3 m s, gevvolg deur die objek/indirekte objek en 'n preposisionele frase (בָּ). Hierdie simmetriese struktuur word bevestig deur die metrum (3 + 3).

וְהִיא יִשְׁפְּט־תְּבִלָּה בְּצָרָק
זֶדֶן לְאַמִּים בְּמִישְׁרִים:

Vers 10 bestaan uit:

- * Een versreël (11) wat uit twee versbene bestaan. Redes: Die sin bestaan uit 'n hoofsin en 'n uitbreiding op een van die elemente in die hoofsin. Die herhaling van die woord מַשְׁבֵּב en die voorsetsel ל bind die twee versbene ten nouste saam. Metrum 4+3.

וַיְהִי יְהֹוָה מַשְׁבֵּב לְדָעָךְ
מַשְׁבֵּב לְעֲתֹות בְּאַרְחָה:

Vers 11 bestaan uit:

- * Een versreël (12) wat uit twee versbene bestaan. Redes: Die sin bestaan uit 'n hoofsin en 'n redegewende bysin. Die twee sinne word nader verbind deur die gebruik van die PNS 2 m s, die gebruik van twee Qal participia status constructus en die verwysing na JHWH, sowel eksplisiet as implisiet (בְּמַעַן). Die metrum (4+4) dra by tot hierdie hegte verbintenis.

וַיְבִטְחָה בְּךָ יוֹדֵעַ שְׁמָךְ
כִּי לֹא־עֲזֹבֶת דָּרְשִׁיךְ יְהֹוָה:

Vers 12 bestaan uit:

- * Een versreël (13) wat uit twee versbene bestaan. Redes: Die twee selfstandige sinne wat albei met imperatiewe in die manlik meervoud begin, vorm 'n sinonieme parallelisme. In albei sinne tref

ons ook ‘n verwysing na JHWH aan, eerstens deur middel van die eienaam יְהוָה, en dan deur middel van die PNS 3 m s. Metrum (4+3).

גַּם־רוֹ לִיהְנָה יִשְׁבֵ צִיּוֹן
הֲגִידֹּ בְּעַמִּים עַל־לְוֹתִירָה:

Vers 13 bestaan uit:

- * Een versreël (14) wat uit twee versbene bestaan. Redes: Hierdie twee sinne vorm ‘n sinonieme parallelisme. Die eerste sin stel die positiewe: Hy dink aan hulle. Die tweede sin stel dieselfde saak, maar in die negatief: Hy vergeet nie. Verder is hierdie parallelisme chiasties gestructureer: die woordorde word omgekeer sodat die werkwoord זָכָר aan die einde staan en die ‘bloed’ (van die ellendiges) met die ‘hulpgeroep van die ellendiges’ in die volgende sin korreleer. Die metrum is 4+3.

כִּידּוֹרֶשׁ זָמִים אֹוּתִם זָכָר
לְאַשְׁכֵחַ צָעַקְתָּ עֲנִיִּים

Vers 14 bestaan uit:

- * Een versreël (15) wat uit drie versbene bestaan. Redes: Die eerste twee versbene bestaan verder uit twee selfstandige sinne wat saamgegroepeer word omdat hulle in betekenis sinoniem is. Albei sinne bevat ook imperatiewe aan die tweede persoon enkelvoud. Die derde versbeen funksioneer as ‘n omskrywing van die geadresseerde, naamlik JHWH. Hierdie versbeen vorm ‘n sintetiese parallelisme saam met die eerste twee versbene, aangesien dit reeds inherent die eindresultaat van die regverdige se bede bevat. ‘n Metrum van 2+3+3 kom voor.

תְּנַנְנִי יְהֹוָה
רָאָה עֲנִי מְשֻׁנָּא
מְרוֹמָמִי מְשֻׁעָרִי מְרוֹתָה:

Vers 15 bestaan uit:

- * Een versreël (16) wat uit drie versbene bestaan. Redes: ‘n Sinonieme parallelisme met werkwoorde in die imperfekta eerste persoon enkelvoud plus voluntatief in albei versbene. As

versterking hiervan die woorde בְּשִׁיעַתְךָ en כָּל־תְּהִלְתִּיךָ wat feitlik sinoniem is en die gebruik van die PNS 2 m s. Op die klankvlak dien die twee PNS 2 m s as eindrym. Die metrum is 3+2+2 en versterk die noue koppeling aan die vorige versreël.

לְמַעַן אָסֶפֶרָה כָּל־תְּהִלְתִּיךָ
בְּשִׁיעַרְיִ בְּחֵצֵין
אֲגִילָה בְּשִׁיעַתְךָ:

Vers 16 bestaan uit:

- * Een versreël (17) wat uit twee versbene bestaan. Redes: Die twee hoofsinne in metriese ewewig (4+4) vorm 'n sinonieme parallelisme wat chiasties gestructureerd is. Die tweede versbeen word aan die eerste gekoppel deur die werkwoorde in die derde persoon asook die PNS 3 m p wat na die נֹוִימָה verwys. Die twee preposisionele frase, gevvolg deur die relatiewe bysinne, versterk verder die noue verbintenis. Woordspel kom voor met die gebruik van טְמַנֵּג en טְבָעֵג .

~~טְבָעֵג גּוֹיִם בְּשִׁיחָה עַשׂ~~
~~בְּשִׁיחָה זוֹ טְמַנֵּג נְלִפְרָה כְּגַלְמָה:~~

Vers 17 bestaan uit:

- * Een versreël (18) wat uit drie versbene bestaan. Redes: Die eerste twee versbene bevat twee selfstandige sinne maar word ter wille van die metrum (2+2) en die werkwoorde in die perfektum 3 manlik enkelvoud, saamgegroep. JHWH is die eksplisiële subjek en die goddelose die eksplisiële objek van albei versbene en al drie die sinne. Die eenheid van die versbene word deur 'n chiastiese struktuur en die eindrym versterk.

נוֹרָע יְהֻנָה
מִשְׁפָט עַשְׂתָה
בְּפִעָל כְּפִירָה נְוִקְשָׁ רְשָׁע

Vers 18 bestaan uit:

- * Een versreël (19) wat uit twee versbene bestaan. Redes: Vers 18 bevat net een hoofsin met 'n

uitbreiding. Die goddelose word in die tweede versbeen verder gedefinieer as ‘al die nasies wat God vergeet het’. Die metrum (3+3) beklemtoon die relasie tussen die twee versbene.

בְּשׁוּבוּ רָשָׁעִים לְשֹׁאֲלָה
כָּל־גּוֹיִם שְׁכַחֵי אֱלֹהִים:

Vers 19 bestaan uit:

* Een versreël (20) wat uit twee versbene bestaan. Redes: Twee afsonderlike sinne kom voor wat saam ‘n sinonieme parallelisme vorm. Deur inversie, chiasme en herhaling word ‘n sterk klem op die nabyheid van uitkoms en ommekeer geplaas (**לֹא לְנַצֵּחַ לְעָד**). Delesie kom voor deurdat die negatiewe partikel **לֹא** vir albei sinne geld en sodoende word die sinne hegter gebind. Metrum: 5+4.

כִּי לֹא לְנַצֵּחַ יִשְׁכַּח אֱבִיוֹן
קְדוּמָה עֲנֵנִים תְּאַבֵּד לְעָד:

Vers 20 bestaan uit:

* Een versreël (21) wat uit twee versbene bestaan. Redes: Die eerste versbeen bestaan uit ‘n versoek aan JHWH met ‘n redegewende bysin. Die tweede sin is ‘n uitbreiding van die eerste sin en vorm daarom saam met die eerste sin ‘n sintetiese parallelisme. Die tweede versbeen veronderstel die versoek wat in die eerste versbeen voorkom. Daar is dus sprake van delesie. Metrum 4+3.

קוֹמָה יְהֹוָה אֶל־יְהֹוָה אָנוֹשׁ
יִשְׁפְטוּ גּוֹיִם עַל־פְּנֵיכֶם:

Vers 21 bestaan uit:

* Een versreël (22) wat uit twee versbene bestaan. Redes: Die eerste versbeen bestaan uit ‘n versoek aan JHWH gevvolg deur ‘n redegewende bysin in die tweede versbeen. Die PNS 3 m p (**לְהֹתָה**), die naamwoord **גּוֹיִם** en die persoonlike voornaamwoord **הֹתָה** bind hierdie twee versbene tot ‘n hegte eenheid wat verder deur die metrum (4+4) versterk word.

שִׁיחָה יְהוָה מַרְכָּה לְהָם
יְלֻעָּה גּוֹימָן אֲנוֹשָׁה הַקְּפָה

2.2.1.4.c Resultaat:

Uit die indeling van Psalm 9 in versbene en versreëls hierbo blyk die volgende:

- (1) Die 21 verse van Psalm 9 in die MT kan op grond van die maatstawwe wat hierbo aangedui is, ingedeel word in 22 poëtiese versreëls.
- (2) 19 versreëls is distiges en 3 versreëls is tristiges.
- (3) Die metrum van 1 van hierdie versreëls is 3+2
- (4) Die metrum van 4 van hierdie versreëls is 3+3
- (5) Die metrum van 2 van hierdie versreëls is 2+3
- (6) Die metrum van 1 van hierdie versreëls is 3+4
- (7) Die metrum van 3 van hierdie versreëls is 4+4
- (8) Die metrum van 4 van hierdie versreëls is 4+3
- (9) Die metrum van 3 van hierdie versreëls is 2+2
- (10) Die metrum van 1 van hierdie versreëls is 5+4
- (11) Die metrum van 1 van hierdie versreëls is 2+3+3
- (12) Die metrum van 1 van hierdie versreëls is 3+2+2
- (13) Die metrum van 1 van hierdie versreëls is 2+2+4

2.2.1.5 Stilistiese analise

Die doel van hierdie stap is om al die kommunikatiewe middele in ‘n teks te identifiseer en die funksie daarvan vas te stel. Daar word voorkeur gegee aan hierdie stap voor die segmentering van die teks om sodoende tot ‘n meer verantwoordbare segmentasie te kom.

2.2.1.5.a Kommunikatiewe middele

In ‘n poëtiese teks word deur hoogs gekonsentreerde taalgebruik ‘n bepaalde boodskap gekommunikeer (cf. Gräbe 1985: 107). Hierdie taalgebruik kom na vore op klankvlak, retoriiese vlak

en semantiese vlak. Die verstaan van 'n gedig berus veral op 'n noukeurige analise en interpretasie van die relevante intratekstuele relasies binne 'n gedig op al hierdie vlakke (sien in die verband ook Gräbe 1984: 137-138). Gräbe (1984: 138-139) stel dit verder dat poëtiese taalgebruik, wanneer dit met standaard taalgebruik vergelyk word, as "anders" of "ongewoon" ervaar word. Volgens Gräbe word die andersheid deur twee faktore bepaal: a) enersyds deur 'n doelbewuste afwyking van die grammatikale reëls van 'n taal, b) andersyds 'n neiging tot 'n nog groter reëlmaat as die reëlmotigheid wat buitendien deur die grammatika van 'n taal uitgedruk word. Die eerste verteenwoordig die tendens tot ongrammatikaliteit en die tweede, die neiging tot ekstra patroonvorming in poëtiese taalgebruik.

2.2.1.5.a.i Ongrammatikaliteit

- **Metafoor**
- Tenor-vehicle

האוביך פמו חרבות לנצח 7 a

Die lot van die vyand word vergelyk met geboue wat platgeslaan is en bouommel geword het.

ויהי גנה משגב לדין 10 a
משגב לעתות באלה: b

JHWH se trou word vergelyk met 'n skuilplek waar die onderdrukte sekuriteit in moeilike omstandighede kan vind.

טבעו גוים בשות עשו 16 a
ברשותם זו טמנו נלכדה בגלם: b

Die put (put) en die net (רשת) word gebruik as beelds waarin die uiteinde van die nasies sigbaar word. Die put en die net veronderstel 'n situasie waar mense planne maak om iemand tot 'n val te bring. Hier vind egter nou 'n ommekeer plaas soos ons dit dikwels in die Wysheidsliteratuur vind: die

een wat die negatiewe wou bewerk, ry nou self aan die pen. Wie 'n gat vir 'n ander grawe, val self daarin.

- Uitgestelde identifikasie

כִּידְרָשׁ גָּמִים אֲוֹתָם זָכָר 13 a
לֹא־שָׁכַח צַעַקָּה עֲנֵנִים b

Die spanning word verhoog deur die identiteit van die ellendiges wat tot die einde uitgestel word. Dit is opmerklik dat wanneer die identiteit uiteindelik onthul word, dit dikwels opgevolg word deur 'n parallelle koeplet wat die identiteit verder benadruk (sien byvoorbeeld ook Jer 5:30-31, meer hieroor in Watson 1986:336-337). In Psalm 9 vers 13 word die uitroep van die ellendiges ten nouste verbind aan die persoonlike uitroep van die digter in nood. Die stelling dat JHWH aan die ellendiges dink (זָכָר) en hulle nie vergeet nie (לֹא־שָׁכַח), skep die ruimte en vrymoedigheid by die digter om nou persoonlik tot JHWH te roep: חֲנָנָנִי יְהֻנָה רָאָה עָנֵנִי מְשִׁנָּנִי.

2.2.1.5.a.ii Ekstra patroonvorming

- Metrum

Metriese patronen kan op verskillende maniere benader word. Gewoonlik is daar uiteenlopende patronen wat deur verskillende kommentatore geïdentifiseer word wat metrum natuurlik 'n baie omstrede en subjektiewe saak maak. Terwyl daar aan die een kant gewaak moet word om te veel klem te lê op metrum, moet daar aan die ander kant nie 'n ontkenning wees van die poëtiese rol van metrum nie. Die metrum is ten dienste van die digter om sy boodskap te kommunikeer. Hierdie studie werk met 'n algemene beginsel dat elke woord een beklemtoonde lettergreep bevat en dat die klem meestal op die laaste lettergreep lê.

Psalm 9 vertoon 'n hoë frekwensie van die *Doppeldreier* (3+3), *Doppelvierer* (4+4) en *Siebener* (4+3 of 3+4) patronen (sien 2.2.1.4.c vir meer besonderhede). Dit skep 'n reëlmatigheid in die psalm wat by elke stanza onderbreek word deur 'n versreël wat in een versbeen 5 klemtone bevat.

- **Klankverskynsels**
- **Alliterasie en Assonansie**

Die alliterasie en assonansie dien om die sintaktiese groepering van die versreëls te versterk. Hierdie verskynsel word verreken en benut in die stigometriese analyse. Sien Addendum A vir 'n volledige aanduiding van die alliterasie en assonansie.

- Woordspel

14 a	תְּנַנְנִי יְהוָה
b	רָאָה עֲנֵנִי מְשֻׁנָּאִי
c	מְרוֹמָמִי מְשֻׁעָרִי מְרוֹתָה:
15 a	לְמַעַן אָסְפָּה כָּל־הַלְּחִיךְ
b	בְּשֻׁעָרִי בְּחַצִּין
c	אֲגִילָה בִּישׁוּעָתָךְ:

Hier word aandag gevestig op die omkeer van die lot van die ellendige deur die toedoen van JHWH. Daar is ook 'n duidelike sinspeling op die teologiese tema van verlossing. In baie gevalle in die Psalms word na Sion verwys as die plek waar JHWH woon, regeer en waarvandaan die verlossing aan die einde sal kom (sien ook in dié verband vers 12).

11 a	וַיְבַטְחוּ בָּכָר יוֹדָעִי שְׁמָךְ
b	כִּי לֹא־עֲזַבְתָּךְ נָבָשִׂיב יְהוָה:
13 a	כִּי־זָרַשׁ דָּמִים אֶוְתָם זָכָר
b	לֹא־שָׁכַח צְעַקְתָּ עֲנֵנִים

JHWH bewerk altyd dat reg geskied. Die Een wat 'bloed soek' (regspreek) is terselfdertyd die Een wat uitkoms bring. Hiermee saam bely die digter dat hy nie vrugtelos na JHWH se uitkoms soek nie. Daar is 'n dialektiese spanning tussen JHWH wat regspreek en die ellendige wat sy geregtigheid by JHWH kom soek.

- Parallelisme

Sinonieme parallelismses

- | | |
|---|--------------------|
| א. אָוֹתָה יְהוָה בְּכָל־לֶבֶן
אַסְפָּרָה כָּל־נְפָלָאָוֹתִיךְ: | 2 a
b |
| ב. אָשָׁמָתָה וְאַעֲלֵצָה בָּדָק
אַזְמָרָה שָׁמָךְ עַלְיוֹן: | 3 a
b |
| | |
| כ. כִּי־עֲשֵׂית מִשְׁפָּטִי וְדַיִנִּי
בִּשְׁבַּת לְכָפָא שָׁופֵט אָדָק: | 5 a
b |
| | |
| ה. הַאוֹרֵב פָּמוֹ
חַרְבוֹת לְגַצֵּח
וְעָרִים נַמְשָׁחָת
אָבָד זְכָרָם הַמְּפָה: | 7 a
b
c
d |
| | |
| ו. וַיְהִי לְעוֹלָם יָשֵׁב
כּוֹנוֹן לְמִשְׁפָּט כְּסָאוֹ: | 8 a
b |
| | |
| ז. וְהִוא יְשֻׁפְט־תְּבֵל בְּגַדְךָ
בְּדִין לְאָפִים בְּמִישְׁרִים: | 9 a
b |
| | |
| ח. גָּמָרוּ לִיהְיוֹה יָשֵׁב צַיּוֹן
הַגִּידּוֹ בְּעָמִים עַלְילָתָיו: | 12 a
b |
| | |
| ט. כִּי־דָרַשׁ דָּמִים אָוָתָם זָכָר
לְאַשְׁכָּח צַעַקָּת עֲנִינִים | 13 a
b |
| | |
| י. לְמַעַן אַסְפָּרָה כָּל־תְּהִלָּתִיךְ
בְּשֻׁעָרֵי בְּתַ-צְיּוֹן | 15 a
b |

אֲגִילָה בִּשְׁוּעָה:

- 16 a טַבָּעו גּוֹים בְּשַׁחַת עַשְׂרֵה
b בְּרַשְׁתַּזְוּ טָמֵנו נֶלְכָה רְגָלָם:
- 18 a יָשֻׁבוּ רְשָׁעִים לְשָׁאוֹלָה
b כָּל־גּוֹים שְׁכַנְיוֹ אֱלֹהִים:
- 19 a כִּי לֹא לְנִצְחָה יִשְׁכַּח אָבִיוֹן
b פְּקֻדָה עֲנֵינִים תָּאָבֵד לְעֵד:
- 20 a קַוְמָה יְהוָה אֱלֹיָנוּ אָנוֹרֵשׁ
b יִשְׁפְּטוּ גּוֹים עַל־פְּנֵינוּ:

Sintetiese parallelismses

- 4 a בְּשׁוּבָה־אָוִיכִי אַחֲרֵי
b יִכְשְׁלוּ וַיָּאֶבְדּוּ מִפְנֵינוּ:
- 6 a בְּעָרָף גּוֹים אָבְדָף בְּשָׁעָה
b שְׁמָם פְּתִיחָה לְעוֹלָם וְעַד:
- 10 a וַיְהִי יְהוָה מַשְׁגִּב לְזִקְנֵי
b מַשְׁגִּב לְעֲתֹות בָּאָרֶה:
- 11 a וַיְבַטְחוּ בָנָי יְהוָה שְׁמָךְ
b כִּי לֹא־עֲזָבָת דָרְשֵׁיךְ יְהוָה:
- 14 a חֲנֹנִי יְהוָה
b רָאָה עֲנֵי מִשְׁנָאִי
c מְרוֹקָמִי מִשְׁעָרִי מִזְהָה:

שִׁיחָה יְהוָה מֹרֶה לְעֵם 21 a
יְדַעַּת גּוֹיִם אֲנָרוֹשׁ הַקָּה b

- Chiasme

Die chiasmes is reeds by die ander parallelismes opgeneem.

2.2.1.5.b Resultaat

Die funksie van die kommunikatiewe middele is enersyds die vooropstelling van sekere sake, aksies op partye, andersyds die aanlê van verbande tussen die onderdele van die gedig (sien Gräbe 1984: 138-139; 1985: 107-127. Vergelyk ook Watson 1984: 87-159). Deur die kommunikatiewe middele word merkers in die teks geïdentifiseer waardeur sekere versreëls nouer aan mekaar gekoppel word om 'n tema of kleiner eenheid bloot te lê. Die resultate hiervan word in 2.2.1.6 deur middel van strukture weergegee.

Dit is baie duidelik dat hierdie psalm stilistiesoordeelkundig saamgestel is. Deur die hele psalm is die versreëls ten nouste gekoppel. Begrippe wat tot dieselfde semantiese veld behoort, kom dikwels in 'n parallelisme voor (sien byvoorbeeld vers 6, 7, 9, 18, 19, 20 en 21).

2.2.1.6 Stigometriese struktuur

Die doel van die stigometriese analise is om op 'n gekontroleerde wyse die onderlinge kommunikatiewe verhoudinge asook die fokuspunt van die poëtiese teks bloot te lê, nadat die boustene van die poëtiese teks in die voorafgaande stappe verdiskonter is. In hierdie stap kom beide die oppervlakstruktuur en die dieptestruktuur aan die orde. Struktuur dui dus hier nie soos by die Strukturalisme op 'n sisteem buite die teks nie, maar op die relasie tussen die onderdele van die gedig.

Die kolomme word in die volgorde van stansas, strofes, versreëls, metrum, BHS teks, BHS versindeling, versbene en struktuur ingedeel.

למנצ' עמלות לבן מזמור לדוד:

I	A	1	3	אוֹדָה יְהוָה בְּכָל־לֶבִי	2	a	
		2		אַסְפֵּרָה בְּלִנְפְּלָאוֹתִין:	3	b	
II	B	3	2	אֲשָׁמָה וְאַעֲלָץָה בָּהּ	3	a	
		3		אַזְמָרָה שָׁמָךְ עַלְיוֹן:	3	b	
C	4	3		בְּשׁוּב־אָוִיכִי אַחֲרָךְ	4	a	
		3		יַכְשַׁלוּ וַיַּאֲבְדוּ מִפְּנֵין:	4	b	
D	7	2		כִּי־עֲשֵׂיתْ מִשְׁפָּטִי וְדָנִי	5	a	
		2		יָשַׁבְתָּ לְכָסָא שֻׁופֵט צָדָקָה:	5	b	
III	E	9	3	גָּעָרָת גּוּיִם	6	a	
		3		אָבְרָתָ רְשָׁעָה	6	b	
F	11	4		שְׁמָם מִתְּחִיתָה	6	c	
		3		לְעוֹלָם וְעַד:	6	d	
G	13	4		הָאוֹב פְּמוֹ	7	a	
		3		חֲרֵבָות לְגַנְצָחָה	7	b	
		2		וְעָרִים נִמְשָׁתָה	7	c	
		3		אָבָר זְכָרָם הַמְּהָה:	7	d	
		3		וַיְהִי לְעוֹלָם יָשָׁב	8	a	
		3		כּוֹנוֹן לִמְשָׁפֵט כְּסָאוֹ:	8	b	
		10	3	וְהִוא יְשַׁפְּט־תְּבִל בְּצָדָקָה:	9	a	
		3		גְּדִין לְאָמִים בְּמִישְׁרִים:	9	b	
		12	4	וַיְהִי יְהוָה מְשֻׁבֵּב לְזָקָן	10	a	
		3		מְשֻׁבֵּב לְעֹתָה בְּאָרָה:	10	b	
		12	4	וַיְבַטְחוּ בָּהּ יוֹרְעֵי שָׁמֶךְ	11	a	
		4		כִּי לְאַעֲזַבְתָּ דָּרְשֵׁיךָ יְהוָה:	11	b	
		3		זָמָרוּ לְיְהוָה יָשָׁב צִיּוֹן	12	a	
		3		הַגִּידָו בְּעָמִים עַלְילּוֹתָיו:	12	b	

			כִּידְרֹשׁ דָּמִים אֲוֹקֵם זָכָר	13 a	
		3	לֹא־שָׁכַח צַעַקְתָּעַנְיָים	b	
IV H	15	2			
		3	חָנָנָנִי יְהֻנָּה	14 a	
		3	רָאָה עָנָנִי מְשֻׁנָּאִי	b	
		3	מְרוּמָמִי מְשֻׁעָרִי מְרוֹתָה:	c	
	16	3	לִמְעֵן אֶסְפָּרָה פֶּלְתָּחָלָמִין	15 a	
		2	בְּשֻׁעָרִי בְּחָצִיּוֹן	b	
		2	אֲגִילָה בִּשְׂוּעָתָה:	c	
I	17	4	טְבֻעָו גּוֹיִם בְּשַׁתָּה עַשְׁׂזָה	16 a	
		4	בְּרַשְׁתָּה־זֹו טָמֵנוּ נְלִפְדָה רְגָלָם:	b	
	18	2	נוֹרָע יְהֻנָּה	17 a	
		2	מְשֻׁפְט עַשְׁׂה	b	
		4	בְּפִעָל כְּפִיר נְוֹקֵשׁ רְשָׁעָה:	c	
J	19	3	יְשֻׁבוּ רְשָׁעִים לְשָׁאֹלָה	18 a	
		3	כָּל־גּוֹיִם שָׁכְחֵי אֱלֹהִים:	b	
	20	5	כִּי לֹא לִגְצָח יְשַׁבֵּח אֲבִיוֹן	19 a	
		4	פְּקוּדָה עֲנִיָּים תְּאַכֵּד לְעֵד:	b	
V K	21	4	קְוֹמָה יְהֻנָּה אַל־יָעוֹז אֲנוֹרֶשׁ	20 a	
		3	יְשַׁפְטוּ גּוֹיִם עַל־פָּנֵיכֶם:	b	
L	22	4	שִׁירָה יְהֻנָּה מָוְרָה לָהֶם	21 a	
		4	זְדוּ גּוֹיִם אֲנוֹרֶשׁ הַמָּה סְלָה:	b	

2.2.1.6.a Vertaling

Vir die musiekleier, op (die wysie van) ‘Die dood van die seun’
‘n Psalm van Dawid.

Stansa Strofe Versreël

- | | | | |
|-----|----|----|---|
| I | A | 1 | Ek sal JHWH loof, met my hele hart;
ek wil al u wonders bekend maak. |
| | | 2 | Ek wil bly wees en jubel in U;
ek wil lofsing in u Naam, O Allerhoogste. |
| II | B | 3 | Toe my vyande agteruitwyk,
het hulle gestruikel en omgekom voor U. |
| C | 4 | 5 | Ja, U het my reg en my oordeel behartig;
U het gesit op ‘n troon as regverdige Regter ³ .
U het die nasies tereggewys,
U het die goddelose omgebring; |
| | | 6 | 6 U het hulle naam uitgewis
vir ewig en altyd. |
| D | 7 | 8 | Die vyand het tot ‘n einde gekom –
puinhope vir ewig.
Ook die stede het U verwoes –
hulle nagedagtenis het vergaan. |
| III | E | 9 | Maar JHWH sal vir ewig sit;
Hy het sy troon opgestel vir die regsspraak. |
| | | 10 | 10 En Hy self sal die wêreld oordeel ⁴ met regverdigheid,
(en) Hy sal oor die volke billik oordeel. |
| F | 11 | | En JHWH sal vir die onderdrukte ‘n skuilplek wees,
‘n skuilplek in tye van nood. |

³ regverdige Regter, of terwyl U regverdig regspreek.

⁴ lett. regspreek.

- 12 En hulle wat u Naam ken, sal op U vertrou,
omdat U nie dié wat U soek, verlaat nie, JHWH.
- G 13 Lofsing tot JHWH wat op Sion woon!
Vertel onder die volke sy dade,
14 want Hy, wat die bloed soek, dink aan hulle;
Hy vergeet nie die uitroep van die ellendiges nie.
- IV H 15 Wees my genadig, JHWH;
aanskou my ellende vanweë my haters,
U wat my verhef uit die poorte van die dood;
16 sodat ek al u roemryke dade kan bekendmaak,
(en) in die poorte van die dogter van Sion,
ek my kan verheug oor u verlossing.
- I 17 Die nasies het gesink in die put (wat) hulle gemaak het;
in die net, wat hulle weggesteek het, is hulle eie voet(e) gevang.
18 JHWH het Homself bekend gemaak,
Hy het die regsaak hanteer;
deur die werk van sy hande is die goddelose vasgevang.
Higgajon. Sela.
- J 19 Die goddelose sal terugkeer na die doderyk,
al die nasies wat God vergeet het.
- 20 Ja, die behoeftige sal nie vir altyd vergeet word nie,
(en) die verwagting van die ellendiges
sal nie vir altyd verlore gaan nie.
- V K 21 Staan tog op JHWH, sodat die mens nie sterk word nie.
Laat die nasies voor U geoordeel word⁵.
22 O, JHWH plaas hulle in vrees
(sodat) die nasies sal besef dat hulle (net) mens(e) is.
Sela.

⁵ lett. reggespreek word.

2.2.1.6.b Resultaat

Uit die stigometriese analise hierbo blyk die volgende:

- 1) Psalm 9 is 'n gedig wat uit 22 versreëls bestaan;
- 2) Op grond van sintaktiese, retoriiese en semantiese kriteria kan die 22 versreëls van Psalm 9 soos volg in strofes ingedeel word:
 - a) Versreëls 1 en 2 (waar die digter sy begeerte uitdruk om JHWH se lof te besing) vorm strofe A;
 - b) Versreël 3 (die lot van die vyand) vorm strofe B;
 - c) Versreëls 4, 5 en 6 (waar JHWH oordeel oor die regverdige digter en oor die nasies en goddelose) vorm strofe C;
 - d) Versreëls 7 en 8 (die lot van die vyand) vorm strofe D;
 - e) Versreëls 9 en 10 (die beskrywing van JHWH se universele regverdige oordeel) vorm strofe E;
 - f) Versreëls 11 en 12 (waar JHWH uitgebeeld word as 'n skuilplek wat vertroue inboesem) vorm strofe F;
 - g) Versreëls 13 en 14 ('n reaksie van vreugde vanweë JHWH se getrouwheid) vorm strofe G;
 - h) Versreëls 15 en 16 ('n oproep om genade sodat JHWH se verlossingsdade deur die digter bekendgemaak kan word) vorm strofe H;
 - i) Versreëls 17 en 18 (die lot van die goddelose deur hulle eie en JHWH se toedoen) vorm strofe I;
 - j) Versreëls 19 en 20 (waar die uiteinde van die goddelose met dié van die regverdige kontrasteer word) vorm strofe J;
 - k) Versreëls 21 en 22 ('n oproep tot JHWH om op te staan en op te tree sodat die ganse mensdom weer sal besef wie hulle voor Hom is) vorm strofe K;
- 3) Op grond van dieselfde kriteria, kan genoemde 11 strofes soos volg in stansas saamgegroep word:
 - a) Strofe A (die digter se lof) is stansa I;
 - b) Strofes B, C en D (lot van goddelose, regsspraak van regverdige, oordeel van die goddelose, lot van goddelose) is stansa II;
 - c) Strofes E, F en G (JHWH se oordeel, JHWH se ontferming, die regverdige se reaksie) is stansa III;

- d) Strofes H, I en J ('n gebed om genade sodat die regverdige kan getuig, die lot van die goddelose, die uiteinde van die goddelose en regverdige) is stansa IV;
- e) Strofe K ('n oproep tot JHWH om op te staan en op te tree sodat die ganse mensdom weer sal besef wie hulle voor Hom is) is stansa V.

Dit is opmerklik dat telkens na 'n vers wat 'n metrum van 5 (of 3+2/2+3 plus 'n derde been) klemtone bevat, daar ook 'n inhoudelike wending intree. Watson merk in die verband die volgende op:

By adopting a particular metre the poet casts his work in a specific form. This assists him as a composer by providing a framework within which he can create, and at the same time sets up a listening pattern for his audience. The way is then paved for changes in the pattern, or special effects (defeated expectancy). The stricter the metre, the more effective is any abrupt alteration in its flow.

(Watson 1986:112)

2.2.1.7 Opsomming van die struktuur

Stansa I

Hierdie eenheid druk die begeerte van die digter uit om JHWH se lof te besing met 'n hoë frekwensie van woorde in die lofkategorie.

Stansa II

Ringskomposisie:

- Die vyande wyk agteruit, struikel en kom om (negatief).
- Die reg van die regverdige word deur JHWH behartig (positief),
- maar die nasies word tereggewys en die goddelose omgebring (negatief).
- Die vyande kom tot 'n einde (negatief).

Stansa III

JHWH is die primêre aktant in die stansa. Hier tref ons 'n klimaktiese opbou aan wat uitloop op 'n lofprysing.

JHWH se universele oordeel oor die wêreld en die volke (neutraal)

JHWH sal 'n skuilplek wees vir die onderdrukte (positief)

Oproep om JHWH se lof te besing vanweë sy redding aan die ellendiges (baie positief)

Stansa IV

- Die ellendige pleit om verlossing by JHWH
 - Hierteenoor word die nasies vasgevang deur hulle eie toedoen.
 - Deur JHWH se regsaak is die goddelose ook vasgevang.
 - Die goddelose en die nasies keer terug na die doderyk - hulle het God vergeet;
 - maar God vergeet nie die behoeftige en ellendige wat met Hom rekening hou nie.

Stansa V

Hierdie stansa word inhoudelik en sintakties gebind:

- 'n Gebed dat JHWH sal optree en die ganse mensdom op sy plek sal sit,
 - dit sluit die oordeel van die nasies in.
- JHWH word verder versoek om hulle in vrees te plaas,
 - sodat nasies hulle posisie sal besef.

Na aanleiding van die voorafgaande studie kan die gevolgtrekking gemaak word dat die gedig 'n deurdagte gestructureerdheid weerspieël en daar 'n duidelike afgerondheid sigbaar is. Hierdie afgerondheid skep 'n vraag oor die vermoede dat die gedig 'n akrostiese opbou vertoon.

2.2.1.8 Teologie

In die eerste stansa tref ons 'n loflied aan. Die digter spreek die begeerte uit om JHWH te loof met alles wat in hom is, en sy wonders bekend te maak. Die inhoud van hierdie stansa word gekomplementeer met die rykdom van klankverskynsels, byvoorbeeld alliterasie, assonansie, rym asook twee sinonieme parallelismes. Dit is opmerklik dat hierdie gedig met 'n loflied begin, veral as die res van die gedig se inhoud, naamlik nood en oordeel, in ag geneem word. Hierdie stansa is tiperend van 'n oorwinningslied (sien ook Psalm 7:18; 18:50; 28:7; 30:5,10,13; 35:18; 42:6,12; 43:4,5; 45:18; 49:19; 52:11; 54:8; 57:10 en vele meer, waar יְהוָה telkens gebruik word as lof op verlossing) wat die moontlikheid laat dat die digter vanweë sy verhouding met JHWH die sekerheid het dat die oordeel reeds gevel is en die oorwinning reeds behaal is te midde van die negatiewe realiteite.

In stans II tref ons drie strofes aan waarvan die eerste en derde strofe in 'n ringskomposisie staan. Hierdie twee strofes word ten nouste gekoppel deur die herhaling van die woorde אָבָד אֲוִיב en לְכַפָּא שׁוֹפֵט צָדָק. In beide strofes is die vyand die subjek van handeling en kom die lot van die vyand aan die orde.

Die middelste strofe word gekenmerk deur JHWH se optrede as regter. Dit word beklemtoon deur die woorde שׁוֹפֵט צָדָק לְכַפָּא יְשֻׁבָּתְךָ מְחִימָה en אָבָדְךָ גָּעָרָת en נְמַשְׁלָתְךָ. JHWH word in hierdie verse direk aangespreek en is telkens die aktant. Sy handelinge het 'n negatiewe toon en is gering tot die nasies, goddelose en stede. Hier word die moontlikheid gelaat dat die vyand, nasies, goddelose en stede tot dieselfde semantiese groepering behoort naamlik die nie-regverdige. Die negatiewe einde van al drie groepe word duidelik uitgestip deur die gebruik van woorde en sinne soos "struikel", "omkom", "ombring", "uitwis vir ewig en altyd", "tot einde kom", "puinhope vir ewig", "verwoes" en "nagedagtenis het vergaan" (sien ook in dié verband Brueggemann 1991: 4).

Die metriese patroon dra by tot 'n klimaktiese opbou waarna 'n wending intree na die laaste versreël met die uitsonderlike 5 (2+3) klemtone.

Stans III handel oor die omvattende regspraak van JHWH oor die wêreld en die volke. Al drie strofes word saamgebind deur die gebruik van JHWH as die eerste of tweede woord. JHWH word bely as die Een wat oor almal en alles oordeel. Telkens word bygevoeg dat dit regverdig en billik sal wees. Dit bring vreugde by die regverdige, want die Een wat oordeel is terselfdertyd die skuilplek vir die onderdrukte en die Een wat altyd getrou bly.

In stans IV is daar weer 'n wending in die gedig waar die digter om genade pleit (cf. Hossfeld & Zenger 1993: 86-87). Twee uiterstes word ook geskets: מִתְּעֵרֶרֶת מוֹתָה die poorte van die dood (14) wat na die doderyk toe lei en die bestemming van die goddelose is (18), teenoor die בְּשֻׁעָרֵי בֵּית־צִיּוֹן die poorte van Jerusalem (15) waar JHWH woon (12) en waar uitkoms is (15). Deur die woordspel word JHWH uitgebeeld as die Een wat 'n ommekeer bewerkstellig. Deur sy toedoen word die lot van die digter (negatief na positief) en die lot van die goddelose (oënskynlik positief na negatief) omgekeer. JHWH laat reg geskied. Die daaropvolgende strofes handel oor die lot van die nasies, en die goddelose wat met die regspraak van JHWH te doen kry (cf. Van Uchelen 1971: 65). In strofe J word die goddelose in dieselfde asem as die nasies genoem. Teenoor die nasies wat God vergeet, sluit die stans met die geloofsbelofte dat die behoeftige nie deur God vergeet sal word nie, en die

ellendiges nie verniet hoop nie. Om met God rekening te hou bring weer nuwe lewensmoontlikhede.

Die laaste strofe is 'n opsomming van die hele stansa: JHWH se optrede en regsspraak bring verlossing vir die regverdige, maar kondig die ondergang en negatiewe einde van die teeëpartye aan.

Stansa V word ten nouste gekoppel deur twee sinonieme parallelismes wat ingelei word deur twee imperatiewe en die gebruik van JHWH as 'n vokatief. JHWH word versoek om op te staan en op te tree sodat die ganse mensdom weer hulle eie nietigheid sal besef (cf. Mays 1994: 74-75). In die stansa word die woorde 'mens', 'nasies', 'nasies', 'mens' ten nouste gekoppel deur woordspel. Deurdat JHWH homself as die magtige openbaar in sy oordeel, sal almal (die nasies) besef dat hulle nie met JHWH vergelykbaar is nie. JHWH bewerk 'n oomkeer en stel perke aan die goddelose. Net Hy kan die posisie van die regverdige en die goddelose weer herdefinieer.

2.3 Psalm 10

2.3.1 Sinkroniese analise

2.3.1.1 Perikoopafbakening

2.3.1.1.a Afgrensing van 9:21 teenoor 10:1

Sien 2.2.1.1.b vir 'n uiteensetting.

2.3.1.1.b Afgrensing van 10:18 teenoor 11:1

2.3.1.1.b.i Formele kriteria

- לֹמַנְאָתָ לְדוֹד בֵּיתָה חִסִּיחִי אֵיךְ הָמָרָה לְנֶפֶשׁי
- Psalm 11 begin met die opskrif:
 - In Psalm 10 is die digter in gesprek met JHWH (tweede persoon) en in Psalm 11 word na JHWH slegs in die derde persoon verwys.
 - Teenoor Psalms 9 en 10 word in Psalm 11 die eerste keer met die goddelose in die tweede persoon gepraat.

2.3.1.1.b.ii Inhoudelike kriteria

Psalm 11 spreek van 'n nuwe tema: Die regverdige wat by JHWH skuiling vind te midde van die aanslae van die goddelose. Die styl van die psalm is dié van 'n geloofsbelijdenis.

2.3.1.1.c Resultaat

Dit is duidelik dat Psalm 10 van Psalm 11 geskei moet word. Op die oog af is daar 'n onderskeid tussen Psalms 9 en 10 maar daar word voorlopig hiermee volstaan totdat die eksegese van Psalm 10 voltooi is.

2.3.1.2 Tekskritiek

2.3.1.2.a Verklaring en beoordeling van die tekskritiese notas

In die tekskritiese apparaat van Psalm 10 word daar soos volg by die onderstaande teksverse opgemerk:

Vers 1a: Party Hebreeuse manuskripte en die Septuagint koppel Psalms 9 en 10 as 'n eenheid. Daar word slegs hiervan kennis geneem. Daar sal later by Addendum B hieroor gehandel word.

Vers 1b: 'n Enkele Hebreeuse manuskrip en die Septuagint lees בְּרִחוֹק in plaas van בְּרַחוֹק. Daar is nie genoeg teksgetuijies vir hierdie wysiging nie en die lesing maak sin.

Vers 1c: Die voorstel word gemaak om eerder בְּלָעֵת te lees. Die lesing maak sin, geen wysiging word aangebring nie.

Vers 2a: Die moontlikheid van die lesing בְּגַנְאָתָה word genoem. Dit het nie wesenlike implikasies nie en daar word volstaan by die oorspronklike lesing.

Vers 3a: Drastiese tekswysigings word aanbeveel met die oog op die herstel van 'n vermoedelike akrostikon. Geen wysigings word aangebring nie. Sien hoofstuk 6.

Vers 3b: 'n Aanbeveling word gemaak om עֲשֵׂה in plaas van עֲשֵׂר te lees. עֲשֵׂר word egter meestal substantief gebruik en is daarom aanvaarbaar.

Vers 3c: Sommige Hebreeuse manuskripte en die vertaling van Hiëronimus laat die word **לְ** weg en die Septuagint saam met die Siriese vertaling vervang dit met ‘in’. Daar is geen gronde vir die wysiging omdat die teks volkome sin maak.

Vers 3e: Die Septuagint en die Siriese vertaling verander die aktief na passief. Die woord **בָּרַךְ** het wel ander betekenismoontlikhede. Sien die voetnota by die vertaling vir meer besonderhede.

Vers 4a: Weer ‘n poging tot die rekonstruksie van ‘n akrostikon. Kommentaar staan oor tot in hoofstuk 6.

Vers 4b: Die Targoem (volgens Sperber 1959-1962), die Siriese vertaling en meer as 20 manuskripte lees **בָּנֶה**. Die oorspronklike teks het steeds ‘n beter lesing.

Vers 4c: Weer eens ‘n voorstel op grond van die vermoede dat dit ‘n akrostikon is. Die wysiging word voorlopig nie aanvaar nie.

Vers 5a: Die teks maak volledig sin. Geen wysiging.

Vers 5b: Weer eens ‘n voorstel op grond van die vermoede dat dit ‘n akrostikon is. Die wysiging word voorlopig nie aanvaar nie.

Vers 7a: Daar kom verskeie variasies in vertalings voor ten opsigte van die vertaling van die woord **אֵשׁ**. Alhoewel ‘n vreemde gebruik, kan dit nog logies vertaal word.

Vers 7b: Aanbevelings word gemaak op grond van die kommentaar by 7a, geen wysigings word dus aangebring nie.

Vers 7c: Die voorstel word gemaak dat die *waw* uitgelaat moet word op grond van die Targoem en verskeie Hebreeuse manuskripte. Die *waw* kan egter gemaklik vertaal word en gevolglik word geen veranderinge gemaak nie.

Vers 8a: Die Septuagint bevat die lesing **μετὰ πλούσιων** (= **מִן־עֲשָׂרִים**) wat vertaal kan word: Hy sit in die hinderlaag van die rykes. Daar is nie genoeg ondersteuning vir hierdie lesing nie. Die huidige lesing is verstaanbaar en word gehandhaaf.

Vers 8b: Die lesing: ‘Hy maak dood’ is aanvaarbaar.

Vers 9a: Die wysiging van **בַּנָּה** na **בַּכּוֹ** (‘n manlike PNS) is grammatikaal meer aanvaarbaar en word soos voorgestel gewysig.

Vers 10b: Die *waw* word gewysig na ‘n *jod*. Die *waw* kan verklaar word as ‘n oorskryffout. Die voorstel om die Qal na ‘n Nif'al te verander is verstaanbaar, maar nie noodsaklik nie.

Vers 12a: Verskeie vertalings van die Septuagint en die Siriese vertaling voeg ‘n PNS 1 s by **לְאָ** om ‘my God’ te lees. Die Targoem laat **לְאָ** weg. Hierdie wysigings het nie werklik ‘n invloed op die verstaan van die teks nie en gevolglik word die MT gehandhaaf.

Vers 15c: Verskeie vertalings van die Septuagint vertaal hier 'n passief. Hierdie is egter 'n parallelisme met die tweede persoon enkelvoud as subjek wat volledig sin maak. Geen veranderinge word aangebring nie.

Vers 15d: Die Septuagint en die Siriese vertaling wil נָתַתְּ vertaal in die derde persoon passief. Daar is egter geen rede om die teks te verander nie. JHWH as die subjek in die tweede persoon enkelvoud speel 'n belangrike rol in terme van die regte verstaan van hierdie vers. JHWH is duidelik die handelende party wanneer die goddelose beoordeel word.

Vers 16b: Etlike Hebreeuse manuskripte, die Septuagint, Siriese vertaling en Targoem voeg hier die voorsetsel 'vir' voor die woorde 'ewig en altyd'. Dit is nie vreemd om in poësic 'n mate van woordekonome te kry nie. Die invoeging van die partikel הַ verbeter wel die verstaan van die teks.

Vers 17a: Die Targoem (volgens Sperber), meer as 20 manuskripte en die Septuagint lees עֲנָנִי. Die MT lesing word aanvaar aangesien die woorde עֲנָנִי וְעֲנָנִים as uitruilbare woorde gebruik word. Die gebruik van die *waw* in plaas van die *jod* kan bevredigend as 'n skryffout verklaar word wat later in die kopieringsproses albei geykte vorme geword het.

Vers 17c: Die Septuagint, ondersteun deur die Siriese vertaling, bevat die lesing τὴν ἔτοιμασιν (geredheid, voorbereiding). Die MT maak egter volkome sin.

2.3.1.2.b Resultaat:

Uit die tekskritiek is dit duidelik dat daar nie eenstemmigheid is tussen die Hebreeuse manuskripte en verskeie vertalings ten opsigte van die eenheid en die akrostiese opbou nie.

Enkele tekswysigings word aangebring in verse 9a, 10b en 16b. Die veranderinge is nie ingrypend nie, maar slegs grammatale verbeteringe.

2.3.1.3 Morfologiese analise

2.3.1.3.a Ontleding

1	לֹא	Interr	לֹא
	וְהַנָּה	n nd	וְהַנָּה
	פָּעֵמָה	v qa if 2 m s	פָּעֵם
	בְּרַחוֹק	prep n adj abs m s	בְּרַחוֹק

	פָּעַלִים	v hi if 2 m s	עֲלִם
	לְעֹתָה	prep n pn cst f p	עַתָּה
	בָּאָרֶה	n pn abs f s	בָּאָרֶה
2	בְּגָנָנוֹתָה	prep n pn cst f s	גָּנוֹנָה
	רְשֵׁע	n adj abs m s	רְשֵׁע
	דָּלָק	v qa if 3 m s	דָּלָק
	עֲנֵי	n pn abs m s	עֲנֵי
	חַפְשָׁו	v ni if 3 p	חַפְשָׁה
	מְזֻמָּה	prep n pn abs f p	מְזֻמָּה
	גַּה	rel	גַּה
	חַשְׁבֵּי	v qa pf 3 m p	חַשְׁבֵּי
3	כִּיהְלֵל	conj v pi pf 3 m s	הַלֵּל
	רְשֵׁע	n adj abs m s	רְשֵׁע
	פָּאָנוֹתָה	prep n pn cst f s	פָּאָנוֹתָה
	נְפָשָׁו	n pn cst f s sf 3 m s	נְפָשָׁה
	בְּצֵעָה	v qa ptc abs m s	בְּצֵעָה
	בְּרֵךְ	v pi pf 3 m s	בְּרֵךְ
	נְאֵז	v pi pf 3 m s	נְאֵז
	וְהַנָּהָה	n nd	וְהַנָּהָה
4	רְשֵׁע	n adj abs m s	רְשֵׁע
	גְּבוֹהָה	prep n pn cst m s	גְּבוֹהָה
	אָרֶף	n pn cst m s sf 3 m s	אָרֶף
	פְּרֵשָׁה	neg v qa if 3 m s	פְּרֵשָׁה
	אַיִן	neg	אַיִן
	אַלְהִים	n nd	אַלְהִים
	מְזֻמָּה	n pn cst m s n pn cst f p sf 3 m s	מְזֻמָּה
5	יְחִילָה	v qa if 3 c p	חִילָה

	דְּרָכִי	n pn cst m p sf 3 m s	דְּרָכִי
	בְּכֶל־עַת	prep n pn cst m s n pn abs f s	עַת
	מְרוֹם	n pn abs m s	מְרוֹם
	מְשֻׁפְטִיךְ	n pn cst m p sf 2 m s	מְשֻׁפְטִיךְ
	מְנֻגְדּוֹ	prep subst sf 3 m s	מְנֻגְדּוֹ
	כָּל	n pn cst m s	כָּל
	צָוָרְכִי	v qa ptc act abs m p sf 3 m s	צָוָרְכִי
	יִפְתַּח	v hi if 3 m s	יִפְתַּח
	בְּהָמָ	prep sf 3 m p	בְּהָמָ
6	אָמֵר	v qa pf 3 m s	אָמֵר
	לְבָבָ	prep n pn cst m s sf 3 m s	לְבָבָ
	בְּלִאָמָוֹת	neg v ni if 1 c s	מְרוֹט
	לְדָרָ	prep n pn abs m s	דָר
	וְדָרָ	n pn abs m s	דָר
	אָשָׁר	rel	אָשָׁר
	לְאָבְרָעָ	neg n pn abs m s pausa	לְעָ
7	אֲלָה	n pn abs f s	אֲלָה
	פִּיהָ	n pn cst m s sf 3 m s	פִּיהָ
	מְלָא	v qa pf 3 m s	מְלָא
	וּמְרֻמָּות	n pn abs f p	וּמְרֻמָּות
	וְתָחַ	n pn abs m s	וְתָחַ
	פְּתַחָ	prep	פְּתַחָ
	לְשׁוֹנוֹ	n pn cst f s sf 3 m s	לְשׁוֹנוֹ
	עַמְלָ	n pn abs m s	עַמְלָ
	וְאוֹנוֹ	n pn abs m s	וְאוֹנוֹ
8	יִשְׁבֵ	v qa if 3 m s	יִשְׁבֵ
	בְּמִאָרָבָ	prep n pn cst m s	בְּמִאָרָבָ
	חַצְרִים	n pn abs m p	חַצְרִים

				מִסְתָּר
		בַּמְסֻטָּרִים	prep def art n pn abs m p	שָׁרֶג
		נָהָרָג	v qa if 3 m s	נָהָרָג
		נָקֵץ	n adj abs m s	נָקֵץ
		עִינֵּיו	n pn cst f du sf 3 m s	עִינֵּיו
		לְחַלְכָה	prep n adj abs m s	חַלְכָה
		יַצְפָּנוּ	v qa if 3 c p	צַפְנוּ
9		יָאָרֶב	v qa if 3 m s	אָרֶב
		בַּמְסֻטָּר	prep def art n pn abs m s	מִסְתָּר
		פָּאָרוֹה	prep n pn abs m s	פָּאָרוֹה
		בְּסָכָה	prep n pn cst m s sf 3 m s	סָכָה
		יָאָרֶב	v qa if 3 m s	אָרֶב
		לְחַטּוֹף	prep v qa inf cst	חַטּוֹף
		עֲנֵנִי	n adj abs m s	עֲנֵנִי
		נְחַטָּף	v qa if 3 m s	חַטָּף
		עֲנֵנִי	n adj abs m s	עֲנֵנִי
		בְּמַשְׁכוֹ	prep v qa inf cst sf 3 m s	מַשְׁךָ
		בְּרַשְׁתוֹ	prep n pn cst f s sf 3 m s	רַשְׁתָּה
10		יְדַכָּה	v qa if 3 m s	יְדַכָּה
		יְשַׁחַד	v qa if 3 m s	שְׁחַד
		וְנִפְלֵל	v qa pf 3 m s	נִפְלֵל
		עַצְזָום	prep n adj cst m p sf 3 m s	עַצְזָום
		חַלְקָאים	n adj abs m p	חַלְקָאים
11		אָמַר	v qa pf 3 m s	אָמַר
		בְּלֵבוֹ	prep n pn cst m s sf 3 m s	לִבְבָה
		שְׁכָחָה	v qa pf 3 m s	שְׁכָחָה
		אַל	n nd	אַל
		סְתִּירָה	v hi pf 3 m s	סְתִּירָה
		פְּנֵיהָ	n pn cst m p sf 3 m s	פְּנֵיהָ

		בְּלֹרָאָה	neg v qa pf 3 m s	בְּלֹרָאָה
		לִנְצָח	prep n pn abs m s (adv)	נְצָח
12		קוֹמָה	v qa imv 2 m s emph	קוֹם
		יַחֲנוֹת	n nd	יַחֲנוֹת
		אֶל	n nd	אֶל
		גַּשְׁאָה	v qa imv 2 m s	גַּשְׁאָה
		גַּדֵּגָה	n pn cst f s sf 2 m s	גַּדֵּגָה
		תַּשְׁכָּחָה	v qa if 2 m s	תַּשְׁכָּחָה
		אַלְעָנִים	neg n adj m p	עֲנִים
13		עַלְמָה	interr	עַלְמָה
		גַּאַז	v pi pf 3 m s	גַּאַז
		רְשָׁע	n adj abs m s	רְשָׁע
		אֱלֹהִים	n nd	אֱלֹהִים
		אָמֵר	v qa pf 3 m s	אָמֵר
		בְּלֹבּוֹ	prep n pn cst m s sf 3 m s	בְּלֹבּוֹ
		לֹא	neg	לֹא
		תְּרוֹדֵשׁ	v qa if 2 m s	תְּרוֹדֵשׁ
14		כְּאַפָּה	v qa pf 2 m s	כְּאַפָּה
		כִּידְאַפָּה	conj n pers pn 2 m s	אַפָּה
		עַמְלָה	n pn abs m s	עַמְלָה
		וְכֻעָם	n pn abs m s	כֻּעָם
		תְּבִיט	v hi if 2 m s	תְּבִיט
		לְמֹת	prep v qa inf cst	מוֹת
		בְּגַדָּן	prep n pn cst f du sf 2 m s	גַּדְגֹּן
		עַלְיָה	prep sf 2 m s	עַלְיָה
		יַעֲזֵב	v qa if 3 m s	עַזֵּב
		תַּלְכָּה	n adj abs m s	תַּלְכָּה
		יַהֲוָם	n pn abs m s	יַהֲוָם

	אַפְּה	n pers pn 2 m s	אַפְּה
	קִיִּית	v qa pf 2 m s	קִיִּית
	עֹזֶר	v qa ptc act abs m s	עֹזֶר
15	שָׁבֵךְ	v qa imv 2 m s	שָׁבֵךְ
	וְרוּעַ	n pn cst f s	וְרוּעַ
	רְשֻׁעַ	n adj abs m s	רְשֻׁעַ
	רְעַעַ	n adj m s	רְעַעַ
	תְּדַרְוֹשַׁ	v qa if 2 m s	תְּדַרְוֹשַׁ
	רְשֻׁעַוּ	n adj cst m s sf 3 m s	רְשֻׁעַוּ
	כְּלַתְמַצָּא	neg v qa if 2 m s	מַצָּא
16	יְהֹוָה	n nd	יְהֹוָה
	מֶלֶךְ	n pn abs m s	מֶלֶךְ
	עוֹלָם	n pn abs m s	עוֹלָם
	נָעַד	n pn abs m s	נָעַד
	אֲבָדוֹ	v qa pf 3 c p	אֲבָדוֹ
	גּוֹיִם	n pn abs m p	גּוֹיִים
	מְאָרָצֶז	prep n pn cst f s sf 3 m s	אָרֶץ
17	פָּאוֹת	n pn cst f s	פָּאוֹת
	עֲנוּוִים	n adj abs m p	עֲנוּוִים
	שְׁמַעַתּוֹ	v qa pf 2 m s	שְׁמַעַתּוֹ
	יְהֹוָה	n nd	יְהֹוָה
	כָּוִין	v hi if 2 m s	כָּוִין
	לְכַבֵּב	n pn cst m s sf 3 m p	לְכַבֵּב
	קְשַׁבֵּב	v hi if 2 m s	קְשַׁבֵּב
	אָנוּגָן	n pn cst f s sf 2 m s	אָנוּגָן
18	לְשָׁפֶט	prep v qa inf cst	שָׁפֶט
	יְהֹוָם	n pn abs m s	יְהֹוָם

נִידָּך	n adj	נִידָּך
בְּלִי-וִיסֵּר	neg v hi if 3 m s	וִיסֵּר
עוֹד	adv	עוֹד
לְעַרְצָן	prep v qa inf cst	עַרְצָן
אֲנוֹשׁ	n pn abs m s	אֲנוֹשׁ
מִן-הָאָרֶץ	prep def art n pn abs m s	אָרֶץ

2.3.1.4 Stigometriese analise

2.3.1.4.a Indeling van Psalm 10 in versreëls en versbene

Vers 1 kan soos volg ingedeel word:

- * Een versreël (1) met twee versbene waarin die digter in die eerste persoon met JHWH praat.
Hierdie sinonieme parallelisme beklemtoon die afstand wat die digter ervaar ten opsigte van JHWH se ingrype in tye van nood. Metrum 4 + 3.

לְמִתְהָרָה יְהֻנָּה פָּעַמְד בְּרוֹחָק
תְּעִלִּים לְעַתּוֹת בְּאַרְחָה:

Vers 2 bestaan uit:

- * Een versreël (2) wat uit twee versbene saamgestel is. Rede: Twee selfstandige sinne wat 'n antitetiese parallelisme vorm. In beide versbene is die goddelose die subjek. Die antitetiese parallelisme stel die negatiewe aksie van die goddelose teenoor die ellendige en terselfdertyd ook sy moontlike einde. Metrum 4 + 4. Die moontlikheid bestaan om die metrum ook as 2 + 2 en 2 + 2 in te deel. Dit bring egter nie beduidende nuwe betekenis tot die inhoud van die versreël nie.

בְּגָאוֹת רְשָׁעָה זְלָק עֲנֵי
יְקַפֵּשׂ בְּמִזְמּוֹתָה זוֹ חָשְׁבוֹ:

Vers 3 bestaan uit:

- * Een versreël (3) wat uit twee versbene saamgestel is. Hierdie sinonieme parallelisme vorm die rede vir die ondergang van die goddelose. Beide versbene spreek van 'n negatiewe verbale handeling

(spog, vloek en verag) teenoor JHWH. Die goddelose word hier in dieselfde asem as die winsjagter genoem. Die eenheid word versterk deur die metrum van 4 + 4.

**פִּיהָלְלָרְשׁוּ עַל־פְּאֹוֹתָנֶשׁ
וּבְצֻעַרְבְּךָ נָאֵץ יְהֹוָה:**

Vers 4 bestaan uit:

* Een versreël (4) met twee versbene wat 'n sinonieme parallelisme vorm. Deur inversie word klem geplaas op die goddelose. Sy trots veroorsaak dat hy nie erkenning aan God gee nie. In die eerste versbeen ‘soek hy nie’ – ‘n gedagte wat uitgebrei word in die tweede versbeen: As hy nie God soek nie, is die noodwendige gevolg dat hy sal sê: ‘Daar is geen God nie’. Metrum 4 + 3.

**רְשׁוּ כָּגֹבָה אֲפּוֹ בְּלִיְדָרְשׁ
אֵין אֱלֹהִים כָּל־מִזְמֹחָיו:**

Vers 5 bestaan uit:

* Een versreël (5) wat uit drie versbene bestaan. In hierdie sinonieme parallelismses word die persepsie van die goddelose ten opsigte van die oënskynlike afwesigheid van God beklemtoon. Die drie kort versbene (metrum: 3 + 3 + 3) dra by tot die klem op die ontkennende handeling van die goddelose.

**יְחִילְוִי דְּרָכֵיכְיוּ בְּכָל־עַתָּה
מְרוּם מְשֻׁפְטִיכְנָה מְנַגְּדוֹ
כָּל־צָורְכֵיכְיוּ בְּפִיחַת קְהֻםָּה:**

Vers 6 bestaan uit:

* Een versreël (6) met twee versbene. Hierdie sinonieme parallelisme eggo die vorige versreël wat 'n verdere klem lê op die arrogansie en oënskynlike voorspoed van die goddelose. Deur die tegniek van inversie en herhaling in die tweede versbeen word die gedagte van die onbegrensheid van die goddelose uitgebrei. Metrum 3 + 4.

לֹדוּ נָדוּ אֲשֶׁר לְאַבְרָהָם:

Vers 7 bestaan uit:

- * Een versreël (7) wat 'n sinonieme parallelisme vorm deur twee versbene. Beide versbene bevat 'n verwysing na die negatiewe verbale handelinge van die goddelose. Metrum 5 + 4.

אֱלֹהִים פִּיהוּ מְלָא וּמְרֻמָּה וְתַךְ
פְּחַד לְשׁוֹנוֹ שָׁמָל וְאָנוּ:

Vers 8 bestaan uit:

- * Een versreël (8) met drie versbene. Weer eens drie kort sinonieme parallelismses wat uitdrukking gee aan die sluheid ('hinderlaag', 'skuilplek' en 'lê op loer') van die goddelose (metrum: 3 + 3 +3). Drie begrippe word saam gebruik as die lydende party(e): dorpe, onskuldige en ongelukkige.

יְשַׁב בְּמִארְבּ תְּצִירִים
בְּמִסְפָּרִים וְתַרְגֵּן נָקִי
עִינָיו לְחַלְכָה יַצְפָּנוּ:

Vers 9 bestaan uit:

- * Een versreël (9) wat uit drie versbene bestaan. Die gedagtes van versreël 8 word deur hierdie sinonieme parallelisme uitgebrei en verder versterk ('lê op loer', 'skuiling', 'leeu', 'lêplek', 'vang', 'gryp', 'trek', 'net'). Metrum: 4 + 3 + 4.

יְאָרְבּ בְּמִסְפָּר פָּאָרִיה בְּסָכָה
יְאָרְבּ לְחַטּוֹף עֲנֵי
יְחַטּף עֲנֵי בְּמִשְׁכּוּ בְּרַשְׁתָהוּ:

Vers 10 bestaan uit:

- * Een versreël (10) wat uit twee versbene opgebou is. In hierdie versreël word die geykte woordorde radikaal verbreek. Die subjek word aan die einde van die versreël geplaas met drie werkwoorde wat

mekaar vinnig opvolg om 'n angstige effek te bewerk. Hierdie sintetiese parallelisme bring die verskriklike lot van die regverdige aan die hand van die goddelose weer in fokus. Metrum 2 + 3.

וְרָכָה יִשְׁתַּחֲוֵד
וְנֶפֶל בְּעַצּוֹמָיו חַלְקָאִים

Vers 11 bestaan uit:

- * Een versreël (11) bestaande uit twee versbene. Hierdie sinonieme parallelisme beklemtoon weer die argeloosheid van die goddelose deur drie sinne waarin die tema herhaal word: God sien die onreg nie raak nie. Metrum 4 + 4.

אָמַר בְּלֹבֶן שְׁכָחَ אֶל
הַסְּתִיר פָּנָיו בְּלֹרָאָה לֹנְצָחָה:

Vers 12 bestaan uit:

- * Een versreël (12) met drie versbene. Die metrum (3 + 2 + 2) versterk die sinonieme parallelisme. Die verbreking van die ritme deur die gebruik van drie kort sinne lei 'n nuwe stansa in. Drie bevele (oproepe) word direk tot JHWH gerig om tot aksie oor te gaan en reg aan die regverdige te laat geskied. Inhoudelik staan hierdie versreël in kontras met die voorafgaande versreël: die goddelose dink God het vergeet, maar nou word God opgeroep om te wys dat Hy nie vergeet het nie.

קוֹמָה יְהֹוָה אֶל
נִשְׁאָן זָהָב
אֶל-הַשְּׁכָחָה עֲנֵנִים

Vers 13 bestaan uit:

- * Een versreël (13) saamgestel uit twee versbene. 'n Sinonieme parallelisme, versterk deur die metrum (4 + 4), gee die goddelose se ontkenning van God se gerig weer.

עַל-מָה נָאַז רְשֻׁעָאָלְהִים
אָמַר בְּלֹבֶן לֹא תִּרְאֶשׁ:

Vers 14 bestaan uit:

- * Een versreël (14) met twee versbene wat 'n sintetiese parallelisme konstrueer. JHWH het die ellende gesien, dit gee aan die digter die vrymoedigheid om dit aan Hom oor te gee met die wete dat Hy reg sal laat geskied. Metrum 4 + 3.

רַאֲתָה כִּי־אָתָה עַמְלֵךְ וְכָעֵם
תְּבִיט לְחַת בְּנֵיךְ

Vers 15 bestaan uit:

- * Twee versreëls (15 en 16). Versreël 15 het twee versbene. Die ongelukkige en die wees word in 'n sinonieme parallelisme saamgevoeg. Hierdie parallelisme herhaal die gedagte van die voorafgaande versreël. JHWH is die Een aan wie alle ellende oorgegee word, Hy sal vir die res sorg. Die metrum is 3 + 4.

עַלְיכָן יִעַזְבֶּן חָלָכָה
יְהֹוָם אָתָה קָיִץ עֹזֶר:

- * Versreël 16 word saamgestel uit twee versbene. Hierdie versbene vorm 'n sinonieme parallelisme wat die digter se oproep tot JHWH se geregtelike optrede teenoor die goddelose weergee. Die goddelose en kwaaddoener word hier saamgroepeer. Hierdie parallelisme kontrasteer JHWH se mag teenoor die oënskynlike mag van die goddelose. Metrum: 4 + 3.

שָׁבֵד זָרוּעַ רְשֻׁעַ וְרַע
תְּדוֹרֹשָׁרְשָׁעוּ בְּלִתְמַצָּא:

Vers 16 bestaan uit:

- * Een versreël (17) wat twee versbene bevat met 'n metrum van 4 + 3. Deur die antitetiese parallelisme word JHWH se ouoriteit as Koning gestel teenoor die nasies wat moet vlug voor Hom. Verder staan die woorde 'vir ewig en altyd' (**עוֹלָם נְאָר**) in kontras met die kortstondigheid van die nasies (hulle sal vergaan - **אָבְדוּ**).

יְהוָה מֶלֶךְ עַולְם וְעֹד
אָבֵדו גּוֹיִם מְאָרְצָו:

Vers 17 bestaan uit:

*Een versreël (18) met twee versbene. In hierdie sinonieme parallelisme word die feit dat JHWH die hulproep van die ellendiges hoor en hulle versterk, beklemtoon. Metrum: 4 + 4.

פָּאֹנָה עֲנוּנִים שְׁמֻמָּעָת יְהוָה
פְּכִין לְבָם פְּקַשִּׁיב אָזְנָן:

Vers 18 bestaan uit:

* Een versreël (19) wat opgebou is uit drie versbene. Hierdie sinonieme parallelisme (met die klimaktiese metrum van 3 + 3 + 2) skets die gevolg van JHWH se optrede teenoor die regverdige en die goddelose. Die wees en verdrukte word hier saamgegroep, met 'n universele verwysing na die mensdom aan wie meer perke gestel word.

לְשִׁפְט חָרָם וְדָן
בְּלִיּוֹסִיף עוֹד לְעַרְצָה
אָנוֹשׁ מְרַחַץ אָרָץ:

2.3.1.4.b Resultaat

Uit die indeling van Psalm 10 in versbene en versreëls blyk die volgende:

- (1) Die 19 verse van Psalm 10 in die MT kan op grond van die maatstawwe wat hierbo aangedui is, ingedeel word in 19 poëtiese versreëls.
- (2) 14 versreëls is distiges.
- (3) 5 versreël is tristiges.
- (4) Die metrum van 5 van hierdie versreëls is 4+3
- (5) Die metrum van 5 van hierdie versreëls is 4+4
- (6) Dic metrum van 2 van hierdie versreëls is 3+4
- (7) Die metrum van 1 van hierdie versreëls is 5+4

- (8) Die metrum van 1 van hierdie versreëls is 2+3
- (9) Die metrum van 2 van hierdie versreëls is 3+3+3
- (10) Die metrum van 1 van hierdie versreëls is 4+3+4
- (11) Die metrum van 1 van hierdie versreëls is 3+2+2
- (12) Die metrum van 1 van hierdie versreëls is 3+3+2

Die versreëls word in baie gevalle antiteties teenoor die voorafgaande of daaropvolgende versreël gestel wat bydra tot die polarisering van die drie partye: vrome, vyand en JHWH.

2.3.1.5 Stilistiese analise

2.3.1.5.a Kommunikatiewe middele

2.3.1.5.a.i Ongrammatikaliteit

- **Metafoor**

- **Tenor-vehicle**

JHWH word Helper (vers 15) en Koning (vers 17) genoem. Die feit dat JHWH as 'n helper en koning geteken word, skep 'n gevoel van sekuriteit en rustigheid. JHWH is die Een wat in beheer is, Hy regeer en het die finale sê. By Hom is die regverdige veilig.

Die woorde: 'hinderlaag' (בָּאָתָּה), 'skuilplek' – twee maal (מִסְתַּחַר), 'lêplek' (לֵבֶךְ) en 'net' (רֶשֶׁת) wat kort op mekaar in verse 8 en 9 voorkom, word gebruik as beelde waarin die onderduimsheid en listigheid van die goddelose getypeer word. Die goddelose word uitgebeeld as mense wat op die regverdige jag maak en met slinkse planne sy ondergang wil bewerkstellig.

- **Vergelyking**

In vers 9 word die aksies van die goddelose teenoor die ellendige vergelyk met 'n leeu wat op loer is in sy lêplek.

- Uitgestelde identifikasie

Die ongelukkige (חַלְפָאִים) word aan die einde van die sin in vers 10 geplaas. Deur hierdie tegniek word spanning verhoog en 'n groter klem op die ongelukkige geplaas.

2.3.1.5.a.ii Ekstra patroonvorming

- Metrum

Die metrum word funksioneel aangewend in Psalm 10. Telkens wanneer die patroon verbreek word met 'n versreël wat drie kort versbene bevat, word die tempo verhoog, bou spanning op en dek dit die tafel vir 'n wending wat kan intree. Vergelyk in dié verband vers 5, 8, 9, 12 en 19. Wanneer die metrum van Psalm 9 met dié van Psalm 10 vergelyk word, is daar 'n baie duidelike verskil te sien.

- Klankverskynsels
- Alliterasie en assonansie

Sien Addendum A vir 'n volledige aanduiding van die alliterasie en assonansie.

- Woordspel

Soek (שׁוֹק) word in vers 4 totaal anders gebruik as in vers 15. In vers 4 word dit in verband gebring met die gesindheid wat ontbreek by die goddelose wat nie na JHWH vra nie. Vers 15 stel die handeling van JHWH wat die goddeloosheid tot die einde toe vervolg.

In vers 1 word מִתְּבַּעַר (תְּבַעַר) en in vers 11 פָּתַח gebruik wat albei 'verberg' beteken. In die eerste geval is dit woorde in die mond van die regverdige, maar in die tweede geval plaas die digter hierdie woorde in die mond van die goddelose. Deur middel van hierdie kleurvolle stilistiese tegniek versterk die digter die klimaktiese opbou van spanning en die gevoel van défaitisme. So asof die vermoede van die regverdige nou in die woorde van die goddelose bevestig word.

Die woord 'vergeet' (חַכֵּשׁ) word in vers 11 en 12 in verskillende kontekste gebruik. In vers 11 word die woord in die mond van die goddelose geplaas: 'God het van al die onreg vergeet.' Vers 12 bring 'n wending en staan inhoudelik teenoor vers 11. Hier word 'n beroep op God gedoen om tog nie die regverdige te vergeet nie. Deur die kontrasterende gebruik van die woord 'vergeet', word die wending skerper geëts.

2.3.1.5.b Resultaat


Die resultate van die stilistiese analise word in 2.3.1.6 deur middel van strukture weergegee en by ter saaklike plekke in die studie verreken.

Dit is baie duidelik dat hierdie psalm stilisties oordeelkundig saamgestel is en 'n afgerondheid vertoon. Deur die hele psalm is die versreëls ten nouste gekoppel en versterk dit die polemies-dialogiese karakter van die psalm. Begrippe wat tot dieselfde semantiese veld behoort, kom dikwels saam in 'n sinonieme parallelisme voor (sien byvoorbeeld vers 3: goddelose/winsjagter, vers 8: onskuldige/ongelukkige, vers 15: ongelukkige/wees, vers 15: goddelose/kwaaddoener, en vers 18: wees/verdrukte).

2.3.1.6 Stigometriese struktuur

Die kolomme word in die volgorde van stansas, strofes, versreëls, metrum, BHS teks, BHS versindeling, versbene en struktuur ingedeel.

I	A	1	4		לֹא־הָיָה יְהוָה פָּעַמְד בְּרוּחָה פָּעָלִים לְעֵתָה בְּאֶרְהָה:	1	a	
		3				b		
II	B	2	4		בְּגָאוֹת רְשָׁע יְדַלֵּק עֲנֵי יְהֻפְשֵׂה בְּמִזְמָה זֹה חִשְׁבָּה:	2	a	
		4				b		
		3	4		כִּי־הָלַל רְשָׁע עַל־פְּתָאָה נְפָשָׁו וּבְצָע בְּרַךְ נָאֵץ יְהוָה:	3	a	
		4				b		
C	4	4			רְשָׁע כְּגָבָה אֶפְוּ בְּלִיזְרָשָׁה אַיִן אֱלֹהִים כָּל־מִזְמָהִוָּה:	4	a	
		3				b		
		5	3		חַילּוּ דְּרָכֵיכְיוּ בְּכָל־עַת מְרוּם מְשֻׁפְטִיךְ מְגַדֵּה	5	a	
		3				b		
		3			כְּלִצּוּרְכְּיוּ בְּפִית בְּהַם:	c		
D	6	3			אָמַר בְּלֹבּו בְּלִאָמֹות לְדוֹר וְדוֹר אָשָׁד לְאָבָרָע:	6	a	
		4				b		



			אלה פיהו מלא ומרמהות נתקן	7	a
		4	פתה לשונו עמל ונאנן:	b	
E	8	3	ישב במארכ בחררים	8	a
		3	במסטרים נחרג נקי	b	
		3	עיניו לחקלה יצפנו:	c	
	9	4	יארב במפקדר כאריה בסכה	9	a
		3	יארב לחטוף עני	b	
		4	נחתך עני במשכו בראשתו:	c	
F	10	2	ונפה ישע	10	a
		3	ונפל בעצומיו חלפאים	b	
G	11	4	אמר בלבו שכח אל	11	a
		4	הסתר פניו בל-ראיה לנצח:	b	
III H	12	3	קומה יתונה אל	12	a
		2	נשא נזר	b	
		2	אל-חשבח ענינים	c	
I	13	4	עלמה נאץ רשות אללים	13	a
		4	אמר בלבו לא תדרש:	b	
J	14	4	ראתה כי-אה עמל וכעס	14	a
		3	פבייט לחח בידך	b	
	15	3	עליך יעזוב חלכה	15	a
		4	יחום אהה קנית עורה:	b	
K	16	4	שבור זרוע רשות ורע	16	a
		3	חרודוש-דרשו בל-תמצא:	b	
L	17	4	יתונה מלך עולם ועד	17	a
		3	אבדו גויים מארצו:	b	
M	18	4	חאות עננים שמעת יהה	18	a
		4	חכין لكم פקшиб אונגן:	b	
	19	3	לשפט יחום נזר	19	a
		3	בל-יוסיף עוד לערד	b	
		2	אנוש מונ-הארץ:	c	

2.3.1.6.a Vertaling

Stansa Strofe Versreël

- | | | | |
|----|---|----|---|
| I | A | 1 | Waarom, JHWH, staan u so ver weg?
(waarom) verberg U (Usel) in tye van nood? |
| II | B | 2 | In die trotsheid van die goddelose vervolg hy die ellendige.
Mag hulle gevang word in die planne wat hulle beraam het. |
| | | 3 | Want die goddelose spog oor die begeertes van sy siel,
en die oneerlike winsjagter vloek ⁶ , verag JHWH. |
| | C | 4 | Die goddelose, ooreenkomsdig die trots van sy gelaat, soek ⁷ nie;
“Daar is geen God nie,” dit is al sy gedagtes. |
| | | 5 | Sy weë is altyd voorspoedig.
Hoog daarbo is U regsprake, uit sy sig.
Al sy teenstanders - hy blaas op hulle. |
| D | | 6 | Hy sê in sy hart: “Ek sal nie doodgemaak word nie;
van geslag tot geslag, sal (ek) wees waar daar geen teëspoed is nie.” |
| | | 7 | Sy mond is vol van vloek, asook bedrog en verdrukking.
Onder sy tong is moeilikheid en onreg. |
| E | | 8 | Hy sit in die hinderlaag van dorpe.
In die skuilplek vermoor hy die onskuldige.
Sy oë is op loer vir die ongelukkige. |
| | | 9 | Hy lê op loer in die skuiling soos ‘n leeu in sy lêplek;
Hy lê op loer sodat hy die ellendige kan vang.
Hy gryp die ellendige, dan trek hy hom in sy net. |
| F | | 10 | Die ongelukkiges word verbrysel, sink ⁸ en val
vanweë sy mag. |
| G | | 11 | Hy sê in sy hart: “God het vergeet,
Hy het sy gesig verberg, Hy sal dit nooit sien nie.” |

⁶ Sien in dié verband 1Kon 21:10, 13; Job 1: 5, 11; 2: 5, 9.

⁷ Die teologiese betekenis word hier verstaan soos uiteengesit in Botterweck, GJ & Ringren, H 1978, s.v. **שְׁמָךְ**, TWAT.

⁸ Die *waw* ontbreek in die Hebreus om 'n *constructio asyndetos* te vorm. Sien in dié verband Kautzsch (1990: 484) nota 154a. Hierdie retoriiese tegniek veroorsaak 'n gejaagde, passievolle effek.

- III H 12 Staan op JHWH, God!
 Lig op U hand!
 Moenie die ellendiges vergeet nie!
- I 13 Waarom verag die goddelose God⁹?
 (Waarom) sê hy in sy hart: “U sal nie soek¹⁰ nie?”
- J 14 U het gesien - ja, U, die moeite en ergernis;
 U het (dit) gemerk, sodat ‘n mens (dit) in U hand kan gee.
- 15 Aan U gee die ongelukkige (dit) oor.
 Die wees, U is (sy) helper.
- K 16 Breek die arm van die goddelose en kwaaddoener,
 soek¹⁰ sy goddeloosheid (totdat) U niks meer vind nie.
- L 17 JHWH is Koning vir ewig en altyd;
 die nasies sal vergaan uit sy land¹¹.
- M 18 Die begeerte van die ellendiges sal U hoor, JHWH;
 U sal hulle hart versterk (en) U oor sal (tot hulle) neig.
- 19 Sodat daar reg geskied aan die wees en verdrukte,
 sodat daar nie meer skrik aangejaag word
 deur enige mens van die aarde nie.

2.3.1.6.b Resultaat

Uit die stigmatische analyse hierbo blyk die volgende:

- 1) Psalm 10 is ‘n gedig wat uit 19 versreëls bestaan;
- 2) 14 versreëls is distiges;
- 3) 5 versreëls is tristiges;
- 4) Op grond van sintaktiese, retoriiese en semantiese kriteria kan die 19 versreëls van Psalm 10 soos volg in strofes ingedeel word:
 - a) Versreël 1 (waar die digter sy frustrasie uitdruk oor JHWH se afsydigheid) vorm strofe A;

⁹ Die objekmerker ontbreek. Die objek word aangedui en aan die werkwoord gekoppel deur jukstapositionering. Hierdie verskynsel kom ook in Psalm 9:21 voor. Meer hieroor in Kautzsch (1990: 491) nota 157a.

¹⁰ Hier kan die woord ‘שׁׁלֵג’ ook in ‘n regsdomein verstaan word: JHWH ondersoek die goddeloosheid of ‘sy aarde’.

- b) Versreëls 2 en 3 (die goddelose wat in sy trotsheid JHWH verag en die ellendige vervolg) vorm strofe B;
- c) Versreëls 4 en 5 (brei uit op die trotsheid van die goddelose in strofe B – hy hou nie rekening met die regsspraak van God nie, daarom minag hy sy teenstanders) vorm strofe C;
- d) Versreëls 6 en 7 (die negatiewe woorde van die vyand) vorm strofe D;
- e) Versreëls 8 en 9 (die beskrywing van die goddelose se slinkse gedrag) vorm strofe E;
- f) Versreël 10 (waar die nood van die ongelukkige tot ‘n hoogtepunt gevoer word) vorm strofe F;
- g) Versreël 11 (waar die arrogante woorde van die goddelose eindig in die spot dat God tog onbetrokke is) vorm strofe G;
- h) Versreël 12 (hier is die digter in die eerste persoon aan die woord en praat hy direk met JHWH, God) vorm strofe H;
- i) Versreël 13 (waar die digter die dade en woorde van die goddelose laat weerklink in ‘n uitroep tot JHWH) vorm strofe I;
- j) Versreëls 14 en 15 (gerig tot JHWH waarin die digter tot ‘n belydenis kom dat JHWH tog die ellende sien en iets daaraan doen) vorm strofe J;
- k) Versreël 16 (waar JHWH weer direk versoek word om die mag van die goddelose en kwaaddoener finaal tot niet te maak) vorm strofe K;
- l) Versreël 17 (‘n geloofsbelijdenis dat JHWH Koning is en dit die rede is dat die nasies sal vergaan) vorm strofe L;
- m) Versreëls 18 en 19 (waar die regverdige bely dat die gebede van die ellendiges finaal verhoor sal word sodat reg sal geskied en elke mens sy posisie voor JHWH sal besef) vorm strofe M;
- 4) Op grond van dieselfde kriteria, kan genoemde 13 strofes soos volg in stansas saamgegroep word:
- a) Strofe A (waar die digter sy frustrasie uitdruk oor JHWH se afsydigheid) is stansa I;

- b) Strofes B, C, D, E, F en G (waar die gedagtes¹², woorde¹³ en dade¹⁴ van die goddelose na vore kom, en die ellende van die regverdige aan die hand van die goddelose uitgespel word) is stansa II;
- c) Strofes H, I, J, K, L en M (waar die regverdige direk met JHWH praat en 'n beroep doen op JHWH se optrede, oordeel en ontferming om die goddelose te straf en die regverdige te red) is stansa III;

2.3.1.7 Opsomming van die struktuur

Stansa I

In hierdie eenheid word die frustrasie en pleidooi van die vroom digter uitgedruk vanweë JHWH se afwesigheid in tye van nood.

Stansa II

Die nood van die regverdige is vanweë die kwaadwillige optrede van die vyand. In hierdie stansa is die arrogansie en agnostiese houding van die goddelose op die voorgrond. Die goddelose is deurgaans die handelende party. Deur sewe parallelismes word sy trots, onceerlikheid, onverskilligheid, slinksheid en mag beklemtoon.

Stansa III

Hierdie stansa word ingelei deur 'n oproep tot JHWH om op te tree en reg te laat geskied. Hierdie stansa word gekenmerk deur oproepe (vers 12 en 15) en belydenisse (vers 14, 15, 16 en 17). JHWH is die enigste aktant in die stansa. Sy dade verander die posisie van die regverdige sowel as dié van die goddelose. Die stansa bereik 'n klimaks in vers 18: JHWH se optrede het die gevolg dat die posisie van die regverdige, by name die wees en verdrukte (**עַדְלָה מִתְּרֻמֶּה**), nou geregtig is, en geen mens (**עַדְלָה**) - dit sluit veral die goddelose in – meer sy perke kan oorskry nie. JHWH het die laaste sê.

¹² Die goddelose is trots, beraam planne, het slechte begeertes, verag JHWH en sy gedagtes ontken God.

¹³ Die goddelose spog, vloek (twee maal), sê in sy hart dat God nie bestaan nie, sê in sy hart dat hy nie dood sal gaan nie, bedrieg en verdruk mense met sy woorde, bring moeilikheid en onreg met sy woorde en sê dat God niks sal raaksien of onthou nie.

¹⁴ Hy vervolg die ellendige, soek nie God nie, blaas op sy teenstanders, stel 'n hinderlaag op, vermoor die onskuldige, lê op loer vir die ongelukkige, vang, gryp en trek die ellendige in sy net, verbrysel die ongelukkige.

2.3.1.8 Teologie

In stanza I word die afstand tussen JHWH en die regverdige uitgedruk in ‘n uitroep (**הָנָךְ**). Hierdie uitroep is tiperend van die eerste helfte van die gedig (stansa I en II) wat die vorm van ‘n klaaglied aanneem (cf. Van Uchelen 1971: 69-70 asook Hossfeld & Zenger 1993: 87). Die digter weet dat JHWH die oplossing is tot sy onmiddellike krisis, maar hoe verder JHWH staan hoe meer is die goddelose op die voorgrond.

In stanza II word die oorsaak van die nood aan die lig gebring. Die digter ervaar die vyandige optrede van die goddelose as dade wat sy lewensruimte bedreig. Hy kan nie meer ‘n sinvolle bestaan voer nie vanweë die goddelose. Die goddelose se weë word as oënskynlik stabiel en voorspoedig voorgestel, teenoor die regverdige wat ‘n sukkelbestaan voer. Die woorde wat in die mond van die goddelose gelê word, verduidelik hoekom die goddelose so vyandig optree. In sy verwysingsraamwerk is daar nie plek vir God nie - God is buite sy realiteit. Hy is immuun teen God en die regverdige. Vervolgens is daar geen las op sy gewete (*conscience*) nie en kan hy die regverdige bykom soos hy wil.

Die spanning word verhoog deurdat JHWH, die regverdige en die vyand/goddelose afwisselend in die onderskeie eenhede voorkom sonder dat die situasie enigsins verbeter. Die goddelose (vers 11) eggo die woorde van die regverdige (vers 1) - JHWH/God het homself verberg. Oënskynlik lyk dit dan wel of JHWH afsydig staan en nie die ongebalanseerde situasie kan regstel nie (sien in dié verband 2.3.1.5.a.ii – Woordspel).

‘n Wending tree vanaf stanza III in wanneer die regverdige direk in die tweede persoon met God/JHWH begin praat. Die enigste hoop vir die regverdige is om JHWH in hierdie ‘goddelose’ realiteit in te trek om sodoende ‘n stabiliteit in sy eie wêreld te bewerk. Hy rig sy appèl tot JHWH in die vorm van ‘n oorlogskreet (cf. Numeri 10: 35), versterk deur drie kort kragtige imperatiewe en die metrum van 3+2+2 wat ‘n beslisheid aandui. JHWH se optrede is deurgaans universeel en raak beide die regverdige, die goddelose en hulle totale omgewing (sien veral vers 15, 16 en 18).

In hierdie psalm is dit duidelik: vir die goddeloses is daar net twee partye in hierdie wêreld; hulself met al hulle brutaliteit, en die mense wat swakker as hulle is (die ellendiges, onskuldiges,

ongelukkiges, die wees en die verdruktes, wat in vrees lewe dat hulle deur die mag van die goddeloses vernietig sal word). God het nie 'n plek in hulle lewe nie. Aan die ander kant is daar vir die vromes egter meer as net hierdie twee partye: hulle sien in hulle wêreld die verdere realiteit van God. God is aan die kant van die vromes en Hy sal die goddelose vernietig en weer reg aan die vromes laat geskied (10:18). Van Uchelen (1971: 71) som dit raak op wanneer hy sê: "... ook hier weer in dubbele betekenis: naar de aard van zijn koningschap biedt God hulp aan de kwetsbaren en stelt paal en perk aan het schrikbewind van de goddeloze vijanden – ook zij zijn maar mensen."

2.4 Opsomming en konklusie

Die retoriiese strategie in Psalm 9 verskil baie duidelik met dié in Psalm 10. Beide psalms toon 'n logiese en stilistiese afgerondheid. Psalm 9 begin met lofprysing vanweë JHWH se verlossingsdade, op grond daarvan word 'n beroep op JHWH gedoen om tog in die digter se nuwe krisis in te gryp. JHWH se ingrype/regpraak bewerk die goddelose se ondergang en laat reg geskied aan die regverdige. Die psalm eindig met die versoek dat JHWH die goddelose op hulle plek sal sit. Psalm 10 begin asof die digter vasgevang is in sy krisis en daar geen uitkoms in die vooruitsig is nie. Met die goddelose gaan dit goed en die regverdige delf die onderspit. Groot klem word op die goddelose se persepsie geplaas dat God afwesig is. Hierdie persepsie weerspieël in 'n mate ook die gevoel van die regverdige dat JHWH nie naby is. Die regverdige het insig in die optrede en denke van die goddelose. By drie geleenthede word woorde in die vyand se mond gelê (cf. Coetzee 1997:2). Al hierdie woorde het 'n negatiewe konnotasie en getuig van die vyand se arrogansie.

Alhoewel albei psalms inherent logies en stilisties opgebou is, is daar duidelik 'n tematiese ooreenkoms. JHWH word in 'n krisis betrek om weer nuwe perspektief te bring: Hy regverdig die godvresende en sit die goddelose op hulle plek. Hy is die enigste Een wat die rolle kan verander. Daar is dus 'n duidelike driehoeksverhouding tussen JHWH, die regverdige en die vyand wat in balans gehou moet word ter wille van die regverdige se sinvolle funksionering in sy omgewing en gemeenskap.

Bowen (1989) werk met die teorie dat die meeste verhoudings waarin mense staan as driehoek-verhoudings getypeer kan word. Hy stel dit soos volg:

The theory states that the triangle, a three-person emotional configuration, is the molecule or the basic building block of any emotional system, whether it is in the family or any other group. The triangle is the smallest stable relationship system. A two-person system may be stable as long as it is calm, but when anxiety increases, it immediately involves the most vulnerable person to become a triangle. When tension in the triangle is too great for the threesome, it involves others to become a series of interlocking triangles ... In periods of calm, the triangle is made up of a comfortable close twosome and a less comfortable outsider.


(Bowen 1989: 373)

Reeds in 1964 het Westermann (1964: 269-295) gewys op die driehoeksverhouding tussen JHWH, die regverdige en die vyand. Deur sy appèl op JHWH poog die regverdige om hierdie driehoeksverhouding weer te bevestig en sy werklikheid te stabiliseer. Brueggemann (1991: 4) merk tereg op: "In this poem, the decisive party is Yahweh, who governs powerfully and equitably. Yahweh is the one who takes all the decisive actions. It is Yahweh, executor of judgement, whose actions determine the social position and possibility of the other two parties." JHWH is die bepalende subjek van hierdie psalms wat ommekeer bewerk en die onderskeie posisies weer bepaal. Die vyand speel vervolgens ook 'n baie belangrike rol in die verhouding van die digter tot JHWH. Hy is eintlik 'n noodsaaklike entiteit om die balans te waarborg.

Die regverdige se teëparty word telkens die vyand, nasies, goddelose, die stede, haters, winsjagter, en kwaaddoener genoem. Hierdie begrippe word soms afsonderlik, soms saam in sinonieme en sintetiese parallelismes, asook in verskillende kombinasies gebruik (sien byvoorbeeld Psalm 9: 6, 9, 18, 20 en Psalm 10: 3). Dit wil eerder lyk of die Psalmdigter doelbewus nie 'n stabiele en identifiseerbare identiteit aan die 'vyand' wil koppel nie, soos moontlik ook oor die algemeen die geval in die Psalms is. Croft (1987: 71) noem hierdie verskynsel "an empty metaphor". Hier is dus nie sprake van 'n ontwikkeling of skakering van die begrip 'vyand' soos die *Gattungskritik* graag sou wou sien nie. Die verskil lê eerder op stilistiese vlak. Teenoor die meeste studies oor die identiteit van die vyand, is die gevolg trekking in hierdie studie dat die funksie van die 'vyand' binne die driehoeksverhouding tussen JHWH, die regverdige en die vyand veel eerder oor die identiteit en posisionering van die gelowige

gaan, as oor die ‘vyand’ self. Die gelowige verstaan sy verhouding met JHWH in terme van die ‘vyand’ se verhouding ten opsigte van JHWH en JHWH se negatiewe verhouding met die ‘vyand’.

Skematis kan dit so voorgestel word:



Figuur 1: Die funksionering van die vyand in die driehoeksverhouding

Hierdie skema wil duidelik iets van die spiritualiteit van die regverdige tot sy reg laat kom. Daar is beslis 'n tendens by meer resente kommentatore soos Davidson (1998) om groter aksent op hierdie aspek te plaas. Croft (1987: 47-48) het oortuigend aangetoon dat die identiteit van die regverdige baie te make het met die identiteit van die vyand. Brueggemann (1991: 78-82), op voetspoor van Gottwald, het reeds bevredigend aangetoon dat gebede in die Ou-Testamentiese tyd in die openbaar gebid is en sodoende doelbewus rugbaar gemaak is. Deur die gebed is daar gepoog om 'n invloed op die hoorders, veral die vyand, uit te oefen. Meer hieroor in Hoofstuk 3 en 4.

HOOFSTUK 3

SEMANTIESE ONDERSOEK

3.1 Inleiding

Semantiek het te doen met betekenis. Vir die verstaan van enige taaluiting behoort die studie van die gevoelswaarde van woorde van kardinale belang te wees. Ullmann (1964: 31-35) wys daarop dat woorde die kleinste eenhede van taal is wat die moontlikheid het om 'n 'complete uttering' te wees. Hierdie woorde staan gewoonlik in 'n relasie, byvoorbeeld 'n subjek met 'n predikaat, of 'n kwalifiseerdeder met 'n gekwalifiseerde. So 'n kombinasie word 'n frase genoem. Semantiek het vervolgens te make met die studie van die relasies van woorde om betekenis te gee. De Saussure (1916) het taal vergelyk met 'n skaakspel, bestaande uit sekere elemente en 'n stel reëls vir hulle kombinatoriese beweging. Taal is 'n inventaris en 'n stel reëls. Taal (soos skaakstukke) het egter 'n onderlinge relasie. 'n Sekere waarde word aan 'n kasteel toegeken in ooreenstemming met sy beweeglikheid ten opsigte van ander stukke. Die vraag watter waarde (betekenis) woorde ontleen aan hulle verhouding ten opsigte van ander woorde in die leksikon, word deur die studie van woordvelde en semantiese komponente blootgelê.

Enige veldteorie berus op die aanname dat woorde onderling verwant is deur middel van 'n netwerk van ooreenkoms en kontraste, dit wil sê dat die leksikon nie 'n ongeordende klas individue is nie. Die geskakeerdheid van woorde binne 'n semantiese veld berus op die verdere aanname dat geen volledige sinonieme bestaan nie, met ander woorde dat geen twee leksikale items ooit dieselfde betekenis kan hê in al die kontekste waarin die woorde mag voorkom nie (sien ook in dié verband Louw & Nida 1987: xvi). Hierdie aanname hou wel daarmee rekening dat woorde om stilistiese en retoriiese redes in 'n bepaalde konteks uitruilbaar kan wees. Die verdere gevær dat die betekenis van een woord oorlaai kan word met die betekenisse van verwante woorde, of 'illegitimate totality transfer', word ook terdeë besef.

Daar is hoofsaaklik twee benaderings tot die veldteorie: Trier (1934) en Porzig (1934). Die onderliggende aanname by albei is die Saussuriaanse siening dat taal 'n sisteem is waarin alles met alles saamhang. 'n Woord bestaan nie los van 'n netwerk van betrekkinge met ander woorde nie. Trier het in hoofsaak gelet op die paradigmatische verhoudinge (*paradigmatische lexikalische*

Systemgedanke): die verhouding tussen woorde wat mekaar op ‘n gegewe plek in ‘n sin kan vervang. Porzig het weer die rol van sintagmatische betrekkinge beklemtoon: die verhouding tussen woorde wat ‘n hegte verbintenis in opeenvolging aangaan. Hierdie benaderings hoef nie noodwendig teenoor mekaar te staan nie, en word vir die doel van die ondersoek komplementêr gebruik. Só kan ‘n verantwoordelike resultaat bereik word deur ‘n kritiese studie van betekenis wat gebaseer word op die analise van verwante woorde en hulle funksionering in sinsverband en nie op die analise van verskillende betekenisse van ‘n enkele woord nie.

3.2 Identifikasie van die aktante

Volgens die Kognitiewe Semantiek maak die mens gebruik van ‘n proses van kategorisering om die wêreld te kan begryp en nuwe ervarings te kan interpreteer (vergelyk Lakoff, 1987: xvi). In dié verband stel Fowler et al (1979: 96) dat ‘...even the simplest, most basic description of a particular thing or event, any judgment about its nature, involves classifying it and registering its similarities and analogies with other things’. Taal is ten nouste betrokke by die proses van kategorisering deurdat kategoriegrense afgedwing word deur die keuse van leksikale items en grammatikale strukture.

Hierdie keuses word egter nie in ‘n ideologiese vakuum uitgeoefen nie. Fowler (1991: 54-60) voer hierdie gedagte verder. Na sy mening word menslike kommunikasie onderlê deur sisteme van oortuigings en aanname, kategoriseringsisteme en onderskeidende sjablone (*discriminating grids*) wat die wêreld uitbeeld volgens die behoeftes en ervarings van die gemeenskappe waarbinne kommunikasie plaasvind. Konsepte wat in bepaalde verhoudings tot mekaar staan, sowel as die geassosieerde ervaring van die werklikheid, vorm ‘klusters’ van onbewuste kennis wat deur sprekers van dieselfde groep gedeel word en waaruit geput word in die proses om sin te maak van die omringende wêreld. Deur die herhaalde gebruik van leksikale items – wat tot ‘n spesifieke ‘kluster’ behoort – in ‘n bepaalde konteks, word ‘n nomenklatuur gevestig.

Uit die voorafgaande studie het dit aan die lig gekom dat die naamwoorde en partisipia wat na mense verwys in albei psalms in twee groepe verdeel kan word: dié met ‘n positiewe konnotasie en dié met ‘n negatiewe konnotasie. Hierdie kategorisering bring ‘n ideologiese skema tot stand wat ten doel het om die werklikheid beter te verstaan. In ‘n ideologiese diskouers, soos Psalms 9 en 10, kan onderskei word tussen onto- en heterostereotipes (*ons* en *hulle*). Outostereotipering het te doen met die positiewe aanbieding van die eie groep en sy ideologie, en heterostereotipering het meestal te doen

met die uitwysing van die negatiewe eienskappe en optrede van die buitegroep¹⁵. Die digter plaas homself onder die regverdiges wat getrou bly aan JHWH. Die vyand daarenteen behoort tot die buitegroep wat in ‘n baie negatiewe verhouding met JHWH staan. Deurdat die regverdige digter JHWH as ‘n derde rolspeler ingetrek het, het hy JHWH die bepalende faktor gemaak wat die twee opponerende groepe se identiteit en stand definieer.

Die eksegetiese ondersoek het reeds aangetoon dat die regverdige (wat bykans sonder uitsondering in die eerste persoon aan die woord is) en die goddelose (wat bykans sonder uitsondering in die derde persoon optree) ‘n polariteit vorm. Hierdie polariteit word bewerkstellig deur die funksie van benoeming, en deur die handelinge wat aan die regverdige, JHWH en die goddelose toegedig word.

3.3 Die partye in die woordveld ‘vyand’

Hier kom die paradigmatische verhouding van die terme binne die woordveld aan die orde. Die vyand word in Psalm 9 uitgebeeld met woorde soos ‘vyand’ - אֹיְב (vers 4, 7), ‘nasies’ - גּוֹיִם (vers 6, 16, 18, 20, 21), ‘goddelose’ - עָשָׂר (vers 6, 17, 18), ‘stede’ - מַדּוֹן (vers 7) en ‘haters’ - נָנָשׁ (vers 14). Psalm 10 gebruik weer die woorde ‘goddelose’ - עָשָׂר (vers 2, 3, 4, 13, 15), ‘winsjagter’ - בְּצֻעָּר (vers 3), ‘kwaaddoener’ - עָשָׂר (vers 15) en ‘nasies’ - גּוֹיִם (vers 16). Al hierdie woorde het ‘n negatiewe konnotasie en behoort duidelik tot die kategorie van mense wat in ‘n negatiewe religieuse verhouding met JHWH staan. Hierdie partye in Psalms 9 en 10 vorm ‘n groot persentasie van die totale versameling van die woordveld ‘vyand’ wat in die psalms voorkom. Ander van die meer prominente partye wat nog bygevoeg kan word, is die ‘teenstander’ (צָר, צָרָר) en die ‘doener van onreg’ (אָנָּשֶׁן פָּגָן)¹⁶.

3.3.1 Komponensiële analise

De Stadler (1989: 107) wys daarop dat die veldteorie slegs tot sy reg kan kom indien dit gekombineer word met ‘n komponensiële analise (sien De Stadler 1989: 49-60 en 107-116 vir verskillende

¹⁵ Sien veral die studie van Carstens (1996: 65-75) waar hierdie beginsels toegepas word op verregse Afrikaanse weekblaaie.

¹⁶ Vir ‘n bespreking van die onderlinge relasies tussen al hierdie partye sien Botha (1992: 256-261). Die studies van Croft (1987) en Birkeland (1955) is baie bruikbaar, maar daar kan kritiek uitgespreek word teen die feit dat al die terme in die woordveld nie daarin verdiskontereer word nie en dat daar te veel staat gemaak word op hipoteties gekonstrueerde kontekste.

moontlikhede mbt die komponensiële analise). Die gedagte grondliggend aan ‘n komponensiële analise is dat betekenis ontleedbaar mag wees in kleiner (meer basiese) komponente. Die semantiese komponente word gekies soos hulle in Psalms 9 en 10 voorkom. Hierdie analise het ten doel om sekere betekenisverskille en –ooreenkomste te beskryf. Elke lid van die woordveld ‘vyand’ word gemeet aan ‘n semantiese kwalifikasie. Die volgende matriks poog om die geskakeerdheid binne die woordveld ‘vyand’ bloot te lê.

Psalm 9	NEGATIEF	VERVOLG VROME	JHWH SE GERIG	ARROGANT TROTS	EINDE DOOD
vyand	+	-	+	-	+
nasies	+	-	+	+	+
goddelose	+	-	+	-	+
stede	+	-	+	-	+
haters	+	+	-	-	-
Psalm 10					
goddelose	+	+	+	+	-
winsjager	+	-	-	+	-
kwaaddoener	+	-	+	-	-
nasies	+	-	+	-	+

Dit is duidelik uit bogenoemde analise dat al die woorde in die woordveld ‘vyand’ nie in albei psalms voorkom nie. Die kwalifikasies waarmee die betrokke partye aangebied word, is ook nie volkome uitruilbaar nie. Voorts is die frekwensie waarin die goddelose in Psalm 10 voorkom, aansienlik meer as dié in Psalm 9. Die onderskeid word verder versterk deur die afwesigheid van die winsjager en kwaaddoener in Psalm 9 en die vyand, stede en haters in Psalm 10. Die woorde ‘nasies’ en ‘goddelose’ (twee maal), en ‘vyand’ en ‘stede’ kom saam in Psalm 9 in sinonieme parallelismes voor; waar ‘goddelose’ en ‘winsjager’, en ‘goddelose’ en ‘kwaaddoener’ in Psalm 10 gekombineer word in sinonieme parallelismes. Van der Lugt (1980) en Watson (1984) het reeds sorgvuldig gehandel oor die belangrikheid van parallelismes en die feit dat dit dikwels nou verwante gedagtes saamvoeg. Dit beteken egter nie dat die woorde volkome ooreenstemmend is nie. Taal het die neiging om eerder toutologieë te negeer en ekonomies met woorde om te gaan. Die gebruik van sinonieme is dikwels die


doelbewuste vermyding van die gebruik van dieselfde woord ter wille van stilistiese oorwegings.

Sawyer (1972: 76) verkies om in dié verband eerder te praat van ‘referential identity’ as van sinonieme. Sinonieme word in hierdie ondersoek hanteer as sinne/terme wat onder dieselfde voorwaardes waar is. Daar is dus sekere situasies waarin ‘n woord volkome uitruilbaar kan wees en ander gevalle waar daar weer ‘n onderskeid getref moet word. Hierdie beginsel lei tot die geskakeerdheid van woorde. Dit kan goed geïllustreer word deur die beginsel van hiponomie.


3.3.2 Hiponomie

Hiponomie het te doen met die feit dat klasse sekere subklasse kan bevat. Die hele beginsel van die inklusiwiteit en die interseksie van klasse, soos dit by punt 3.3.1 voorkom, kan die beste deur middel van Venn-diagramme verduidelik word. Die frekwensie, kombinasie en literêre afstand van die subordinate van die ‘vyand’ word deur middel van grootte en afstand verdiskonter.

Psalm 9



Psalm 10



Figuur 2: Inklusiwiteit en interseksie van die klas: Vyand

3.3.3 Digotomie

Digotomie is 'n belangrike struktuurprinsiep in die leksikon waarin uitdrukking gegee word aan teenstellings en teenpole. In 'n sekere sin kan dit beskou word as die teendeel van sinonimie. Onder die beginsel van digotomie kan komplementariteit, wat vir die doel van die studie belangrik is, ingedeel word.

3.3.3.1 Komplementariteit

Komplementariteit kom voor wanneer al die nie-lede van een klas lede is van 'n ander klas, en omgekeerd. Met betrekking tot Psalms 9 en 10 sou dit grafies so voorgestel kon word:

KLAS A (PRIMÊR)	KLAS B (KOMPLEMENT)
Regverdige	Vyand
(Die party/e wat erkenning aan JHWH gee)	(Die party/e wat nie rekening met JHWH hou nie)

Hier is nie sprake van graduele verskille nie. ‘n Betrokke party is hier regverdig of nie regverdig nie. Die lede van die komplementêre klas bevat deurgaans ‘n ontkenningselement en is onverenigbaar met die lede in klas A. Hierdie verskynsel het ten doel om die identiteit en afgegrensdheid van die primêre klas te bepaal. ‘n Individu kan nie lid wees van sowel die klas as die komplement van die klas nie. Komplementêre woordpare staan dus in ‘n stel – hefverhouding tot mekaar. Indien ‘n individu se lidmaatskap van so ‘n klas bevestig word, word sy lidmaatskap van die komplement van dié klas tegelykertyd ontken. Om te sê dat ‘n party regverdig voor God staan, impliseer om te ontken dat hierdie selfde party nie in die regte verhouding met God staan nie. Binne hierdie skema sou die vyand die rol vervul om die primêre party in die regte lig te stel. Daar is reeds vroeër breedvoerig gehandel oor die tispering van die vyand as ‘n instansie teenoor die regverdige. Die primêre party is die regverdige. Sy eienskappe is positief teenoor die eienskappe van die vyand wat soos die negatief van ‘n foto kontrasteer ten opsigte van die regverdige. Om hierdie kontras skerper aan te bied word die regverdige in Psalm 9 vereenselwig met terme soos onderdrukte (vers 10), hulle wat JHWH se naam ken (vers 11), ellendiges (vers 13, 19) en die behoeftige (vers 19). In Psalm 10 word die regverdige gegroepeer by die ellendige (vers 2, 9 - 2 maal, 12, 17), die onskuldige (vers 8), die ongelukkige (vers 8, 10, 14), die wees (vers 14, 18) en die verdrukte (vers 18). Al hierdie terme word in ‘n positiewe lig gestel en ontlok simpatie by die hoorder. Die vyand is die noodsaaklike skurk in die verhaal om hierdie positiewe beeld van die regverdige te help skep en in balans te hou.

Alhoewel daar verskillende name gebruik word om die regverdige en goddelose uit te beeld, toon al die lede van hierdie groepering dieselfde karaktereienskappe. Op sintagmatiesevlak is dit duidelik dat hierdie groep dieselfde tipiese optrede het. Die onderskeie aksies en relasies kan soos volg getabuleer word:

Psalm 9

Vers	Handelende party	Aksie	Objek/Rigpunt
	REGVERDIGE		
1, 2	1ste persoon	loof, wonders bekend maak, bly wees, jubel, lofsing	JHWH, Allerhoogste
11	hulle wat JHWH ken	vertrou	JHWH
12	2de persoon	lofsing	JHWH

12	2de persoon	vertel JHWH se dade	volke
15	1ste persoon	bekendmaak	JHWH se dade
15	1ste persoon	verheug	JHWH se verlossing
	VYAND		
4	vyand	agteruitwyk, gestruikel, omgekom	voor JHWH
7	vyand	tot einde gekom	
16	nasies	gesink	deur eie toedoen
16	(nasies)	gevang	deur eie toedoen
18	goddelose	keer terug na doderyk	
18	nasies	keer terug na doderyk	
21	nasies	moet besef hulle is mense	
	JHWH		
5	2de persoon	behartig reg en oordeel	regverdige
5	2de persoon	gesit op troon as regverdige Regter	
6	2de persoon	tereggewys	nasies
6	2de persoon	omgebring	goddelose
6	2de persoon	uitgewis	(nasies, goddelose)
7	2de persoon	verwoes	stede
8	3de persoon	sal vir ewig sit	
8	3de persoon	troon opgestel vir regsspraak	
9	3de persoon	oordeel	wêrelد
9	3de persoon	oordeel	volke
10	3de persoon	sal skuilplek wees	onderdrukte
11	2de persoon	verlaat nie	soekers
13	3de persoon	dink	(ellendiges)
13	3de persoon	vergeet nie	ellendiges
14	2de persoon	wees genadig	regverdige (1ste pers)
14	2de persoon	aanskou ellende	regverdige (1ste pers)
14	2de persoon	verhef	regverdige (1ste pers)

17	3de persoon	maak Homself bekend	
17	3de persoon	hanteer regsaak	
17	3de persoon	vang vas	goddelose
19	3de persoon	vergeet nie	behoeftige
19	3de persoon	laat nie verwagtinge verlore gaan	ellendige
20	2de persoon	staan op teen	mens
20	2de persoon	oordeel	nasies
21	2de persoon	plaas in vrees	(nasies)

Psalm 10


Vers	Handelende party	Aksie	Objek/Rigpunt
	REGVERDIGE		
1	1ste persoon	ervaar afstand van	JHWH
10	ongelukkiges	sink en val	vanweë goddelose
14	ongelukkige	gee moeite en ergenis oor	JHWH
	VYAND		
2	goddelose	vervolg	ellendige
2	(goddelose)	gevang word	(deur JHWH)
3	goddelose	spog	
3	winsjagter	vloek en verag	JHWH
4	goddelose	soek nie	JHWH
4	(goddelose)	ontken	God
5	(goddelose)	is voorspoedig	
5	(goddelose)	verplaas regspraak ver weg	(JHWH)
5	(goddelose)	blaas op	teenstanders (regverdiges)
6	(goddelose)	reken hy is onsterflik	
6	(goddelose)	reken hy sal geen teëspoed hê nie	
7	(goddelose)	vloek, bedrieg en verdruk	(regverdige)
7	(goddelose)	praat moeilikheid en onreg	

8	(goddelose)	sit in hinderlaag van dorpe	
8	(goddelose)	vermoor in sy skuilplek	onskuldige
8	(goddelose)	is op loer	ongelukkige
9	(goddelose)	lê op loer soos 'n leeu	(ellendige)
9	(goddelose)	lê op loer om te vang	ellendige
9	(goddelose)	gryp, trek in sy net	ellendige
10	(goddelose)	verbrysel	ongelukkiges
11	(goddelose)	reken God het vergeet, verberg sy gesig en sien niks nie	God
13	goddelose	verag	God
13	(goddelose)	reken JHWH sal nie soek nie	JHWH
16	nasies	sal vergaan uit sy land	
	JHWH		
1	2de persoon	staan ver weg?	(regverdige)
1	2de persoon	verberg?	(regverdige)
12	2de persoon	staan op!	JHWH, God
12	2de persoon	lig hand op!	(JHWH, God)
12	2de persoon	moenie vergeet!	ellendiges
14	2de persoon	het die moeite en ergernis gesien	
14	2de persoon	het dit (moeite en ergernis) gemerk	
14	2de persoon	is die Helper	die wees
15	2de persoon	breek arm!	goddelose en kwaaddoener
15	2de persoon	soek sy goddeloosheid!	(goddelose en kwaaddoener)
16	3de persoon	is Koning vir ewig en altyd	
17	2de persoon	sal die begeerte hoor	ellendige
17	2de persoon	sal hulle hart versterk, en luister	(ellendige)
18	JHWH	laat reg geskied	wees en verdrukte

Deur die gebruik van die voorsetsel **לְ** in Psalm 10: 17 en 18 word die lae posisie van die mens, veral die vyand, teenoor JHWH se verhewe posisie van mag uitgedruk. Die besitlike voornaamwoord **my** in vers 4 dui op die feit dat die vyand nie abstrak is nie, maar wel konkreet eksistensieel vir die regverdige is.

3.4 Die relasionele posisie van die ‘vyand’

Wanneer bogenoemde gegewens in oënskou geneem word, is dit opmerklik dat daar verskeie interaksies met ‘n sekere gevoelswaarde en kwaliteit tussen die drie partye in albei psalms is. Die vyand se houding teenoor die regverdige is dié van aanval en vernietiging (Vyand⇒Regverdige), die vyand se verhouding ten opsigte van JHWH is dié van arrogansie en ontkenning (Vyand⇒JHWH), JHWH oordeel en vernietig die vyand (JHWH⇒Vyand), en bring verlossing en herstel vir die regverdige (JHWH⇒Regverdige).



Figuur 3: Opsomming van relasies

In Psalm 9 is die regverdige deurgaans positief ten opsigte van JHWH op grond van sy verlossingsdade in die verlede. Die vyand se lot is reeds beseël. In Psalm 10 toon die optrede van die vyande ‘n regressie. Waar die vyand in die begin oënskynlike mag het en die oorsaak van ellende is, moet die vyand teen die einde maar weer besef dat hulle net mense is. Vir die regverdige is daar ‘n positiewe ontwikkeling: hy ervaar JHWH eers as afsydig, maar later maak sy gevoel al hoe meer plek vir ‘n geloofsbelidens. In beide psalms het JHWH die rolle omgekeer, Hy het die finale sê. Hierdie aspek word ondersteun deur die hoe frekwensie van woorde in die regsdomein (sien byvoorbeeld die

אָבֹדֶת , גָּעֲרָה , לְכַפֵּא שׁוֹפֵט צִדְקָה , מִשְׁפָּטִי וְדָינִי
gebruik van die volgende woorde in Psalm 9: גְּדֹין , יְשֻׁפֵּט-תְּבִל בָּצָרָק , לְמִשְׁפָּט כָּסָאוֹ , יְשָׁבָן , אָבֹד , גָּתְשָׁה
en in יְשֻׁפֵּטוֹ , מִשְׁפָּט עֲשָׂה , גְּדֹין , יְשֻׁפֵּט-תְּבִל בָּצָרָק , לְמִשְׁפָּט כָּסָאוֹ , יְשָׁבָן , אָבֹד , גָּתְשָׁה
Psalm 10: לְשֻׁפֵּט , גָּתָא גְּדֹן).

HOOFTUK 4

SOSIOLOGIESE INKLEDING

4.1 Inleiding

Daar bestaan vandag geen twyfel dat betekenis nie net deur die relasies tussen die linguistiese elemente van 'n teks bepaal word nie, maar ook deur die interaksie tussen teks en konteks (sien in dié verband Malina 1983; Gottwald 1985; Brueggemann 1991; Sheppard 1991). Soos reeds gestel is, word die sosiologiese omstandighede nie gesien as die sleutel tot die verstaan van die teks nie, maar dien dit slegs as verheldering daarvan. In die eksegese het dit duidelik na vore gekom dat die verhouding van die regverdige, JHWH en die vyand polemies in 'n driehoeksverhouding gestructureer is en dat dit 'n funksionele driehoeksverhouding is. Op grond hiervan gaan insigte vanuit die sosiologie, wat dieselfde aspekte aanraak, soos diadisme, eer en skande e.a. in hierdie hoofstuk verreken word. Hierdie navorsing in die sosiologie is reeds op verskeie terreine en in verskillende tydperke met betrekking tot die Ou-Testamentiese tyd beproef en suksesvol toegepas as 'n legitieme sleutel tot die verstaan van die interpersoonlike dinamika in die Mediterreense gemeenskap. Die waarde en bruikbaarheid van hierdie navorsing word nie hier beredeneer nie, maar as vertrekpunt aanvaar.

Dit het reeds duidelik geword uit die voorafgaande studie dat daar nie by kommentatore eenstemmigheid oor die *Sitze-im-Leben* van die betrokke psalms is nie. Die waarde van die diakroniese benaderings soos die *Literargeschichte*, *Gattungskritik*, *Redaktionskritik* en *Traditionskritik* word erken, maar het nog geen bevredigende en klinkklare antwoorde op die problematiek van die twee psalms gelewer nie. Hierdie studie wil nie in verdere spekulasie of bringimnastiek betrokke raak op dié gebied nie. Die sosiologiese inkleding word in hierdie studie nie gesien as 'n histories-kritiese lees van die teks nie, maar hierin word die waarde van sosiologiese, psigologiese en antropologiese studies verreken. Gottwald som die doel van sosiologiese studie soos volg op:

Sociological study of ancient Israel aims at grasping the typical patterns of human relations in their structure and function, both at a given moment or stage (synchronics) and in their trajectories of change over specified time

spans (diachronics). The hypothetically ‘typical’ in collective human behavior is sought by comparative study of societies and expressed theoretically in “laws,” “regularities,” or “tendencies” that attempt to abstract translocal and transtemporal structural or processual realities within the great mass of spatiotemporal particularities.

(Gottwald 1983: 27)

Die gevaar van veralgemening by sosiologiese studies, waar een model binne ‘n bepaalde tyd en plek, net so toegepas word op alle ander situasies, word terdeë besef. Alhoewel daar baie pogings deur kommentatore was om ‘n sosiologiese rekonstruksie van die omstandighede van die betrokke psalms te maak (sien maar net die verskeie uitgangspunte van die kommentare by die Inleiding), het dit tot soveel diverse sieninge, soms selfs tot blatante spekulasié gelei. Vanweë die ontstaansgeskiedenis en min historiese verwysings is daar tans nog geen konsensus oor hoe die Psalmbundel gegroepeer behoort te word nie (vergelyk o.a. Gottwald 1985: 535; Burger 1987: 9-19). Hossfeld en Zenger (1993: 1-25) bespreek die problematiek en verskillende benaderings ten opsigte van die datering, oueurskap, indeling, moontlike historiese kontekste en benutting van die Psalmbundel en wys weer eens op die gekompliseerdheid van hierdie sake. Bydraend tot die problematiek is die feit dat daar ‘n baie duidelike redaksionele proses binne individuele psalms was, soos hoogs moontlik ook die geval in Psalms 9 en 10 is. Vanweë die probleme om die redaksionele geskiedenis na te vors, sal die teks voorhande die uitgangspunt wees.

Op die terrein van sosiale waardes in die Bybelse tyd het Pilch en Malina hulself reeds as gesaghebbende eksponente gevestig. Alhoewel daar sekerlik ook kritiek teen sommige aspekte van sosiologiese ondersoeke uit te spreek is, val dit buite die bestek van hierdie studie om ‘n sosiologiese lees van ‘n teks verder te begrond¹⁷. Die resultate en die modelle van hierdie kultureel-antropologiese studies word aanvaar en as vertrekpunt gebruik. Die meeste navorsers is dit eens dat daar waardes en kodes bestaan waarvolgens ‘n samelewing homself organiseer en waaraan mense hulself meet en uitleef. Pilch en Malina definicer waardes soos volg:

¹⁷ cf. Gottwald, N K 1983. Sociological Method in the Study of Ancient Israel, in Gottwald, N K (ed), *The Bible and Liberation. Political and Social Hermeneutics*, 26-37. New York: Orbis Books. In hierdie artikel gaan Gottwald breedvoerig in op die fundering vir die noodsaak en metodologie vir ‘n sosiologiese lees van ‘n teks. Sien ook in dié verband Malina, B J 1983. The Social Sciences and Biblical Interpretation, in Gottwald, N K (ed), *The Bible and Liberation. Political and Social Hermeneutics*, 11-25. New York: Orbis Books. Malina antwoord veral op die kritiek dat ‘social sciences’ reduksionisties, onmoontlik en deterministies is. Hy bespreek vervolgens drie moontlike modelle en die minimum vereistes wat by modelle behoort te geld.

The word ‘value’ describes some general quality and direction of life that human beings are expected to embody in their behavior. A value is a general, normative orientation of action in a social system. It is an emotionally anchored commitment to pursue and support certain directions or types of actions ... In order to realize values, human beings create and utilize social institutions. A social institution is like a set of railroad tracks of a specific width laid out in a given direction toward a specific end or goal.

(Pilch & Malina 1998: xv, xvii)


Pilch en Malina (1998) onderskei verder verskillende soorte waardes by name kern - en periferie -, primère - en sekondêre -, en bemiddelende - (*means*) en doel (*end*) waardes. Vanweë die omvang van hierdie studie word volstaan by twee waardes naamlik diadisme, of te wel diadiiese persoonsbeskouing en eer/skande. Die twee waardes is ten opsigte van die fokus van die studie nou verwant en die waarde van eer en skande word hier as ‘n onderdeel van die diadiiese persoonlikheid hanteer. Eer en skande word hier gesien as ‘n strategie om die diadisme te versterk.

4.2 Diadiiese (tweevoudige) persoonsbeskouing

Pilch en Malina (1998: xv) poneer dat wanneer persone in ‘n Mediterreense konteks aan ons bekendgestel word, ons hulle leer ken in terme van hulle verhouding tot ‘n ander party of ‘n bepaalde plek. Individue word nie geken of gewaardeer op grond van hulle uniekheid nie, maar in terme van hulle diadiiese verhouding. Hulle stel vervolgens dat ... ‘dyadism is a means value by which one’s honour can be continually checked, affirmed, or challenged. And individual people would describe themselves in this way, as a servant of God, as a priest of God’s temple, and as a centurion of the Italian cohort.’ Hierdie soort identiteitsbepaling van ‘n individu is eie aan ‘n kulturele wêreld wat kollektief, hoogs gestructureerd en oordeelkundig geklassifiseerd is. God word binne hierdie sisteem ingetrek as die een wat die posisie en klassifikasie van partye kan bepaal – elkeen het dus sy gedefinieerde plek en funksie.

As ‘n ‘means value’ in die Mediterreense samelewing het diadisme gefunksioneer as ‘n manier om ‘n persoon se eer te bepaal en ook om meer eer te bekom. Die feit dat ‘eer’ ‘n publieke aanspraak tot waarde en status was, en die erkenning van die samelewing van daardie aanspraak, het teweeggebring dat die opinie van ander, en veral van God, baie belangrik geag is. ‘n Persoon was dus aangewese op God en ander mense vir sy gevoel van identiteit en die verstaan van sy rol en status in die gemeenskap. Hierdie beeld wat die individu van homself het, moet ooreenstem met die beeld wat die sleutelpersone in sy lewe aan hom voorhou as ‘n spieël van homself. Malina (1981:51) merk in dié verband op: “... a meaningful human existence depends upon the individual’s full awareness of what others think and feel about him, along with his living up to that awareness.” Dié sleutelpersone in sy lewe kom uit die ondersteuningsgroepe van gesin, familie, gemeenskap, stam, selfs van stad en volk [en baie beslis ook God – MJS]. ‘n Voorbeeld hiervan by uitnemendheid is die karakter Tevye in die rolprent ‘Fiddler on the Roof’ van Norman Jewison (1971).

‘n Belangrike aspek wat Malina, sover nagespeur kon word, nie aanspreek nie, is dat die omgekeerde ook waar kan wees. Alhoewel ‘n individu se selfbewussyn bepaal word deur sy groepsverbondenheid, die individu tog ook ‘n rol speel om ‘n persepsie in die samelewing te skep ten opsigte van ander partye en oor homself. Hiermee word nie ‘n individualistiese siening van die individu bedoel nie. Om ‘n kollektiewe bewussyn (*conscience*) te hê is immers ‘n dinamiese wisselwerking tussen al die rolspelers. In die kollektiewe groepskultuur sou daar diegene wees wat dieselfde sosiale status as ‘n betrokke individu besit, asook diegene wat ‘n hoër of laer sosiale posisie beklee. Al hierdie partye was daarom deel van ‘n netwerk van mense wat beïnvloed is en mense wat ‘n invloed uitgeoefen het. Verder was die invloed nie ewe sterk tussen individue en verskillende groepe nie. Partye was meer op mekaar aangewese hoe nader hulle aan mekaar gestaan het en hoe meer homogeen die groep was. Daar is dus sprake van ‘n konsentriese invloedsfeer. Grafies kan dit soos volg voorstel word:



Figuur 4: Die wisselwerking van individu en gemeenskap om bewussyn te bepaal.

Soos wat harmonie en solidariteit met ‘n betrokke groep die bewussyn van ‘n individu kon bepaal, só kon die disharmonie met of afgrensing teenoor ‘n ander groep ook bydra tot identiteitsbepaling. In ‘n sin kan hier dus van ‘n negatiewe diadisme gepraat word. In hierdie geval is daar ook sprake van die behoefté aan ‘n ander party waarteen ‘n persoon homself kan stel om só homself te posisioneer.

Hierdie twee aspekte van harmonie/solidariteit en disharmonie – alhoewel hy nie die begrippe gebruik nie – word breedvoerig geïllustreer deur Coetzee (1997) in sy retoriiese studie van Psalms 9 en 10. Hy wys veral op die retoriiese ‘mechanism of *claiming common ground*’ as ‘n strategie waardeur die digter homself probeer posisioneer. Een manier waardeur hierdie ‘*common ground*’ bewerkstellig kan word, is deur middel van die strategie van oordrywing. Die regverdige sal JHWH met sy *hele* hart loof, en *al* sy wonders vertel (9:1). Die naam יְהוָה behoort ook tot hierdie kategorie. Die hoë frekwensie en klem op woorde in die lofprysingswoordveld in 9:1-2 is opvallend. Die verdere gebruik van lofprysingswerkwoorde in die kohortatief (9:1, 14) is ‘n aanduiding van die digter se gretigheid om met JHWH te identifiseer. Woorde soos ‘tot ‘n einde gekom – puinhope vir ewig’ (9:6), ‘sal vir ewig sit’ (9:7), asook verwysings na die vyande en hulle lot (9:3, 5-6, 15-17, 20), na JHWH se oordeel (9:4-5, 8, 16, 19), en sy troon (9:4, 7, 11) is alles ‘n beklemtoning van JHWH se positiewe handelinge teenoor die regverdige en sy negatiewe optrede teenoor die vyand. Deur te verwys na JHWH se teregwysing van die nasies in die verlede (9:5), sy ewige regering en uitkoms (9:7, 18), die feit dat Hy ‘n skuilplek vir die onderdrukte is (9:9), en Hy nie dié wat sy naam ken en Hom soek, verlaat nie (9:10) poog die regverdige digter om legitimering en instemming by JHWH te kry vir wie hy is, wat hy sê en wat hy doen.


Psalm 10 begin met die oorredingstegniek van die digter om woorde in die mond van die vyand te lê as ‘n strategie om ‘*common ground*’ met JHWH te vind. Die regverdige digter het in hierdie psalm insig in die denke, woorde en dade van die vyand. Die vyand is trots en hoogmoedig (10:2, 4, 5, 13), spog en spot (10:3, 6, 7, 11), beraam planne (10:2) en vervolg die regverdige (10:2, 8, 9, 10). Teenoor die regverdige het die vyand geen behoefte om na JHWH te soek nie¹⁸. Hierdie negatiewe kwaliteite van die vyand word geskets ten opsigte van sy verhouding met die regverdige en óók ten opsigte van JHWH, anders as in Psalm 9 waar die aksies van die vyand primêr gerig was op die regverdige. Dié strategie het ten doel om die vyand in ‘n negatiewe lig te stel in terme van sy verhouding met die regverdige én JHWH, wat impliseer dat die regverdige eintlik die guns van JHWH geniet en met Hom geassosieer word. JHWH se rol is dus om aansien aan die posisie en status van die regverdige te verleen en om die vyand/mens weer op sy behoorlike plek te sit (vergelyk byvoorbeeld Psalm 9: 20-21 en Psalm 10: 16-18).

Sheppard (1991:64-65) bring ‘n verdere perspektief met sy betoog dat “... these prayers [soos Psalms 9 en 10 – MJS] were traditionally spoken out loud and intended to be overheard by friends and enemies alike. In that case, they do no belong to the rhetorical resources characteristic of a private and individual catharsis, but express their complaints and desires publicly ...”. Hierdie teorie word hier sonder verdere beredenering aanvaar¹⁹. Deur die openbare gebed word die luisterende gemeenskap opgeroep om die status en eer van die lydende regverdige weer te bevestig, en die vyand tot skande te maak. Die gebed het dus ten doel om JHWH in die openbaar as regter in te roep ten einde die sosiale geregtigheid en status van die regverdige te legitimeer. Hierdie legitimering deur ‘n autoritêre party kan nie anders as om deur die gemeenskap aanvaar te word nie.

Uit die eksegese en semantiese ondersoek het dit duidelik na vore gekom dat die partye in die betrokke psalms in ‘n driehoeksverhouding gekonstrueer is. Deur die sosiologiese inkleding het ‘n verdere

¹⁸ Vir meer besonderhede sien 2.3.1.5.a.ii en Coetze, J H 1997. Putting words into the enemy's mouth: the investigation of a rhetorical persuasion strategy in Psalm 9/10. *Ekklesiastikos Pharos* 79/1, 1-15.

¹⁹ Sheppard (1992: 69-82) illustreer sy teorie bevredigend aan die hand van praktiese voorbeeld uit gebede in die Ou Testament. Sien in dié verband ook Lewis, I M 1976. *Social Anthropology in Perspective: The Relevance of Social Anthropology*. New York: Penguin, 140-144.



Figuur 5: Funksionaliteit van waarde-oordele deur die gemeenskap in die driehoeksverhouding

Daar is reeds daarop gewys dat die realiteit van die regverdige polemies gekonstrueer is – ‘n tipiese werklikheid wat orals figureer waar sosiale verhoudings uit die twee betrokke partye bestaan. Die probleem in Psalms 9 en 10 is dat hierdie sosiale verhouding verwronge en buite perke geraak het. Deur sy ideologie het die vyand gepoog om God uit die alledaagse werklikheid te negeer. Die beste voorbeeld hiervan is die woorde in die mond van die vyand wat in Psalm 10 voorkom:

- “Daar is geen God nie” (vers 4)
- “Ek sal nie doodgemaak word nie;
van geslag tot geslag, sal (ek) wees waar daar geen teëspoed is nie.” (vers 6)
- “God het vergeet, Hy het sy gesig verberg, Hy sal dit nooit sien nie.” (vers 11)
- “U sal nie soek nie?” (vers 13)

Al vier stellings is awysings van God en spreek van die selfhandhawing en outonomie van die vyand²⁰.

Die regverdige trek duidelik aan die kortste end in sy alledaagse lewe wat ‘n ongebalanseerde verhouding met al die partye in sy lewe teweeg bring. Om die balans weer te herstel en sy status te

²⁰ Voeg hierby verbale aksies soos ‘Die goddelose verag (የኅንድ ፈቃድ) JHWH’ (vers 3); en ‘Waarom verag (የኅንድ) die goddelose God?’ (vers 13).

Die regverdige trek duidelik aan die kortste end in sy alledaagse lewe wat 'n ongebalanseerde verhouding met al die partye in sy lewe teweeg bring. Om die balans weer te herstel en sy status te handhaaf, beroep die regverdige homself op 'n algemeen aanvaarde en ouoritêre party buite homself (JHWH), maar ook 'n party waarteen niemand in die gemeenskap kan stry nie.

4.3 Eer en skande binne die verbondsverhouding van Psalms 9 en 10

Pilch en Malina (1998: 106-115) het sorgvuldig op die belangrikheid van eer en skande as sosiale waardes, wat die dinamika en funksionering van 'n gemeenskap in die Mediterreense wêreld bepaal het, gewys. Eer is 'n aanspraak op waarde wat in die openbaar erken word en 'n persoon se status bepaal. Dit was bedoel om deur die gemeenskap erken en herken te word. Eer en skande het dus relatiewe sosiale status gekommunikeer wat oor 'n tydperk of na gelang van omstandighede kan verander. Skande, as teenpool van eer, is 'n poging om eer te bekom, maar wat dan in die gemeenskap nie erken word nie. Om tot skande gemaak te word is daarom altyd negatief en het implikasie vir 'n persoon se selfwaarde en posisie. Skande het 'n verlies aan sosiale status teweeg gebring. Openbare vernedering was 'n lot wat dikwels selfs slechter as die dood was.

Daar is reeds in hierdie studie gewys op die rol van JHWH om die waarde, status en eer van 'n persoon te bepaal. Deur tot JHWH te roep om in te tree, kon die gelowige weer met eer of met groter aansien in die gemeenskap gevvestig word. Olyan (1996: 202) toon terdeg aan dat eer en skande waardes was wat 'n rol gespeel het in die Wes-Asiatiese (Midde-Oosterse) verbondsverhoudings om die posisie van die partye weer te definieer. Die funksionering van die verbond was integraal deel van die wêrldbeskouing van Antieke Israel en speel 'n belangrike rol in die diskouers tussen partye. Hy benadruk die belangrikheid van die beskermheer (JHWH) se eer binne hierdie verbondsverhouding. Olyan (1996: 204) verduidelik dit soos volg: "... honor is owed by an inferior to a superior: by the young to the elderly; by the worshipper to his or her deity (Ex 20:12/Deut 5:16, Hag 1:8, Mal 1:6) ... it is a commodity of value, actively sought both by deities and by human beings. It is often conferred or inscribed in the public sphere, through ritual action such as sacrifice and the order of its distribution ..." Hy wys verder daarop dat in nie-verbondsverhoudings die ondergeskikte altyd eer aan sy meerderes verskuldig is, maar in 'n verbondsverhouding het albei '*treaty partners*' die verantwoordelikheid om mekaar te eer, net soos wat hulle mekaar moet liefheê, selfs in situasies waar hulle op ongelyke vlak is. Wanneer 'n beskermheer 'n lojale verbondsgenoot eer (deur status,

legitimering of uitkoms te gee), versterk hy sodoende die binding van die bestaande verbond. Deur ‘n lojale party in die verbond te beskaam (deur nie status, legitimering en uitkoms te gee nie), het dit nie net tot gevolg dat daar ‘n verlies aan eer vir beide partye is nie, maar kan dit selfs ook gesien word as ‘n verbreking van die verbond. Olyan (1996: 205) som dit soos volg op wanneer hy stel: “The conferring of honor and the inscription of shame may function to externalize conformity or nonconformity to covenant stipulations or to communicate relative position in a status hierarchy”.

Psalms 9 en 10 is sprekend van hierdie verbondsverhouding en die diskopers wat plaasvind is duidelik binne die sfeer van die verbond. Die vername rolspelers in Psalms 9 en 10 is JHWH, die vrome en die vyand. Daar is reeds verwys na die belangrikheid van die rol van JHWH in die driehoeksverhouding (cf. Westermann (1964: 269-295) en Hoofstuk 4.2) om stabiliteit te gee. Die verhouding tussen die drie partye word gedefinieer deur die eer, of gebrek daaraan, wat hulle aan mekaar verleen. Alhoewel die woorde eer (**כבוד**) en skande (**קָלַל**) nie in die twee psalms voorkom nie, funksioneer die psalms eerstens in ‘n milieu waar eer en skande as sosiale waardes gegeld het, en tweedens kom daar ‘n hoë frekwensie van woerde voor wat in die semantiese woordvelde van ‘eer’ en ‘skande’ tuishoort. Meer hieroor later.

In Psalms 9 en 10 is daar duidelike sprake van resiproke eer: die regverdige het ‘n begeerte om aan JHWH getrou te bly - om eer te betoon was ‘n manier om die verbond te eerbiedig, maar hy het ook ‘n verwagting dat JHWH as sy beskermheer hom vir sy lojaliteit sal beloon. JHWH word in Psalm 9 geëer deur die lof wat die digter aan Hom bring in vers 2 en 3: “Ek sal JHWH loof, met my hele hart; ek wil al u wonders bekend maak. Ek wil bly wees en jubel in U; ek wil lofsing in u Naam, O Allerhoogste.” Die titel **עֶלְיוֹן** is ‘n aanduiding van JHWH se eer. Retories is hierdie ‘n baie goeie strategie van die digter om weer sy lojaliteit en eer aan JHWH te betoon. Die beskermheer-beskerming verhouding word vergestalt in woorde soos: “JHWH sal ‘n skuilplek vir die onderdrukte wees (9: 10), Hy dink aan die ellendige (9: 13), die behoeftige sal nie vergeet word nie, en die verwagting sal nie vergeefs wees nie (9: 19).” Die vermelding van “hulle wat die naam van JHWH ken” (9: 11), en JHWH se “naam” wat geprys word (9: 3) staan vir JHWH se eer wat gesoek en geprys word, en so staan die “naam van die vyand wat uitgewis word” (9: 7) vir die vyand se eer wat tot skande gemaak word. In Psalm 10 is daar nie veel sprake van lofprysing nie. JHWH word wel dikwels opgeroep om in te gryp en reg te spreek (10: 12, 15 en 18). Hy word bely as ‘n ‘helper’ (10: 14) en ‘Koning’ (10: 16). Die digter verwoord sy posisie as lojale beskerming met tiperende woorde

soos: ‘onskuldige’ (10: 8), ‘ongelukkige’ (10: 8, 10, 14), ‘ellendige’ (10: 9, 12, 18) en ‘wees en verdrukte’ (10: 18)²¹.

Soos wat JHWH se eer vermeerder word deur die lojale regverdige, net so kan sy eer (asook die eer van die regverdige) vermeerder word deur die negatiewe teëparty tot skande te maak. In Psalm 9 word dit uitgedruk deur frase soos: “vyande het agteruitgewyk, gestruikel en omgekom” (9: 4), “oordeel”, “tereggewys”, “verwoes”, “omgebring”, “terugkeer na doderyk” (9: 6, 7, 8, 9 en 18). Die beeld van die “stad wat verwoes is en tot puinhope gemaak is, die nagedagtenis wat vergaan het” (9: 7) is besonder funksioneel in die lig van kernwaardes soos eer en skande. In die antieke tyd was daar min skandes so groot soos ‘n stad wat nie herbou word nie. Nog groter was die skande van mense wat vergeet is. Groot waarde is geheg aan die herinnering en nagedagtenis van mense en hulle werke deur die nageslag (cf. byvoorbeeld Psalms 90 en 128). Wanneer ‘n persoon vergeet sou word, was dit asof hy nooit eers bestaan het nie. Die psalm sluit af met die bede dat “die mens nie sterk sal word nie … dat die nasies sal besef dat hulle net mense is (9: 20, 21). Hierdie bede is ‘n oproep op JHWH om hulle te beskaam en weer op hulle plek te sit. Psalm 10 is deurtrek met voorbeeld van die hubris van die goddelose, tiperend van die eer waarop die goddelose aanspraak maak: hy is “trots” (10: 2), hy “spog” (10: 3), hy “vloek” en “verag” JHWH (10: 4, 7, 13), hy ontken God (10: 4, 11) en “blaas op sy teenstanders” (10: 5). Alles tekenend van die goddelose se pogings om eer te bekom. Hy daag selfs God om sy eer uit. Die goddelose het JHWH se eer aangetas deur die hiérargie uit te daag met sy openbare aksies en artikulasies. Hy konformeer nie tot sy werklike posisie voor JHWH en die gemeenskap/regverdige soos dit gepas is nie. Soos Psalm 9 sluit Psalm 10 (vers 18) met die bede en belydenis dat die mens weer op sy plek gesit sal word, en nie meer die vermoë sal hê om ander te na te kom (tot skande te maak) nie.

Die eer wat die vrome aan JHWH bring het, word die basis waarop die digter ‘n beroep op JHWH doen om soos ‘n goeie beskermheer op te tree. Hier gaan dit eintlik nie net meer oor die digter self nie, maar om veel meer: JHWH se eer is op die spel. Hy moet noodgedwonge ingryp vanweë sy verbondsverpligtinge, anders sal die eer wat ‘n goeie beskermheer te beurt moet val, in gebreke bly. Daar is ‘n verwagting by die lojale gelowige dat JHWH soos ‘n goeie beskermheer sáal optree (cf. Psalm 10: 1 לְהָנֹת בַּרְחֹק פָּעֵמֶד הָיָה). Olyan (1996: 206) toon aan dat resiprokale eer ‘n hiérargiese

²¹ Sien Hoofstuk 3.3.3.1 vir ‘n meer uitgebreide hantering van die positiewe en negatiewe aspekte van die relasies tussen JHWH, die regverdige en die vyand.

invloed gehad het in situasies van ongelyke verbondsverhoudings. Deur lojaliteit te ontvang, deur beskerming te bied, word die posisie (eer) van die beskermheer nog verder in aansien gebring. Kortom, Psalms 9 en 10 gaan eintlik om die eer van JHWH. As JHWH die vyand laat swaarkry en op sy plek sit, styg die estimasie en geloofwaardigheid van die vrome en gevolglik neem JHWH se eer toe deur die aanbidding en dank wat die vrome aan Hom bring.

4.4 Sitz-im-Leben

Met inagneming van wat reeds by 2.1 aan die orde gestel is, sal gepoog word om ten minste 'n paar versigtige opmerkings oor die sosiologiese omstandighede van die digter (en sy vyand) te maak om sodoende tot 'n meer verantwoordbare konklusie te kom. In die studie van die kommentare het dit baie duidelik geblyk dat eksegete en kommentatore hulle dikwels verlaat op 'n bepaalde uitgangspunt sonder om dit weer krities te toets. Dit geld veral die rekonstruksie van die *Sitz-im-Leben*. Die gevaar bestaan dat 'n *Sitz-im-Leben* op spekulasië gebou word, en dikwels word dit die vertrekpunt vir die res van die studie.

Na alle waarskynlikheid is die Psalmbundel ongeveer tussen 325 vC en 250 vC voltooi met 'n klemverskuiwing van 'n kultiese gebruik na 'n gebruik met die oog op persoonlike toewyding (cf. Gottwald 1985: 525). Gottwald stel dit soos volg:

The move from a live cultic performance of psalms to their collection as literature was a major one, in which much of the actual cultic functioning of the psalms, both early and late, has been lost or obscured. It is evident that factors other than stated worship have had a part in the shaping of the Book of Psalms. In a measure, they reflect a tendency toward private "devotional" use ... Nowadays it is judged that many of the psalms, while scarcely written by David, are preexilic, and that, among the many postexilic psalms, probably all of them were composed before Maccabean times.

(Gottwald 1985: 525-526)

Psalms 9 en 10 maak deurgaans gebruik van persoonlike taal (veral in die eerste persoon enkelvoud) en inhoud. Die vyand word nêrens pertinent by die naam genoem nie, verder is daar geen eksplisiete verwysing na enige vyandige volk nie. Die Sionsteologic speel ‘n onbeduidende rol in die betrokke psalms. Daar is slegs ‘n kursoriese verwysing na Sion in Psalm 9: 12 in terme van die plek van JHWH se regspraak. Dit blyk uit bogenoemde dat daar baie meer rede is om te aanvaar dat ons in Psalms 9 en 10 met ‘n individu en sy persoonlike omstandighede te make het.

As ons die hipotese aanvaar dat hier ‘n individu aan die woord is met ‘n eksistensiële persoonlike krisis, dan word die volgende feite belangrik vir ons verstaan van die digter se agtergrond. Gottwald (1985: 63) stel tereg dat “... close to 90% of the populace always lived in small towns and villages.” As in ag geneem word dat bykans 97% van die agrariese gemeenskap in die Grieks-Romeinse periode “ongeletterd” was (cf. Van Aarde 1994: 90 en Lenski, Nolan & Lenski 1995: 185), dan kan geredelik aanvaar word dat die digter/s geletterd was en dus onder die top 3% van die sosiale stratifikasie sou tel en na alle waarskynlikheid redelike blootstelling aan die lewe van die groter stede sou gehad het. Gegewe die feit dat taal- en skryfvaardigheid bygedra het tot die status en eer van ‘n persoon, moes die betrokke digter hoë aansien in die samelewing geniet het. Uit die voorafgaande studie is dit duidelik dat die sosiale kernwaardes van eer en skande ‘n beslissende rol in hierdie vroom digter se posisie in die gemeenskap moes speel.

Teen bogenoemde agtergrond lyk verskeie moontlikeerde betreffende die identiteit van die vyand haalbaar te wees: die vyand is beslis sterker en het ‘n groter sosiale magsbasis as die digter. Dit kon slegs bekom word deur groter ekonomiese of politieke mag. Hierdie wanbalans in mag veroorsaak ‘n polemiese konstruksie en dit word in stand gehou deur die vyand se ideologie – ‘n ideologie waarin daar nie plek vir God is nie. ‘Unchallenged power’ word die enigste legitieme mag en huis dit noodsaak die digter om homself op ‘n hoër mag te beroep, naamlik God. Die gedig word ‘n poging van die regverdigte om God weer in hierdie realiteit terug te bring en die balans te herstel. Gebed is daarom by uitstek in hierdie sin ‘n politieke handeling.

HOOFSTUK 5

KONKLUSIE (Sintese)

In hierdie studie is gepoog om aan die hand van 'n komplementêre eksegetiese benadering relasies binne die teks bloot te lê. Die vertrekpunt was vanaf die literêre, en nie 'n diakroniese ondersoek nie, wat die voordeel ingehou het dat die teks self aan die woord gekom het. Hierdie navorsing het aangetoon dat daar te veel kere in die verlede gebou was op spekulasies oor die *Sitz-im-Leben* en dat dit die resultaat van ondersoek dramaties beïnvloed het. Nadat 'n verantwoordbare eksegese gedoen is, kon daar wel enkele opmerkings oor 'n moontlike *Sitz-im-Leben* gemaak word.

Dit het duidelik geword dat die woordveld 'JHWH', 'regverdige' en 'vyand' 'n driehoek konstrueer – insigte wat ook al deur Westermann in 1964 poneer is. Daar is egter nooit gevra wat die funksie van die vyand in hierdie driehoeksverhouding was nie. Hierdie navorsing het die hipotese bevestig dat dit nie hier soseer om die identiteit van die vyand gaan nie, maar eerder om die funksie wat dié vervul in terme van die regverdige se verhouding ten opsigte van JHWH en van sy gemeenskap. In hierdie driehoeksverhouding het dit nie om 'n ewigsverhouding gegaan nie, maar was die vyand 'n middel tot 'n doel om veral die regverdige se posisie te verstewig. JHWH is die enigste een wat by magte is om die regverdige se posisie te verander. Hy is die enigste een wat weer die speelveld gelyk kan maak.

Insigte vanuit die semantiek en die sosiologie het hierdie gevolgtrekking bevestig. Die sinergie tussen verskillende dissiplines het die moontlikheid ontsluit om verdere dimensies aan hierdie driehoeksverhouding toe te voeg.

Die semantiese ondersoek het aangetoon dat die woordveld 'vyand' 'n ideologiese domein vorm. Belangrike gevolgtrekkings waartoe gekom is, is dat allerlei strategieë aangewend word om digotomies-ideologiese kategorisering teweeg te bring. Deur ouer – en heterostereotipering is 'n polariteit bewerkstellig tussen JHWH en die vyand, en die regverdige en die vyand. Die digter skets homself as getrou aan JHWH en soek sodoende gemeenskaplikheid (*a claim for common ground*) met JHWH. Hy plaas verder woorde in die vyand se mond en skets hom deur benoeming en negatiewe handelinge in die mees negatiewe lig moontlik. Daar is gevolglik 'n skerp dissosiasie met die vyand. Deur hierdie strategie bewerk hy ook 'n simpatie by sy hoorders, sy nabye gemeenskap.

Daar is duidelike nuanses in die terminologie wat vir die vyand gebruik word. In Psalm 9 is daar 'n groter klem op die nasies en die vyand en in Psalm 10 speel die goddelose 'n prominente rol. Aan die ander kant funksioneer die woordveld 'vyand' ook as 'n kollektiewe eenheid teenoor die regverdige. 'n Duidelike oorvleueling kom voor ten opsigte van die terme wat gebruik word. Dit word veral benadruk deur die gebruik van sinonieme en sintetiese parallelismes waarin verskillende terme saam voorkom. Dit sou gevaaerlik wees om 'n te eng beskouing oor die onderskeie groepe te hê. Klem moet eerder op die retoriiese strategie gelê word wat die digter aanwend om hierdie groepe in 'n negatiewe lig te stel en sodoende sy gehoor/JHWH aan sy kant te kry, met die gevolg dat sy eie posisie verbeter.

Een van die belangrikste insigte wat uit die sosiologie kom is dat geen teks in 'n vakuum funksioneer nie. In Psalms 9 en 10 het ons duidelik met 'n gebed te doen. Die regverdige het houvas op sy lewe verloor en sy gebed word die strategie om weer sin in sy omstandighede te maak. Gebed was bedoel om in die digter se tyd gehoor te word deur omstanders.

Die vooronderstelling by verskeie kommentatore dat die teks vanuit die sosiale realiteit tot aansyn kom, is nie heeltemal bevredigend nie. By implikasie sou die regverdige dan maar sy lot aanvaar het en met die minste spanning met sy verwrone werklikheid probeer saamleef het. Duidelik is dit nie die geval in Psalms 9 en 10 nie (sien hier veral Psalm 9 stanza V en Psalm 10 stanza III). Aan die een kant dra die teks die stem en funksie van die sosiale realiteit waarin dit gebed is, en aan die ander kant is dit ook 'n teenstem teen die konvensionele en die ideologies-gemanipuleerde realiteit²². Die teks breek dus deur die huidige sosiale ervaring en poog om 'n nuwe realiteit te skep. Die realiteit is ook 'n funksie en 'n gevolg van die teks. Dit is dus nie net die omstandighede/konteks wat die teks bepaal nie, maar die teks, in dié geval 'n gebed, kan huis dien om die omstandighede te omvorm en te bepaal.

²² Sien in dié verband Jeismann, K-E 1985. *Geschichte als Horizont der Gegenwart*. Schöningh: Paderborn. Jeismann beredeneer hierin breedvoerig dat tekste (veral geskiedkundige tekste) drie vername funksies het, te wete 'n *identitätsstiftende Funktion*, *Legitimierungsfunktion* en *Orientierungsfunktion*. Met die oog op die transformerende mag en werking van stories en gedigte skryf Engelbert:

Occasionally this amputation of history, coupled with rigid censorship, was successful in colonizing the imagination ... against the powerful ideologies imposing themselves in the isthmus, the ancient strategies of the embattled storyteller – parable and allegory, parody and satire, fable and fantastic tale – were in colonial times, as now, invaluable arms in the struggle to ransom the abducted past, to delineate and to denounce a repressive present.

Engelbert (1988: viii-ix)

Die twee psalms is ‘n politieke daad, ‘n stem van hoop wat begrond is in die wete dat JHWH die derde party in alle sosiale verhoudinge is. Hierdie geloofsbelidens skep ‘n nuwe sosiale moontlikheid wat nie bestaan het voor of buite hierdie belydenis nie. Deur die konfronterende en herskeppende retoriek van die regverdige word die dominerende ideologie van die vyand negeer of soos Brueggemann (1991: 4) dit stel: “to commit an act of social nullification of the enemy” en word dit vervang met bevrydende imperatiewe wat JHWH in aksie bring²³.

Die sosiale kernwaardes van eer en skande speel ‘n baie belangrike rol binne die driehoeksverhouding van Psalms 9 en 10. JHWH se eer is op die spel. Binne die verbondsverhouding waarin die regverdige lojaal aan JHWH is, het JHWH die verantwoordelikheid om die regverdige te verlos van sy krisis en sy sosiale status te versterk. Die regverdige bid daarom dat JHWH die vyand tot skande sal maak. Sodoende verkry JHWH groter eer en word die verbond verder bevestig.

In Psalms 9 en 10 vervul die vyand ‘n noodsaaklike en noodwendige funksie deurdat die regverdige homself plaas teenoor die vyand om só sy posisie en identiteit in die samelewing te verdiskontereer.

²³ Sien die gebruik van die imperatiewe in Psalm 9: 12 (2 maal), 14 (2 maal), 20, 21 en Psalm 10: 12 (2 maal), 15.



Addendum A Alliterasie en assonansie

Psalm 9

לְמִנְגָּד עַל מִתְהָלֶל לְבֵן מִזְמֹרְלָדָד:

I	A	1	3	אָרוֹהָ יְהוָה בְּכָל־לֶבִי	2	a	
		2		אָסְפָּרָה בְּלִנְפָל אֲסָרָךְ:	b		
		2	3	אֲשָׁמָמָה וְאֲצָלָמָה כָּךְ	3	a	
		3		אֲזָמָרָה שְׁמָךְ עַל יְהוָה:	b		
II	B	3	2	בְּשׁוֹבֵד־אָוִיבִי אָחֹור	4	a	
		3		יְכָלָלָה וַיַּאֲבֹדוּ מִפְנִיקָה:	b		
C	4	3		כִּירְעָשָׂית מִשְׁפָטִי וְרִנִּי	5	a	
		4		יְשַׁבְּתָה לְכָפָא שׁוֹפֵט צָדָקָה:	b		
		5	4	גָּעוּרָה גּוֹיִם אֶבְדָּה רְשָׁעָה:	6	a	
		4		שְׁמָם מִחִימָה לְעוֹלָם וְעַד:	b		
D	6	4		הָאוֹבֵד פְּמוֹת חַרְבּוֹת לְנִצְחָה	7	a	
		5		וְעָרִים נְתַשְּׁתָּה אָבָד וְכָרְם הַמִּתְהָה:	b		
III	E	7	3	וַיְהִי לְעוֹלָם יִשְׁבַּב	8	a	
		3		פָּנוּן לְמִשְׁפָט כְּסָאוֹה:	b		
		8	3	וְהָוָה יִשְׁפְּט־הַבָּל בְּצָדָקָה	9	a	
		3		נְדִין לְאַמִּים בְּמִישָׁרִים:	b		
F	9	4		וַיְהִי יְהוָה מִשְׁגָּב לְדָרְךָ	10	a	
		3		מִשְׁגָּב לְעֲתָהָה בְּאָרֶהָ:	b		
		10	4	וַיְבִטְחָה כָּךְ יוֹדֵעַ שְׁמָךְ	11	a	
		4		כִּי לֹא־עֲזָבָת דָּרְשִׁין יְהוָה:	b		
G	11	4		גָּמָרוּ לְיִהְוֹה יִשְׁבַּב צִוְּוֹן	12	a	
		3		הַגִּידו בְּעַמִּים עַל־לִילּוּחָיו:	b		
		12	4	כִּידְרֹשׁ דָּמִים אֶוֹתָם זָכָר	13	a	
		3		לֹא־שְׁכַח צְדָקָת עֲנִים	b		
IV	H	13	5	תְּנִגְנִי יְהוָה רָאָה עֲתִיכִי מִשְׁנָאִי	14	a	
		3		מְרוֹקָמִי מִשְׁעָרִי מִותָּה:	b		
		14	3	לְמַעַן אָסְפָּרָה בְּלִנְפָל טִיבָּה	15	a	
		4		בְּשֻׁעָרִי בְּתַחְצִין אֲגִילָה בִּישְׁוֹמָךְ:	b		



I	15	4	טָבַע גּוֹיִם בְּשֻׁתָּה עַשְׂרֵה	16	a	
		4	בְּרַשְׁתָּה־זֶה טָמֵן נַלְקָדָה בְּגַלְמָה:	b		
16	4		נוֹרָע יְהוָה מִשְׁפָּט עֲשָׂה	17	a	
	4		בְּמַעַל כְּפִיר נַוְקֵשׁ רְשָׁעָה	b		
			תְּגִיוֹן סָלָה:			
J	17	3	יְשִׁיבוּ רְשָׁעִים לְשָׁאָלָה	18	a	
		3	כָּל־גּוֹיִם שָׁכְחִי אֱלֹהִים:	b		
18	5		כִּי לֹא לְצָחַת יִשְׁבַּח אָבִיוֹן	19	a	
	4		תְּקֻנות עֲנֵנִים תָּאָבֶד לְעֵד:	b		
V K	19	4	קוֹמָה יְהוָה אֱלֹהֵינוּ אָנוֹרֶשׁ	20	a	
		3	יִשְׁפְטוּ גּוֹיִם עַל־פְּנֵיכֶם:	b		
L	20	4	שִׁיחָה יְהוָה מוֹרֶה לְקָם	21	a	
	4		יְרַעֵי גּוֹיִם אָנוֹרֶשׁ הַמֶּה	b		
			סְלָה:			

Psalm 10

I	A	1	לְמֹה יְהוָה פָּעַמְד בְּכָחֹק	1	a	
		3	תְּעִילִים לְעֲתֹות בְּאַרְהָה:	b		
II	B	2	בְּגָאוֹת רְשָׁעָה יַדְלֵךְ עֲנֵי	2	a	
		4	יִתְּפַשֵּׁשׁ בְּמִזְמוֹת וְזָהָבָה:	b		
		3	כִּי־הַלְל רְשָׁע עַל־חָאוֹת נַפְשׁוֹ	3	a	
		4	וּבְצִיעַ בְּרַךְ נָאָז יְהוָה:	b		
C		4	רְשָׁע כְּנֵבָה אָפֹן בְּלִידָרֶשׁ	4	a	
		3	אוֹן אֱלֹהִים כָּל־מִזְמֹחָיו:	b		
		5	יְחִילוּ דְּרָכָיו בְּכָל־עֵת	5	a	
		3	מְרוֹם מִשְׁפָּטֵיךְ מְגַנְדוֹ	b		
		3	כָּל־צָוְרָךְ יְפִיח בְּהָם:	c		
D		6	אָמֵר בְּלָבוֹ בְּל־אַפְוֹת	6	a	
		4	לֹדֶר וֹדֶר אָשֵׁר לְאַבְרָעָה:	b		
		7	אָלָה פִּיהוּ מֶלֶא וּמְרֻמּוֹת וְתַּחַת	7	a	
		4	פְּתַח לְשׁוֹנוֹ עַמְל וְאָנוֹן:	b		
E	8	3	יָשַׁב בְּמַאֲכָב חֲצָרִים	8	a	
		3	בְּמַסְתָּרִים יַחֲרֹג נָקִי	b		

				עִנְיוֹ לְחַלְכָה יָצְפָנוּ:	c
9	4		9	יְאָרֶב בְּמִסְתֵּר כְּאַרְיוֹה בְּסֶכֶת	a
	3			יְאָרֶב לְחַטֹּף עֲנֵי	b
	4			נִחְטָפִי עֲנֵי קְמַשְׁכוּ בְּרַשְׂתָוּ:	c
F	10	2	10	וְרֹכֶה יְשֻׁעָה	a
		3		וְגַפֵּל בְּעַצְוּמִיו חַלְפָאִים	b
G	11	4	11	אָמֵר בְּלִבּוֹ שְׁכָחْ אֶל	a
		4		הַסְתִּיר פְּנֵיו בְּלִרְאָה לְנַצְחָה:	b
III H	12	3	12	קַוְמָה יְהֻנָּה אֶל	a
		2		נְשָׂא יְדָךְ	b
		2		אַל־תַּשְׁכַּח עֲנָנִים	c
I	13	4	13	עַל־מָה נָאַז רְשֻׁעָה אֱלֹהִים	a
		4		אָמֵר בְּלִבּוֹ לֹא תַּرְדוּ:	b
J	14	4	14	רְאֵתָה כִּי־אָתָה עַמְלָל וְכָעַם	a
		3		סְבִיט לְחַת בְּנֵרֶךְ	b
	15	3	15	עַלְךָ יְצֹוב חַלְכָה	a
		4		יְתּוֹם אָפָה קִינִּישׁ עֹזֶר:	b
K	16	4	16	שָׁבֵר זָרוּעַ רְשֻׁעָה וְרָע	a
		3		תְּדוֹרֶשֶׁר שָׁעָן בְּלִתְמָצָא:	b
L	17	4	17	יְהֻנָּה מֶלֶךְ עָלָם וְעָד	a
		3		אָבְדוּ גּוֹיִם מַאֲרַצּוֹ:	b
M	18	4	18	חָאוֹת עֲנָנוּמִים שְׁמַעַת יְהֻנָּה	a
		4		סְכִין לְפָم פְּקַשֵּׁב אָוְגָה:	b
19	3		19	לְשִׁפְט יְתּוֹם גְּדָךְ	a
		3		בְּלִי־וּסִיף עֹזֶר לְעַרְצָה:	b
	2			אָנוֹשׁ מְנַהְּגָה:	c

Addendum B

Akrostikon en eenheid

1. Inleiding

Alhoewel hierdie studie nie daarop toegespits is om die akrostiese aard van die psalms te ondersoek nie, sou hierdie studie nie volledig wees as die resultate hiervan nie ook 'n beskeie bydrae kon lewer tot hierdie debat nie. Verder het die vraagstuk relevansie ten opsigte van die verhouding van die twee psalms.

2. Teksgetuijies in die *Biblia Hebraica Stuttgartensia*

Die akrostiese aard van die Psalms is nie voor die hand liggend nie. By die eerste lees van hierdie psalms kan daar nie 'n ander gevolgtrekking wees as dat die 'oorspronklike' teks baie swak behou gebly het nie (cf. Kuntz 1975: 107). Psalm 9 volg die akrostiese(?) rangskikking van die Hebreeuse letters נ ב ג ה י ז ט ו כ. Opmerklik is die uitsluiting van die letter ת. Baie pogings word aangewend om hierdie verlies(?) te verklaar. Een interessante hipoteese is die verwysing na 'n ontdekking van 'n ostrakon deur Aryeh Bornstein in 1974 waar dieselfde volgorde gevind word as dié van Psalm 9 (cf. Kochavi 1977: 1-13). Psalm 10 begin met ה gevvolg deur ו ע ק ר ש. Hierdie volgorde is nie deurgaans opeenvolgend nie en die res van die akrostiese rangskikking ontbreek. Die eerste grootskaalse poging om die teks as 'n akrostikon te verklaar en te rekonstrueer kom eers voor by die teksversorger Bartke soos dit neerslag gevind het in die *Biblia Hebraica Stuttgartensia*.

3. Hantering van die teks by kommentare

Daar is nie 'n sterk onderskeid tussen teks-, literêre - en redaksiekritiek by die meeste kommentatore van Psalms 9 en 10 nie. Die meeste sien egter wel die betrokke psalms as 'n gebroke akrostikon wat vroeër deel van 'n eenheid was. Die argumente wat Craigie (1983) ter wille van 'n akrostiese rangskikking en die eenheid aanvoer, kan as redelik tipies van die meeste argumente gesien word:

The principal problem pertaining to Pss 9 and 10 concerns whether they should be treated as a unity, namely a single acrostic psalm, or whether they should be treated as separate and independent psalms. As they stand in most Hebrew manuscripts, they are two psalms,

and the impression of two distinct psalms is initially reinforced by the contents: Ps 9 appears to be an *individual hymn*, whereas Ps 10 appears to be an *individual* (or perhaps communal) *lament*. On the other hand, there are a number of reasons for supposing that the psalms originally comprised a single literary unit.

- (a) There is an acrostic pattern (partially obscured), which begins in Ps 9 and concludes in Ps 10.
- (b) Certain versions treat the two psalms as a single literary unit (e.g. the Septuagint and Vulgate), as do some Hebrew manuscripts (De-Rossi, IV, 4).
- (c) Ps 10 lacks a title, which is unusual in Book I of the Psalter and may indicate that Ps 10 originally belonged with Ps 9.
- (d) The psalms share a variety of distinctive words and expressions of which the following are only a sample: (i) “times of trouble” (9:10 and 10:1); (ii) the “afflicted” (9:13, 19; 10:2, 9, 17); (iii) “man” (בָּشָׂר); 9:20 and 10:18); (iv) the “oppressed” (9:20 and 10:18); (v) the common use of the rare relative pronoun *וְ* (9:16 and 10:2).

Craigie (1983: 45)

W R Taylor (1989: 53-54) wys ter ondersteuning van hierdie argument op die voorkoms van die woord *Sela* aan die einde van Psalm 9 wat op geen ander plek in die Psalmboek aan die einde van 'n psalm voorkom nie. Volgens hom dui dit daarop dat die konklusie van die psalm nog nie gerealiseer het nie. Hy wys ook op die groot ooreenkoms van woorde en temas tussen die twee psalms. Briggs (1969) redeneer dat die twee psalms oorspronklik een was, en dat dit later twee psalms geword het ter wille van liturgiese gebruik.

4. Argumente teen die akrostiese lees van die teks

Die meeste argumente teen die eenheid en dikwels ook teen die akrostiese lees van die teks is die inhoudelike wending van Psalm 9 na 10. Psalm 9 eindig met 'n triomf oor die vyand, waar Psalm 10 begin met 'n uitroep van nood omdat die verlossing van die goddelose nie wil realiseer nie. Psalm 9 het 'n himniese karakter teenoor die klaaglied van Psalm 10. Ridderbos (1962: 126-127) wys op die onreëlmatighede by die akrostiese rangskikking en indien vir 'n akrostiese rangskikking gekies word, moet 'n mens aanvaar dat dit “hopeloos corrupt” is. Hy argumenteer dat die laaste vier letters van die alfabet in Psalm 10 tog nie genoegsame bewyse vir 'n akrostikon kan wees nie. Die gebruik van die woord *Sela* kom nou wel meestal binne 'n psalm voor, maar daar is wel uitsonderings soos Psalm 3: 9 en 24: 10. Die verlies aan 'n opschrift kom ook voor by Psalms 1, 2 en 33. Die 'ek' speel 'n belangrike funksie in Psalm 9 waar dit in Psalm 10 ontbreek. Alhoewel daar 'n groot persentasie

van woorde is wat in die twee psalms oorvleuel, is daar tog ook 'n groot persentasie wat nie oorvleuel nie. In Psalm 10 word die negatiewe partikel **לֹא** vyf keer gebruik (vers 4, 6, 11, 15 en 18) teenoor geen in Psalm 9 (sien ook in dié verband Holladay 1993: 27). Samevoeging is voorts ook makliker verklaarbaar as verdeling. Gewoonlik word die beginsel dan gevolg dat die moeiliker opsie waarskynlik die meer korrekte is.

5. Eenheid

Behalwe vir 'n aantal van die Hebreeuse manuskripte, hanteer ook die Peshitta en die Targoem hierdie psalms as twee afsonderlike psalms. Die groot gewig wat aan die eenheid verleen word deur kommentatore op grond van die formaat in die Septuagint (teenoor die Hebreeuse manuskripte) kan problematies wees. Veral as die volgende opmerkings van Deist (1988) in aanmerking geneem word:

... the Greek texts to a large extent reflect pre- and often non-Massoretic textual traditions and come from a world that did not exactly coincide with the world from which the Masoretic texts evolved, one has to be very careful in “correcting” the Massoretic tradition on the basis of Greek readings. Often one has to accept varying readings (occurring in a Greek and the Massoretic text) as equally important witnesses to the Old Testament, that is, we often have to acknowledge the fact that “the Old Testament” is not one text, but a variety of textual traditions, of which the Massoretic text is but one.

(Deist 1988: 171)

Würthwein (1979: 63-64) maan teen 'n oorverenvoudiging van die ontstaan van die Septuagint. Hy wys op die verskillende uitgangspunte en verskeidenheid van aksente in die Septuagint en op die godsdienstige agtergrond wat die vertaalproses beïnvloed het. Eers wanneer hierdie faktore verdiskonter word, word die Septuagint 'n handige instrument vir tekskritiek. Tov (1992: 136-137) gaan van die standpunt uit dat die oorspronklike vorm van die Septuagint, saam met die Tora, in die derde eeu vC ontstaan het. Die Profete en Heilige Geskrifte (waarvan die psalms deel is) het na die Tora ontstaan, na alle waarskynlikheid voor of tydens die begin van die tweede eeu vC. Die ontstaan en evolusie van die MT het 'n onbekende begin gehad wat eindig by die vernietiging van die tweede tempel. Die MT was onder andere gebaseer op die getuienis van Qumrantekste - middel derde eeu vC tot 68 nC.

Kortom kan gesê word dat die Septuagint 'n baie belangrike teksgetuie is, maar beslis omsigtig gebruik moet word wanneer radikale tekswysigings gemaak word. Uit bogenoemde is dit duidelik dat

daar 'n groter gewig lê op die Hebreeusc as op die Griekse teks en dat dit nie sonder meer geïgnoreer kan word nie. In hierdie studie val die klem op die Hebreeuse teks soos vervat in die *Biblia Hebraica Stuttgartensia*. In hierdie teks word die betrokke psalms as twee afsonderlike eenhede aangebied. Alhoewel daar nie eenstemmigheid in die oorleweringsproses oor die eenheid van die twee psalms is nie, lê die swaarste gewig van die teksgesluities tog téén die eenheid. Van die mees belangrike Hebreeuse manuskripte by name die Kodeks Aleppo en die Kodeks Leningradensis hanteer die psalms as twee afsonderlike psalms.

6. Slot

Ten spyte van die omvattende pogings in die verlede om die inhoud van die psalms met die beweerde akrostiese rangskikking te versoen (cf. onder andere Kittel 1922: 77, Van der Ploeg 1971: 73-76 en Briggs 1969: 68, 71), blyk dit geforseerd te wees en is daar geen teksgesluities vir 'n akrostikon nie. Hiermee word nie beweer dat die teks nooit 'n akrostiese aard gehad het nie.

Dic bepalende vraag is steeds hoe spesifieker die redaksionele proses bepaalbaar is, en op watter diakroniese vlak die teks gelees sal word. Omdat hierdie proses so moeilik bepaalbaar is en vanweë die gebrek aan meer besonderhede, kan die vertrekpunt in hierdie onderzoek slegs die teks voorhande wees. Daar is baie woordclikse, tematiese en moontlik akrostiese raakpunte tussen Psalms 9 en 10, so is daar ook gewigtige verskille wat verraden moet word. Beide psalms sou in eie reg 'n afgeronde en selfstandige eenheid kon vorm. Wanneer die akrostikon gevorm was, indien enigsins, bly dus 'n open vraag. Hierdie verleenheid maak daarom juis 'n literêre en semantiese waardering van die teks voorhande soveel meer noodsaaklik.

Bibliografie

- Alter, R 1985. *The art of biblical poetry*. New York: Basic Books.
- Balla, E 1912. Das Ich der Psalmen. *FRLANT*, 16.
- Birkeland, H 1955. *The Evildoers in the Book of Psalms*. Oslo: Kommisjon Hos Jacob Dybwad.
- Botha, P J 1986. Die teologiese funksie van die Torah-woordveld in die driehoeksverhouding Jahwe-Vrome-Vyand in Psalm 119. DD Tesis, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Botha, P J 1992. The function of the polarity between the pious and the enemies in Psalm 119. *Old Testament Essays* 5/2, 252-263.
- Botterweck, G J & Ringgren H 1978. *Teologisches Wörterbuch zum Alten Testament*. Stuttgart: Kohlhammer.
- Bowen, M 1989. *Family Therapy in Clinical Practice*. New York: Aronson.
- Briggs, C A 1969. *Psalms, vol I*. Edinburgh: T & T Clark. (ICC.)
- Brueggemann, W 1991. Psalms 9-10: A Counter to Conventional Social Reality, in Jobling, D, Day, P L & Sheppard, G T (eds), *The Bible and the Politics of Exegesis. Essays in Honour of Norman K. Gottwald on His Sixty-Fifth Birthday*, 3-16. Cleveland: Pilgrim Press.
- Burger, J A 1987. Die Psalms, in Burden, J J & Prinsloo, W S (eds), *Tweegeesk met God. Die literatuur van die Ou Testament. Deel 3*, 9-40. Kaapstad: Tafelberg.
- Carstens, A 1996. Verregse Afrikaanse weekblaaie - 'n kritis-linguistiese perspektief. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 14 (3), 65-75.
- Christensen, D L 1992. Artikel s v 'Nations' in Freedman, D N (ed). *The Anchor Bible Dictionary*, 1037-1048. New York: Doubleday.
- Coetzee, J H 1997. Putting words into the enemy's mouth: the investigation of a rhetorical persuasion strategy in Psalm 9/10. *Ekklesiastikos Pharos* 79/1, 1-15.

- Craigie, P C 1983. *Psalms 1-50*. Texas: Word Books. (Word Biblical Commentary.)
- Croft, S J L 1987. *The identity of the individual in the Psalms*. Sheffield: JSOT Press.
- Davidson, R 1998. The vitality of worship: a commentary on the book of Psalms. Edinburgh: Handsel Press.
- De Saussure, F 1916. *Course in general linguistics*. Londen: Peter Owen.
- De Stadler, L G 1989. *Afrikaanse Semantiek*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.
- Deist, F 1973. Ou Testamentiese ekscogesc en algemene literatuurwetenskap. *NGTT* 14/1, 75-81.
- 1988. *Witnesses to the Old Testament: introducing Old Testament textual criticism*. Pretoria: NG Kerkboekhandel
- Delekat, L 1967. *Asylie und Schutzorakel am Zionheiligtum: Eine Untersuchung zu den privaten Feindpsalmen*. Leiden: Brill.
- Duhm, B 1922. Kurzer Handkommentar zum Alten Testament XIV ed. K Marti. Tübingen: Mohr.
- Eaton, J H 1979. The Psalms and Israelite Worship, in Anderson, G W (ed), *Tradition and Interpretation*, 238-273. Oxford: Clarendon.
- Engelbert, J A 1988. Four Walls Eight Windows, in Santos, R (ed.), *And We Sold the Rain*, ix-xxiii. New York: Seven Stories Press.
- Exell, J S 1954. *Psalms*. Grand Rapids: Baker Books Michigan. (Biblical Illustrator.)
- Fohrer, G, Hofmann, H W, Huber, F, Markert, L, & Wanke, G 1979. *Exegese des Alten Testaments: Einführung in die Methodik*. Dritte durchgesehene Aufl. Heidelberg: Quelle & Meyer.
- Fowler, R, Hodge, B, Kress, G, Trrew, T 1979. *Language and control*. London: Routledge.
- Fowler, R 1991. *Language in the news*. London: Routledge.

- Gottwald, NK 1983. Sociological Method in the Study of Ancient Israel, in Gottwald, N K (ed), *The Bible and Liberation. Political and Social Hermeneutics*, 26-37. New York: Orbis Books.
- 1985. *The Hebrew Bible. A Socio-Literary Introduction*. Philadelphia: Fortress.
- Gräbe, I 1984. Kommunikasiemiddelle in die poësie. *SAVAL Kongresreferate IV*, 137-171.
- 1985. *Algemene literatuurwetenskap: Studiegids 2 vir ALW100-E (Inleiding tot die problematiek van die genreleer)*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Gunkel, H & Begrich, J 1985. *Einleitung in die Psalmen: Die Gattungen der religiösen Lyrik Israels*. Göttingen: Vandenhoeck und Ruprecht.
- Gunkel, H 1986. *Die Psalmen*. 6 Auflage. Göttingen: Vandenhoeck und Ruprecht.
- Hayes, J H 1979. *An Introduction to Old Testament Study*. Nashville: Abingdon. Oxford: Clarendon.
- Henry, M 1973. Matthew Henry's Commentary. London: Marshall, Morgan Scott.
- Holladay, W L 1993. *The Psalms through three hundred years: prayerbook of a cloud of witnesses*. Minneapolis: Fortress Press.
- Hossfeld, F-L & Zenger, E 1993. *Die Psalmen 1 – 50*. Würzburg: Echter. (NEB.AT.)
- Jeismann, K-E 1985. *Geschichte als Horizont der Gegenwart*. Schöningh: Paderborn.
- Jenni, E 1976. Artikel s v פִּנְדַּ “Feind” in Jenni, E & Westermann, C. *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament*, 118-122. Band I. München: Kaiser.
- Kautzsch, E 1990. *Gesenius' Hebrew Grammar*. Oxford: Clarendon.
- Kittel, R 1922. *Die Psalmen*. E Sellin. Leipzig: Scholl. (KAT.)
- Kochavi, M 1977. An ostracaon of the period of the Judges from Izbet Sartah. *Tel Aviv* 4, 1-13.
- Köster, F 1837. *Die Psalmen nach ihren strophischen Anordnung übersetzt*. Königsberg.

- Kuntz, J K 1975. Supplication and reflection in “time of trouble”: A form-critical investigation of Psalm 9-10. *Society of Biblical Literature* volume 1, 107-137.
- Lakoff, G 1987. *Women, fire and dangerous things*. Chicago: University of Chicago Press.
- Lenski, G E, Nolan, P & Lenski, J 1995. *Human societies: an introduction to macrosociology*. New York: McGraw-Hill.
- Lewis, I M 1976. *Social Anthropology in Perspective: The Relevance of Social Anthropology*. New York: Penguin.
- Louw, J P & Nida, E A (cds) 1989. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains*. Volume 1. Goodwood: National Book Printers.
- Malina, B J 1981. *The New Testament world. Insights from cultural anthropology*. Atlanta: John Knox.
- 1983. The Social Sciences and Biblical Interpretation, in Gottwald, N K (ed), *The Bible and Liberation. Political and Social Hermeneutics*, 11-25. New York: Orbis Books.
- Mays, J L 1985. *Psalms*. San Francisco: Harper & Row Publishers. (Hapers Bible Commentary.)
- 1994. *Psalms*. Louisville: John Knox Press. (Interpretation.)
- Mowinckel, S 1966. *Psalmenstudien*. Amsterdam: Schippers.
- Olyan, S M 1996. Honor, shame and covenant relations in Ancient Israel and its environment. *JBL* 115(2), 201-218.
- Pilch, J J & Malina, B J (eds.) 1998. *Handbook of Biblical social values*. Peabody: Hendrickson Publishers.
- Porzig, W 1934. Wesenshafte Bedeutungsbeziehungen. *Beiträge zur deutschen Sprache und Literatur* 58, 70-97.
- Puukko, A F 1950. Der Feind in den alt. Psalmen. *OTS* 8, 47-65.

- Rosenbaum, S N 1974. The concept ‘Antagonist’ in Hebrew psalmography: a semantic field study. DD Tesis, Universiteit van Brandels, Brandels.
- Ridderbos, N H 1962. *Psalm 1-41*. Kampen: Kok. (KVHS.)
- Sanders, J A 1976. Artikel s v “*Enemy*” in Buttrick, G A et al (eds). *The interpreter’s dictionary of the Bible*, 101. Nashville: Abingdon.
- Sawyer, J F A 1972. *Semantics in biblical research. New methods of defining Hebrew words for salvation*. London: SCM.
- Sheppard, GT 1991. “Enemies” and the Politics of Prayer in the Book of Psalms, in Jobling, D, Day, P L & Sheppard, G T (eds), *The Bible and the Politics of Exegesis. Essays in Honour of Norman K. Gottwald on His Sixty-Fifth Birthday*, 61-82. Cleveland: Pilgrim Press.
- Sperber, A 1959. *The Bible in Aramaic based on old manuscripts and printed texts*. Volume IV. Leiden: EJ Brill.
- Taylor, J R 1989. *Linguistic categorization: Prototypes in linguistic theory*. Oxford: Clarendon.
- Taylor, W R 1989. *Psalms*. Nashville: Abingdon Press. (IB.)
- Tov, E 1992. *Textual criticism of the Hebrew Bible*. Minneapolis: Fortress.
- Trier, J 1934. Das sprachliche Feld. Eine Auseinandersetzung. *Neue Jahrbücher für Wissenschaft und Jugendlbildung* 10, 428-449.
- Ullmann, S 1964. *Semantics. an introduction to the science of meaning*. Oxford: Basil Blackwell.
- Van Aarde, AG 1994. *Kultuurhistoriese agtergrond van die Nuwe Testament: Die eerste-eeuse Mediterreense sosiale konteks*. Pretoria: Kital.
- Van der Lugt, P 1980. Strofische structuren in de Bijbels-Hebreeuwse poëzie. DD Tesis, Theologische Academie, Kampen.

Van der Meer, W & De Moor, J C 1988. *The structural analysis of biblical and Canaanite poetry*. Sheffield: JSOT Press. (JSOT.S 74.)

Van der Ploeg, J P M 1971. *Psalmen I (Psalm 1-44)*. Roermond: Romen & Zonen. (BOT.)

Van Uchelen, N A 1971. *Psalmen I*. Callenbach: Nijkerk. (POT.)

Watson, W G E 1986. *Classical Hebrew poetry. A guide to its techniques*. Sheffield: JSOT Press. (JSOT.S 26.)

Weiser, A 1979. *Die Psalmen I*. Göttingen: Vandenhoeck. (ATD.)

Westermann, C 1964. *Forschung am Alten Testament*. München: Kaiser.

Widengren, G 1936. *The Accadian and Hebrew Psalms of lamentation as religious documents: A comparative study*. Uppsala: Thule.

Würthwein, E 1979. *The text of the Old Testament*. London: SCM.